Briewe van YHVH

Sarah se Briewe Joernaal

- Jubilee -

Sounding of the awakening blast of the horn

deur Sarah

©Kopiereg 2012- Alle regte voorbehou. Hierdie joernaal mag herproduseer, gekopieër en versprei word met dien verstande dat die joernaal in sy gehele oorspronklike vorm bly met geen toevoegings of weglatings nie.

Alle Skrif verwysings is uit die AFR53 1933/1953 vertaling.

Bridal Harvest ministries
Posbus 577
Onrus rivier
7201

Vir bestellings besoek asb ons aanlyn winkel op **www.bridalharvest.com**

E-pos : **bridalharvest@gmail.com**

Om hierdie joernaal saam met my te volg besoek my webtuiste: **www.bridalharvest.com** om die opvolgende boodskappe van God en meer te lees! Jy kan ook jou harde kopie bestel en ‘n gratis PDF aflaai vanaf die webtuiste.
(Vergewe my asseblief indien alles nie grammaties korrek is nie. God het gesê dat ek nie my kop daaroor moet breek nie en om net die boodskap uit te kry; so ek vertrou julle sal dit oorsien.)

BY DIE DEUR: 15 NOVEMBER 2012

“My dag is naby en daar is baie dinge wat eers in plek moet val, maar dit is naby – My wederkoms- ai, EK IS so opgewonde. Wat My so na aan die hart lê is dat jy by My sal wees as deel van My Bruid!

Ek word meer en meer ontsteld, want My volk rebeleer teen My. Hulle is blind, hulle harte is gevul met trots en hulle wil nie oopmaak nie. EK klop, EK klop so hard dat Ek amper die deur afbreek maar sommige is so hard besig om partytjie te hou dat hulle My nie eers hoor nie. My Koninkryk staan by die deur en wil aan jou behoort; EK wil joune wees, maar jy maak nie oop nie! EK IS liefde, EK wil liefde gee vir jou en liefde ontvang – dis al!

Maak asseblief oop, want verwoesting en oordeel kom as EK nie in jou is nie. As jy nie My Bloed op die deure van jou hart het, deur van My Verbondsbeker te drink, deur belydenis en deur die aanwend van My Bloed nie, sal oordeel en verwoesting oor jou kom.

So hier staan EK uit liefde by jou deur en klop; EK wil hê jy moet veilig wees, en veiligheid kom net van My! Maak oop, asseblief, want die tyd is naby. EK gaan ophou om aan jou deur te klop en by die Jode klop, dan sal dit te laat wees, nie omdat EK jou sal verwerp nie – EK sal jou nooit verwerp nie – maar te laat om te ontvang wat EK in die eerste plek vir jou wou gee. Diegene wat waarlik op My roep reageer het, sal dit ontvang, want EK is hulle eerste liefde en hulle is My eerste vrugte.

Gaan gee die boodskappe by die deure af; hopelik maak hulle oop. As hulle vir jou (met die boodskap wat van My af kom) oopmaak, sal EK daar wees, hulle sal oopmaak vir My en EK sal inkom en rus vind!”

_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____

LUISTER: 19 NOVEMBER 2012

STRONG'S CONCORDANCE DEFINISIE:

Om die ore te tuit, gehoor te gee, aandag te gee, gehoorsaam te wees, aan die spreker se lippe te hang, baie aandagtig te wees, 'n opdrag uit te voer, nader te bring en te onderskei !

VERKLARING: Die probleem is nie om God se stem te hoor nie, dit is dat ons nie weet hoe om waarlik te luister nie!

My vraag aan Yeshua was: Hoe luister ons opreg?

Hy het dadelik geantwoord:

"Ek weet van elkeen se begeerte om My stem te hoor. Luister met die toestand van jou hart! Dit is die tye wat jy stil is, oplettend en leeg is om te ontvang. Luister en onderskeiding gaan hand aan hand. Die feit is dat EK al gepraat het en al baie gesê het dat daar 7 vlakke van diep, diep, diep wysheid in My Woord versteek is. Jy weet, soms sal EK nie praat nie, omdat My stem in My Woord vasgevang is en EK wil hê dat jy dit daar moet soek. My Woord sal altyd die nommer een manier wees hoe EK met jou praat.

EK sê dat My Woord 'n onderskeier is : *Hebreeus 4:12"... "Die Woord van God is lewend en kragtig. Dit is skerper as enige swaard met dubbele snykante en dit dring deur selfs tot die skeiding van siel en gees en van gewrigte en murg. Dit beoordeel die bedoelings en gedagtes van die hart."*

"Nou weet jy dat luister en onderskeiding saamwerk. Dus wanneer jy tyd in My Woord spandeer, gee aandag aan wat EK sê en voer dit aktief uit. Dit sal van jou 'n beoordelaar maak sodat jy in staat sal wees om My so stil, sagte, amper fluisterende stem in jou gees te hoor. Jy luister deur te onderskei, jy onderskei deur skerp te wees, jy

word skerp deur tyd in My Woord te spandeer. Die posisie vir luister, is wag, dít wat jou in staat sal stel om te hoor, is om leeg te wees.

Hierdie is BELANGRIK: Wat ookal binne jou is sal jy hoor! Dit is dieselfde as dit waarna jy kyk, sal jy sien. So wat binne jou is, of beter gesê, waarbinne jy is – die vlees of die gees – dít sal jy hoor. Wanneer jy tyd spandeer met My, met My Woord, val die saad en wanneer jy stil word en wag en luister om te hoor...wat jy sal hoor is die saad wat opkom. Wat dit beteken is dat jy My Stem met jou sal hoor praat, want My Stem is in jou. Wanneer daar meer saad van die vlees binne jou is, sal jy stil word en wag, maar dan sal jy die aanhoudende, afleidende vleeslike gedagtes hoor. As jy aan die vleeslike dinge aandag gee sal dit groei en prominent wees en dit sal defnitief in beheer wees van jou liggaam. Maar as jy aandag aan jou gees gee, sal dít in beheer kom en jy sal My klein, stil stem in jou gees gedagtes hoor.

Jy voed die vlees, deur in te gee aan die vleeslike lus, deur 'n sielslewe te leef, gelei deur die verstand, wil en emosies..."

Jakobus 1:14-15... Maar 'n mens word verlei deur sy eie begeertes wat hom aanlok en saamsleep. Daarna, as die begeertes bevrug geword het, bring dit die sonde voort; en as die sonde ryp geword het, loop dit uit op die dood.

En jy voer jou gees en laat dit toe om in beheer te wees deur oplettend My Woord toe te pas.

Jakobus 1:21... Daarom moet julle al die sedelike vuilheid en ongeregtighied opruim wat so welig tier, en ootmoedig die Woord aanneem wat God in julle geplant het, want dié Woord kan julle red.

"EK sê weereens: Wat binne jou is sal groei; wat binne jou is sal jy hoor! Nou verstaan jy ook beter hoe die gemengde saad werk... My punt is dat jy meer tyd in My Woord moet deurbring; oplet na wat EK sê en dit gehoorsaam, want die vrug daarvan sal lediging van jou vleeslike hart wees, wat meer ingestel sal wees op My stem, omdat jy sal kan onderskei tussen siel en gees. Die probleem is nie dat EK nie met jou praat nie, die probleem is dat jy nie kan onderskei nie en dus kan jy My nie hoor nie."

Ek het 'n visioen gehad waar Yeshua en ek op 'n gedeelte van

‘n stuk grond gestaan het. Daar het rommel gestrooi gelê wat die grond heeltemal bedek het. Hy het Sy mond oopgemaak en Sy stem het saad geword. Hy het gepraat en die saad het op die grond geval. Hy vra my toe of ek dink die saad sal opkom en ek sê toe: “Nee”. Hy vra toe hoekom ek dink dit sal nie opkom nie, toe sê ek : “omdat dit nie geplant was nie”. Hy glimlag toe, want ek het reg verstaan. Die volgende oomblik het Hy ‘n swaard geneem en dit as ‘n graaf gebruik om ‘n gaatjie in die grond te maak. Toe Hy dit doen, was die rommel dadelik verwyder. Weer het Hy gepraat en hierdie keer het die saad in die gat geval. Hy het die swaard afwaarts gehou en water het daar uit gevloei, toe het Hy die saad natgemaak.

Hy verduidelik: “My stem kom en val op die grond van jou hart maar daar is soveel vleeslike gemors, EK praat maar jy hoor nie en die saad ontkiem nie omdat jy nie kan onderskei tussen jou siel en jou gees nie. Jy moet meer tyd in My Woord spandeer sodat jy kan onderskei, en in staat kan wees om die vleeslike dinge uit te sny todat net gees oorbly en die saad kan val en wortel skiet.

In die begin het julle vleeslike luste tussen ons gekom, dit is waar die vleeslike natuur gebore was. Ongehoorsaamheid kom altyd uit die vlees en gehoorsaamheid kom uit die gees. Hulle het nie geluister nie, dus was hulle nie gehoorsaam nie. Hoe meer jy My Woord gehoorsaam, hoe meer sal jy luister en hoe meer sal jy hoor! Dis belangrik om My stem te hoor, sodat jy gehoorsaam kan wees in wat ek van jou vra. Net so is dit vir die saad om ‘n klein vrugdraende boom te word... Laat gehoorsaamheid aan My Woord jou fokus wees en alles sal vir jou gegee word. Hoe meer gehoorsaam jy word, hoe meer duidelik sal jy My stem hoor!

Hoe minder daar is, hoe meer kan daar wees en hoe meer daar is hoe minder kan daar wees... Moet nooit sê dat jy nie My stem kan hoor asof EK nie met jou wil praat nie. Begeer om My stem duideliker te hoor, maar wees geduldig en luister omdat EK in baie verskillende maniere praat en verskillend met elke mens. Moenie voorgee dat een beter as die ander is nie, want selfs al hoor jy My nie op ‘n spesifieke manier praat nie, hoor jy My wel nou op hierdie manier. Begeer en soek na My sodat jy self ook sal begin om My stem te hoor in die manier wat EK kies om met jóú te praat!

Wysheid...

LIEFDE: 29 NOVEMBER 2012

Ek het wakker geword met Yeshua wat hierdie liedjie sing: " Jy is My geliefde, jy is My Bruid; om van jou te sing is My plesier; kom weg saam met My, My lief na ons tabernakel tyd; kom vat 'n slukkie, kom neem 'n bietjie. Ek wil My liefde oor jou uitstort, fluisterings van liefde en eggos van genade; kom en dans met My, My geliefde!"

"Kom, EK wil met jou praat oor liefde... Om in liefde te wandel beteken om jouself neer te lê... Liefde is sonder trots, liefde is goedhartig, liefde is vergewensgesind, liefde is nederig, liefde is vrygewig. Liefde is rein, liefde is alles. Liefde is waaroor alles gaan, maar as dit afgeskeep word en nie na omgesien word nie is dit misbruik en mishandel. Liefde is duur maar dit het so goedkoop geword. Liefde word nie versorg nie en is dus gebroke omdat dit nie rein gehou word nie. Liefde is nie 'n gevoel of 'n emosie nie, dis meer as dit. Liefde is lewend, dis passievol en dit gaan die menslike

verstand te bowe. Liefde is wie EK IS... Liefde is wat die aarde rond gemaak het, liefde is wat elke liggaam vorm, liefde is wat dit laat reën. Liefde is wat jou gered het, liefde luister wanneer jy bid; liefde vee jou sonde weg met belydenis. Liefde was vasgenael aan die kruis om te sterf, liefde was ‘n volheid, maar toe hulle dit slaan, deurboor, vasnael en kruisig - was liefde op die mensdom uitgestort.

Al wat liefde vra is om geliefd te wees... Dit is My liefde wat maak dat die aarde funksioneer soos dit moet. Sonde is haat teenoor liefde. Liefde kan nooit opraak nie, dit is onvoorwaardelik.

Daar is twee treine wat werk as een wet : My liefde vir jou en jou liefde vir My. My liefde is oorlaai met vergifnis, genade en barmhartigheid en ek stuur dit na jou, maar wanneer jy teen My sondig is dit haat teenoor liefde en die twee treine bots, en die botsing word oordeel genoem. Dit is ‘n wet, ‘n liefdeswet om gerespekteer en geëer te word in gehoorsaamheid!

Dus, wanneer EK sê liefde is wat die aarde laat funksioneer soos dit moet, behoort jy nie verbaas te wees as die wêreld in die treinbotsing van oordeel vasgevang word nie, want liefde vir My is min. Dit is net My Bruid wat werklik vir My lief is en EK sal haar red. Sy sal die oordeel ontsnap, want sy sal by My wees

SKEPPING: 1 Desember 2012

Ek het met my gesig plat op die bed gelê, en luister na die lied “I surrender” en dit was presies wat ek gedoen het. Myself verneder en oorgegee aan die Koning van die heelal! Terwyl ek so daar lê kon ek voel hoe my gees my liggaam verlaat. In die gees het ons , deur die dak en net al hoe hoër en hoër gegaan. Ek en Yeshua staan toe op een van die planete en kyk na die aarde... Dit was so mooi! Toe sê Hy: “Van alles wat EK gemaak het is hierdie My gunsteling”, terwyl Hy glimlag en met sy vinger na die aarde wys. “Julle het nog nie eers alles gesien nie, die heelal is baie groter as wat jy dink, en EK hou dit in die palm van My hand!” Ek het baie, baie sterre en planete gesien. Ons het ook verby die son gegaan en dit was so helder, dit het soos vuur gelyk! Yeshua het my na die maan gevat en ons het soveel pret gehad; Hy het my aan die hand gevat en ons het op die maan rond gespring en gelag, dit was so lekker! Hy het seker die gedagtes van my hart gehoor, want ek het gewonder - Yeshua, as alles wat ek nou beleef groter is as wat my verstand kan begryp, hoe is dit dan dat U, uit Wie se mond al hierdie dinge tot stand gekom het, wat alles geskep het, wat die begin is van alles... Hoe kan ek saam met U op die maan spring?? Dit was wat ek in my hart gewonder het en toe sê Hy, “EK wil jou bederf. Meer as wat jy dit geniet, geniet EK dit om tyd met jou te spandeer en om al hierdie dinge vir jou te wys.” Ons het aangehou rondspring en toe gaan ons weer nog hoër en hoër en hoër. Hy wys toe vir my die Heliks Nebula. Hoe kan mens dit eers beskryf?? Dit was werklik onbeskryfbaar en dit lyk soos ‘n oog! Ons het aangehou om hoër en hoër te gaan en ek kon nie meer die aarde sien nie. “Vandag vat EK jou verder as wat iemand ooit gesien het! Hierdie is My skepping en EK IS die Skepper, alles het nie net eenvoudig uit stof ontstaan nie, dit was beplan. Alles was beplan. Die hele skepping was in My hart gevorm en My mond het daaraan geboorte gegee, met net ‘n woord uit My mond het alles tot stand gekom! Die mens het nie eers ‘n idee, die vaagste benul nie!

Wat jy van My kan sien is baie beperk, EK IS ver bo wat jy kan dink of jou verbeel en geen woord, nie eers ‘groot’, ‘wonderbaarlik’, ‘asemrowend’ kan naastenby begin om My te beskryf nie! Daar is nie woorde in julle taal wat die kapasiteit het om gelykstaande te

wees met wat EK beteken of wat EK IS nie! EK IS onbeskryflik en onvoorwaardelik! EK IS, EK IS!

Die mens is so gering in My skepping, jy is amper niks en dan nie eers aan die boonste skaal van niks nie maar aan die laagste skaal ! Dis hoe klein jy is! Maar jy is My alles. Die Mens is My grootste begeerte en was perfek na My beeld gevorm. As jy maar net 'n idee kon hê van hoe EK voel oor elkeen wat EK gevorm het. Net soos My skepping vanuit My hart kom, so kom jy ook vanuit My hart en is geen een in die heelal hier per toeval nie. Jy is My grootste begeerte! Jy was beplan en gevorm, handgemaak en geskep. Jy bestaan in My perfekte wil...

Die ander dag het EK vir jou gesê dat dit My liefde is wat die wêreld laat draai. Jy weet, dis My liefde wat al die wette in plek hou...die wet van swaartekrag, die wet van draagweerstand...elke enkele wet word in plek gehou deur My liefde! Dis My liefde, My liefde, My liefde... Dis My liefde wat maak dat 'n eier uitbroei, wat 'n voël op die wind dra, My liefde wat maak dat die getye verander asook die branders vorm, My liefde wat maak dat die dag lig is en die nag donker, dit is My liefde wat alles bymekaar hou... DIT IS ALLES AS GEVOLG VAN MY LIEFDE!

As die mens maar net kon sien wat die lewe sou wees sonder My liefde... Daar sou niks wees nie!

Die aarde is soos 'n vrou, maar sy dra goddeloosheid en gee geboorte aan sonde. EK het die aarde gemaak om 'n vrugbare vrou te wees, om mense wat kies om My lief te hê, te huisves. In plaas daarvan het sy 'n hoer geword wat omgaan met valse gode. Van die begin af sou daar 'n einde wees, en die einde van hierdie tyd is hier, en dan let wel: EK sal 'n nuwe aarde skep en hierdie keer sal sy mooier as ooit tevore wees, rein en soos 'n maagd wat nooit weer deur sonde besmet sal word nie. Sy sal My Bruid wees! LET WEL, EK SAL ALLES NUUT MAAK!

EK het alles uit liefde gemaak... Onthou die twee strome van liefde – Myne vir jou en joune vir My... My liefde vir jou is rein genade, en jou liefde vir My is ware gehoorsaamheid. Gehoorsaamheid is hoe jy liefde aan My bewys! Waar ons liefde ontmoet is waar My Koninkryk gevestig word. EK het die aarde geskep vir My Koninkryk om gevestig te word.

Hoekom dink jy dat die liefde vir ‘n eggenoot die mees passievolle liefde is? Want dit is uit keuse! Tussen almal uit kies julle mekaar, net mekaar... Dit is wat EK wil hê en dit is hoekom EK die mens geskep het. EK is lief vir My engele en die aanbidders in die hemel maar hulle is in elkgeval lief vir My. EK wil ‘n Bruid hê wat My kies, wat haarself in gehoorsaamheid distansieer van die wêreld omdat sy My liefhet! Jou wil is die kragtigste en gevaarlikste besitting wat jy het. EK het dit vir jou gegee, maar ongelukkig kom dit nie terug na My toe nie. Laat EK verduidelik... Van die begin af was VERBOND My hart. Volgens My wet werk dit soos ‘n sirkel – alles gaan van My na jou en as jy in ‘n verbondsverhouding met My leef dan kom dit terug na My maar die mens se trots het hierdie kringloop verbreek. Trots is sonde teen liefde, want liefde is onbaatsugtig. EK het vir trots gesterf, maar die mens doen nie dieselfde nie. EK het jou gevra om jou kruis op te neem en dit beteken dat jy aan eie-ek moet sterf, maar die meeste van julle lê nie jul lewens af nie. Waar is die liefde vir My? Om My te aanvaar is nie liefde vir My nie; om ‘n Christen te wees is nie liefde vir My nie; om kerk toe te gaan en om te bid is nie liefde wat aan My bewys word nie, jy bewys net liefde aan My deur My te gehoorsaam! As jy My liefhet sal jy My gehoorsaam! Hier is die sleutels vir My Koninkryk: liefde, geloof, nederigheid, gehoorsaamheid, getrouheid, belydenis, heiligheid, reinheid... Hierdie is ‘n paar sleutels van My Koninkryk en hulle sal oopsluit wat binne in My hart is, die volkomenheid van wie EK IS!

EK roep jou vir ‘n afgesonderde lewe. Wie sal hoor? Wie sal luister? Wie sal gehoorsaam? Sonder jouself af vir My! Sonder jouself af van alles wat nie EK is nie; wees heilig, want EK IS heilig! EK het jou nie geskep om louwarm te wees nie, EK het jou nie eers op die aarde geplaas om ‘n Christen te wees nie. Jy sien, daar is baie ‘Christene’ deesdae, hulle bid en gaan kerk toe en hulle doen goeie werke en sê al die regte dinge soos ‘hallelujah’ en ‘amen’, maar hulle is louwarm. Jy is hier om My vlekkelose Bruid te word, dit is jou doel en dit is jou roeping en EK is oppad vir My Bruid, nie vir ‘n louwarm kerk nie. Want hulle sal EK uit My mond spuug!”

_____

_____

VLEES vs. GEES: 6 Desember 2012

“Laat EK jou ‘n bietjie vertel van wandel in die vlees teenoor wandel in die gees. Dit is uiters gevaarlik om in die vlees te wandel, meer as wat jy dink. Die hartseer ding is dat meeste van My mense nie eers weet wanneer hulle in die gees wandel of wanneer hulle in die vlees wandel nie.

Laat EK jou van ‘n paar maniere vertel hoe om te onderskei. Wat het vlees laat ontstaan? Die saad van eie-ek / trots. Die saad is in jou DNA en jy voed dit deur jou gedagtes; jy kan die vrug daarvan in jou houding, woorde en begeertes sien. Vlees kom altyd vanuit self, hoekom dink jy word dit ‘vlees’ genoem? Want dit is fisies... Die vlees werk altyd deur wêreldse dinge, die vlees is gefokus op fisiese stoflike dinge wat vir die hier en nou bevrediging kan verskaf. Waarmee hou jy jouself besig??? Jy is besig om dit te mis! Jy word afgelei deur die dinge van hierdie wêreld. Jy voer die vlees en gee toe aan vleeslike versoekings. Dit is wat EK vir jou probeer sê. Jy moet hierdie boodskap na My mense toe neem: Hou op om jouself

besig te hou met dinge wat net waarde het vir die hier en nou, want dit sal vergaan. Hou jouself in elke aspek van jou lewe – jou gedagtes, tyd, woorde, elke liewe detail – besig met dinge wat jou geestelike huis sal bou en nie jou vleeslike huis nie, want jou gees is ewig en jou vleeslike huis sal vergaan.

Jy bou 'n koninkryk deur die gedagtes wat jy kies om te dink, die woorde wat jy kies om te spreek, die dinge waaraan jy kies om tyd te spandeer, jou aandag op te fokus, en jy sal saai wat jy maai.

EK het een Koninkryk, EK het een weg. Daar is net een weg en EK sal My huis red. Leef en werk jy in My huis – die Koninkryk van die Gees of is jy 'n verlore seun? Sal jy huis toe kom? EK sê jou maar jy hoor My nie. Leef My Koninkryk op die aarde en nie die koninkryk van die wêreld nie. Wie sal hoor, wie sal luister, wie sal gehoorsaam, wie sal antwoord gee op My roep? Wie sal huis toe kom??

EK doen 'n beroep op al My mense wat so vermeng geword het met die vlees, die stoflike dinge van die wêreld. Huigelaars! Julle is nie gehoorsaam aan My nie. Jy kan nie die titel hê maar nie die werk doen nie, jy sal gebrand word deur My oordeel. Ek is ontsteld dat julle so blind is en mislei word!

Hoe bou jy jou geestelike huis? Gees is My Koninkryk; dit is wat dit beteken om in lyn te wees met My gees – om 'n Koninklike lewe te lei.

Laat Ek verduidelik... Dit begin altyd met saad. Jy benodig My saad en jy het My saad in jou gees, maar saad van sonde in jou siel. Jy moet die saad van sonde uit jou siel uit kry sodat jy dit met My saad kan vervang. Hoe kry jy dit reg? Jy moet afstand doen van alle vuilheid en oorstroming van die bose sodat jy die ingeplante woord met sagmoedigheid kan ontvang, wat in staat is om jou siel te red.

Dit begin met jou DNA, want die saad is in jou DNA; dit vorm jou natuur. Jy moet My toelaat om jou DNA te reinig want daar is dinge op jou DNA geskryf en hierdie dinge is die saad. Wanneer My Woord op jou DNA geskryf is, dan dra jy My saad en sal jy My natuur, houdings, woorde, begeertes en gedagtes wat in My wil is, hê. Jou DNA word gereinig deur belydenis van die spesifieke sonde-saad en dit is net moontlik deur My Bloed. Jy moet eers leeg word sodat jy herprogrammeer kan word. Dit is 'n proses van totale verandering en dit is nogal pynlik en daar is bitter min wat My toelaat om dit in

hulle te doen omdat hulle nie vrywilliglik kies om te doen wat dit vereis nie. Dit is net My Bruid. Bitter, bitter min van My mense stap waarlik op die smal pad waar jy aleenlik Myne is, waar jy in die gees wandel en My DNA besit.

Baie van julle dink dat EK julle verwerp as julle nie perfek is nie; julle dink dat julle nie goed genoeg is vir My as julle nie 'Bruid' is nie. Laat EK jou vertel, EK IS lief vir jou met 'n liefde wat groter is as wat jy kan verstaan, maar My mense het in die gemak van genade verval. Hier is dit lekker want dit maak jou perfek omdat dit 'n magdom van sonde dek. EK sê nou vir jou, jy is mislei; jy verstaan nie en as gevolg van hierdie misverstand sal jy vergaan as jy nie luister na wat EK sê nie! EK sal jou nooit verlaat en jou nooit in die steek laat nie maar My oordeel en verwoesting sal op die aarde vrygestel word, en as jy met die goddelose vermeng is sal dit op jou ook kom... Berei jouself voor!

Laat EK My genade aan jou verduidelik: MY GENADE IS MY BLOED! Bloed kom voor as jy sny, met ander woorde. Jy moet sny en dit beteken dat jy moet kies om weg te draai van jou sondige natuur en dit is wat belydenis is – verandering. Wanneer jy bely is My Bloed wat 'n magdom van sonde dek daar, wanneer jy dan bely, word jy deur My genade in My Bloed vergewe.

Dikwels as 'n arm man na jou toe kom om geld te bedel laat jy hom iets vir jou doen, sodat hy 'n idee van respek kry, en dit nie net as vanselfsprekend aanvaar nie? EK bedoel dit kan baie maklik word om 'n bedelaar te wees. Jy staan rond en doen heeldag niks behalwe om vir jouself jammer te voel en dan geld daarvoor te kry. My genade en My vergifnis word nie verdien nie, daar is niks wat jy kan DOEN om dit te verdien nie, MAAR... EK vra wel een klein dingetjie van jou, net een, en dit word nie gedoen deur werke of wet nie, maar uit liefde en gehoorsaamheid en hierdie ding wat EK van jou vra is dat jy BELY. Dit is al wat EK vra.

Baie mense leef onder vals genade. Net soos die bedelaar is My mense besig om My genade as vanselfsprekend te aanvaar. Hulle het geen eerbiedige respek, heilige vrees of 'n gevoel van desperaatheid meer vir My nie. My kruisiging het meer betekenis daaragter as wat jy kan dink; My kruisiging gaan oor die manier hoe EK wil hê jy moet leef. Dit is een van die redes hoekom EK in die vlees gekom

het, om vir jou te wys hoe jy veronderstel is om jou lewe te lei. Jy is veronderstel om aan self te sterf, nie meer vir eie-ek te leef nie, want jy is gekoop met 'n prys. Jy is nie jou eie nie so hoekom leef jy vir jouself?? Jy moet jouself neerlê, maar nou dra My mense die titel maar hulle doen nie die werk nie, want die prys is te hoog om te betaal – dit kos jou jou lewe, jouself. Dit het My ook Myself gekos; EK het My lewe afgestaan vir My Vader, vir Sy wil om deur My plaas te vind en jy word geroep om dieselfde te doen. Weereens sê EK vir jou dat jy nie moet sê dat hierdie uit werke en wet is nie, want dit is uit liefde en gehoorsaamheid. Jy sê: "Ons staan nie meer onder die wet nie", maar eintlik staan jy onder die wet van sonde en dood omdat jy nie bely nie. Jy is besig om te maai wat jy gesaai (gesondig) het as gevolg van afwesigheid van belydenis. EK het alles vir jou gedoen, nou moet jy net in lyn kom, maar nou staan en skree jy vanuit die buitenste baan en jy eis dit. Jy eis dinge wat al klaar joune is maar jy ontvang dit nie omdat jy nie bely nie.

Hoekom vertel EK jou al hierdie dinge? Dit is omdat: Genesing, verlossing, vryheid, geluk, sorg, seën en AL My beloftes joune is en dit is verniet, MAAR dit is IN MY, IN MY KONINKRYK. My mense ontvang nie wat EK belowe het nie, omdat hulle nie bely nie. Belydenis is wat jou die oorgang bied van vlees na gees! Jy is nie in staat om te ontvang wat EK wil gee nie, want wat EK wil gee is aan die binnekant en jy is besig om aan die buitekant te leef. My genade is nie minder nie, My genade is groter as wat jy kan begryp, maar weereens is dit nie net 'n saak van genade nie maar ook van gehoorsaamheid.

Hier sê My stem vir jou: Almal van julle wat aan die linkerkant van vals genade staan en almal wat aan die regterkant van wet en werke staan... Kom binne na die middel, nie links of regs nie, nie vals genade of die wet nie maar na die middelpunt van My hart, IN MY. Jy kom hier deur belydenis en hier wandel jy in gehoorsaamheid en laat EK jou vertel – hierdie smal pad in die middelpunt – hierdie reis se eindpunt is oorvloedige lewe in die volheid van My teenwoordigheid.

So kom uit die vlees, uit werke, uit die wet, uit passiwiteit, uit vals genade en kom in My in waar jy in die gees stap en in My Koninkryk leef. Jy sien, dit gaan alles oor My! EK IS die waarheid, EK IS die weg

en EK IS Lewe... Die enigste waarheid, die enigste weg en die enigste een Wie vir jou lewe kan gee. Meeste van My mense is óf te besig met werke óf hulle is passief en onkundig in hulle vals genade, en dít is hoekom jy die dinge van die gees waarna almal van julle so hunker misloop. KOM IN MY, DEUR BELYDENIS! Dit is wat dit beteken om in die gees te stap: Om My Koninkryk beginsels toe te pas...

_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____

2 KONINKRYKE: 9 Desember 2012

Ek het op ‘n klip in ons tuin in die son gesit en na aanbiddings musiek geluister. Ek het Yeshua sien rondstap in die tuin, en ek kon sien hoe lief Hy Sy skepping het, aan die manier hoe Hy vir die voëls en blomme en alles in die prag van die somerson kyk! Skielik het daar ‘n Leer vanuit die Hemel te voorskyn gekom en Yeshua het my opgetel. Daar was ‘n hele Koninkryk in die lug, dit het soos ‘n ander wêreld gelyk, soos iets wat jy in ‘n fliek sal sien. Hy sê toe: “Dit is

My koninkryk in die gees." Daar was huise en daar was 12 hekke in hierdie Koninkryk. Hy het die verskil tussen die vlees en die gees en in watter een mens wandel aan my verduidelik. Hy het gesê: "EK roep jou tot 'n hoër lewe! In watter koninkryk wandel jy, in die koninkryk van die vlees of die van die gees?

Die realm van die gees is My Koninkryk, en jy wandel in die gees deur gehoorsaamheid, bekering, geloof, nederigheid, reinheid, heiligheid... Jy is besig om óf 'n vleeslike huis te bou waar jy vir jouself skatte op hierdie aarde bymekaar maak, óf jy is besig om jou geestelike huis te bou wat ewig is. EK roep jou tot 'n hoër lewe. Dit is wat 'n oorwinnaar is, dit is diegene wat oorgaan van die vleeslike koninkryk na My Koninkryk, want in My Koninkryk styg jy uit bo die dinge en omstandighede van hierdie wêreld, In My! Styg hoër uit!" Yeshua het my toe gehelp om ander te help om die leer te klim na Sy geestelike Koninkryk...

MY BERG: 11 Desember 2012

Ek het ‘n droom gehad van ‘n berg en ons moes die kruin bereik. Die hele droom was net oor hoe ons besig was om te klim...

Nadat ek die droom neergeskryf het, het Yeshua begin praat...

“Laat EK jou van My Berg vertel... Oral in My Boek sal jy My Berg vind. Dit is My Koninkryk! EK roep My volk om hulle lewens neer te lê en om My berg te klim, want jy moet oorwin om die kruin te haal. OORWINNING is die sleutel... jy moet die dinge van hierdie wêreld oorwin en in My Koninkryk leef.

Op My Berg is daar ‘n oop hemel vir jou sodat jy van My kan ontvang en van daar is jy in staat om met My in eenheid oor alles in jou lewe te regeer. Jy begin hierdie reis met soveel vleeslike bagasie, maar wanneer jy die kruin bereik is dit net jy en EK. Jy sien, daar is nie plek vir al die goed wat jy saamdra nie want as jy die kruin wil bereik moet jy neerlê. My Seun het voor jou hierdie berg uitgeklim. Hy het die pad gelyk gemaak, jy kan nou net in Sy voetstappe volg! Die pad is baie smal en dit is nie vir jou moontlik om dit met bagasie te stap nie. Jy het niks nodig behalwe vir My nie! Kan EK jou stuur en lei, want EK ken die weg? EK weet van ‘n geheime rivier waarheen EK jou sal neem wanneer jy moeg is van jou reis saam met My. Alles wat jy nodig het vir die reis is binne die rivier! EK sal jou daarheen dra deur My liefde, en My genade sal jou onderhou, jy moet jouself net oorgee.”

Hy het vir my hierdie berg gewys en gesê daar is verskillende heinings op vir elkeen se reis... “Jy kan nie die kruin bereik sonder om deur hierdie heinings te gaan nie. Sommiges probeer om op hul eie die kruin te bereik, maar hulle ken nie die weg nie – al dink hulle so. Hulle kom by die heinings en probeer om deur te breek, maar hulle kry dit nie reg nie omdat hulle dit in hul eie krag probeer, in plaas van om gehoorsaam te wees. HIER IS EK! EK wag vir jou om na My toe te kom, EK is die enigste weg deur die heinings, EK is die enigste Een wat die hekke kan oopmaak. EK het die sleutels van My Koninkryk in My hand. Daar is spesifieke sleutels vir elke hek...”

Ek het na die berg gekyk en die heinings gesien. Dit was grensmure, struikelblokke, dinge wat keer dat ons hoër beweeg, dinge wat ons moet oorkom, en deurbreek, deur YHVH se

Koninkryksleutels te gebruik... Daar is nie ‘n ander manier nie. Hoe hoër jy opgaan, hoe meer moet jy geestelik sterk en volwasse wees, want hoe hoër jy gaan hoe moeiliker word dit.

“Baie van My volk neem ‘n onkundige besluit om by die voet van die berg te bly omdat dit maklik is om daar te bly, hulle is tevrede daarmee om net ‘n Christen te wees. As hulle maar net besef hoeveel meer daar in My verberg is. My hart loop oor met begeerte om vir My volk te wys wat alles verberg is in Wie EK IS, maar daar is sleutels, Mý sleutels wat jy sal moet gebruik om dit oop te sluit. Dit is die weg na binne. Jy kan nie net buite staan en sê dat jy wil hê wat binne is, maar jy beweeg nie deur na die binnekant nie.

EK wil Myself, die goedheid van Wie EK IS oor My volk uitgiet, maar daar is ‘n proses van reiniging en heiligmaking wat jou in staat stel om dit te ontvang. Sonder dít is dit nie moontlik nie...”

“Gaan lewer My boodskap af, want Ek roep dié wat gewillig is om op te kom na My heilige berg. Ek wil dié wat gewillig is hoër neem as wat hulle ooit voorheen was.”

KERSFEES: 16 Desember 2012

“Die tyd is vol, die tyd is naby, die tyd is op... EK het gewaarsku en gewaarsku en nou is dit tyd om te luister en jouself voor te berei, want ‘n verskriklike uur gaan die aarde oorval.

Sê vir My volk dat EK by die deur is. Sê vir hulle om hulle te bekeer en in verbond met My te tree. Verbond is ‘n verbondendenheid om jouself af te sonder vir My, om jouself vir My alleenlik te gee. Om My geliefde te wees soos wat EK jou geliefde is... Dan eers drink jy van My beker en nie van die beker waaruit die wêreld drink nie.

Laat EK jou vertel van iets wat EK verafsku – Kersfees! My volk het so vermeng geword. Kersfees is nie van My nie en dit is nie in My wil nie. EK wil nie hê dat jy versierings moet ophang nie, EK wil nie hê dat jy goed aan ‘n boom hang nie - Ék het aan ‘n boom gehang! EK wil nie hê julle moet vir mekaar geskenke koop nie. Hoekom vier julle My geboorte deur vir mekaar geskenke te gee, waar het EK vir julle gesê om dit te doen? Hoekom laat julle die kindertjies op santa se skoot sit, hoekom mislei julle hulle met vaderkersfees?!! Hoekom, julle huigelaars? Kom uit haar uit, My volk. Daar is net Een Vader Wie in Sy heerlikheid op Sy troon sit... Hy is die begin en die einde, EK IS!

Al wat Ek van jou verlang om te doen is om nagmaal te hou en te bely. Moenie met die wêreldse koninkryk vermeng word nie, dis nie My kalender nie en hulle doen nie dinge volgens My wil nie. Moenie versierings op hang nie, dis afskuwelik in My oë. As jy My - geboorte, Wie EK IS, dat EK in die vlees gebore was vanuit Maria se moederskoot - wil vier, neem ‘n stuk brood en drink van die vrug van die wingerd, maar moenie doen wat die wêreld doen nie, hulle is mislei. Kom sit liewer op My skoot en vertel vir My hoe dankbaar jy is.

Hoekom offer julle vir santa koekies en melk, waar is Mý offer waar EK wil hê dat jy uit liefde jou lewe vir My neerlê? EK wil ‘n lewende offer hê, ‘n heilige volk! Leer jou kinders om te bid, om dankbaar te wees, bring jou kinders vir My, leer hulle vanuit My Boek, leer hulle van My koninkryk beginsels; moet hulle nie leer van die tandemuis, vaderkersfees en die paashaas nie! Hoekom mislei jy hulle, bely en draai van jou bose weë! Laat die kindertjies na Mý toe kom!”

BELYDENIS DEUR MY BLOED:
19 Desember 2012

“Ek het in my hemelse taal gesing terwyl ek na ‘Nothing but the Blood’ geluister het, dit het my met soveel vreugde gevul dat ek dit nie kon terug hou nie, en dit het uit my mond geborrel. In my hart het ek my gewilligheid aan Hom verklaar om te gaan waar Hy my ook al stuur en om te praat oor wat Hy my ook al beveel. Ek is nie my eie nie, YHVH, ek is met ‘n prys gekoop. Dit was hoe my hart geklop het, met volle oorgawe. Ek het in die Troon Kamer ingegaan en voor YHVH se troon gestaan, daar was ‘n boek op die trappe voor Sy troon en die boek was oop. Yeshua het in die boek begin skryf en Sy Bloed het uit die pen gevloei terwyl Hy bo-oor dit wat reeds in die boek geskryf was, geskryf het. Die woorde wat in swart was het verander na dit wat Hy bo-oor in rooi geskryf het. Ek het verstaan

dat Hy besig was om my te leer van ons boek van die lewe, daardie boek is ons geskrewe DNA maar die sondige natuur is in swart daarop geskryf en omdat ons die saad van sonde in ons DNA het, leef ons vanuit goddeloosheid. Hy wil ons DNA oorskryf sodat ons Sy natuur kan hê. Hy sê toe dat Hy met ons wil praat oor belydenis en Sy Bloed, so ek het my joernaal oopgemaak en begin skryf wat Hy gesê het...

"My Bloed, EK wil met jou praat oor belydenis en My Bloed. Neem hierdie boodskap na My mense want hierdie boodskap is uiters krities!" Ek het 'n kruis gesien en Yeshua het gesê: "Kyk"... Ek het Hom daar sien hang met die doringkroon op Sy kop, Sy Bloed het uit Sy kop geloop daar waar die dorings in was en vanuit sy gewrigte en enkels waar die spykers in was. Hy moes verskriklike pyn en smart ervaar het. "EK was vasgenael, EK was deurboor, EK was vervolg en verwerp, EK was gehaat en vermoor as gevolg van My liefde. As EK nie gekies het om gekruisig te word en My lewe te gee nie, sou hulle My nie kon aanraak nie, wat nog te sê kruisig. Maar EK het gekies omdat EK My mense liefhet meer as wat woorde kan beskryf. By My kruis het EK alles verander... Jy verstaan nie eers nie... Laat EK verduidelik wat gebeur het toe EK gekies het om vir jou sonde te sterf. Die mens leef onder die wet van sonde en dood; dit beteken jy is ongehoorsaam en sondig teen My en dit bring straf, gebrek, siektes en dood – wat jy saai sal jy maai. Omdat die mens gekies het, het jy hierdie wet in plek gesit, maar EK het 'n ander wet in plek gesit, omdat EK ook gekies het – die wet van die gees van die Lewe. Jy sien, daar was EK – die God van Abraham, Isak en Jakob, die Skepper, die begin en die einde, EK IS, en daar was die mens wat na My beeld geskape is, ons was een. Die mens het in My Shekinah glorie geleef, in My teenwoordigheid, maar die mens was ongehoorsaam, daardeur is hy afgesny van My Heilige teenwoordigheid; dood in die gees maar lewend in die vlees.

Maar EK het My geliefde Seun gestuur om te sterf; Hy het die Lam geword wat geslag moes word, die perfekte offer vir sonde, Hy het jou Versoening geword, jou Advokaat, jou Verlossing, jou Verlosser! Hy het ons herenig, Hy het die Weg terug na My hart geword, na My heerlikheid, na My teenwoordigheid, na My heilige plek. Hy het die deur geword waar daar geen deur was nie, die Weg waar daar geen weg was nie.

Daar is 2 huise met 'n deur tussenin om van die een na die ander

te gaan. Deur in My te glo, deur My te bely, vir My te leef, maak jy hierdie deur oop, maar onthou dat jy nie in die geestelike huis is nie, jy is in die vleeslike huis. Selfs al is hierdie deur oop, selfs al glo jy in My, bely jy My en leef jy vir My is jy steeds in die verkeerde huis. Hoekom leef My volk in die huis aan die duskant kant (vleeshuis) van die deur en nie aan ander kant (Geeshuis) van die deur nie; hulle dink dat hierdie kant van die deur vir ná die dood is, maar dit is nie, dit is vir nou - so kom deur na hierdie kant. Nou weet jy dat daar 'n deur, 'n lewensweg is, EK IS! Tog mis jy steeds een belangrike deel. Daar is net een weg deur daardie deur, daar is net een weg om van die vleeslike huis na die geestelike huis te beweeg en dit is deur My Bloed, deur Belydenis! Dit is die enigste weg... Dis meer as net redding!

Onthou jy die Eksodus, onthou jy wat EK die mense gevra het om te doen? EK het hulle gevra om bloed op die deurkosyne te verf... Die deur is die plek van die verbond. EK vra jou om dieselfde te doen, wend My Bloed aan! Hoe wend jy My Bloed aan? Deur belydenis. My mense, belydenis is veel, veel, veel meer as om net jammer te sê... Belydenis is 'n houding van die hart, belydenis is die gewilligheid om uit liefde 'n verandering te maak, uit die besef dat jy uit goddeloosheid gehandel het; belydenis is om jouself te verneder en beskeie te wees oor die sonde wat afkomstig is van self / trots. Belydenis is versoening. Belydenis is soos gedaanteverwisseling, belydenis is oorgang, dis transformasie van die hart en die gedagtes. Belydenis is die afbreek van die altaar waar jy aan die koninkryk van duisternis geoffer het, belydenis is die brug vanaf rebellie na regverdigheid. Belydenis is die mees kragtigste ding wat jy kan doen, want dit raak My, dit vul My. Jy weet, EK kry ook honger, EK begeer belydenis, nederigheid, geloof, gehoorsaamheid, liefde en jy moet My voed. Jy voed óf My, óf jy voed jou demone – dis jou keuse. Belydenis is die afbreek van die vleeslike huis/koninkryk, en die bou van jou geestelike huis. Belydenis verwyder die opgegaarde gemors uit jou siel. Belydenis verwyder jou sonde wat in die boek van die lewe geskryf is. Belydenis breek die wet van sonde en dood.

Die huis van mens is as gevolg van sy sondige natuur swart geverf, maar EK is die vervaardiger van 'n merkwaardige produk wat deur een stap jou huis so wit soos sneeu kan maak. Hierdie produk is

belydenis, dit bestaan uit My Blood maar die aanwending word belydenis genoem. Dit is so maklik, dit is eintlik ‘n wonderwerk; niks kan daarmee vergelyk word nie en daar is niks wat dieselfde resultaat kan bring nie en EK gee dit verniet weg. EK het daarvoor betaal maar baie mense dink dit is nie belangrik nie, want hulle dink dat wanneer hulle die huis koop,wat julle aanvaarding noem, dan is die huis outomaties so wit soos sneeu net omdat jy dit so wil hê, maar dit is nie. Jy sien, daar is 2 huise op hierdie erf – EK leef in die een huis wat die Gees genoem word, maar jy leef in die ander huis wat die siel genoem word. Jy sien, EK is ‘n Koning, ‘n Koninglike en EK leef nie in gemors nie, so wanneer EK in die geestelike huis intrek versier EK dit met al My goed; Ek hermodelleer dit, want toe EK ingetrek het was dit donker want die gordyne was toe, maar EK het dit oopgemaak en nou is daar lig.

Die probleem is dat jy in jou siel huis leef en EK leef in jou geestelike huis. Ons is familie en ons kuier soms deur net bietjie te kommunikeer, want jy is besig, op Sondae gaan jy kerk toe en jy werk en jy doen goeie dinge, maar jy het nie veel tyd, nét vir My nie! Omdat jy so besig is met jou godsdienstige verpligtinge, werk ensovoorts raak jou siel huis vervalle en kort aandag. Jy sien, EK is ‘n Ryk Man, Ek besit die beste en omdat EK so ryk is, is daar eintlik te veel van My goed in die geestelike huis en EK sal graag vir jou daarvan wil gee sodat jy dit in jou geestelike huis kan sit, want op die oomblik deel ons ‘n erf en My geestelike huis lyk soos ‘n paleis, maar jou siel huis lyk soos ‘n vullishoop. EK wil jou help om dit te herskep, maar EK benodig jou samewerking, want jou aandag is nodig. EK kan nie net voortgaan sonder jou gewillgheid en sonder jou bewustelike keuse van onderdanigheid, sonder jou oorgawe en gehoorsaamheid nie.

Is jy gewillig? Want jy kan nie met hierdie dubbelhartigheid leef nie, jy kan nie vanuit jou siel leef nie, ons het werk om te doen in jou siel huis, sodat ons hierdie twee huise een groot huis kan maak waar My goed jou goed en jou goed My goed kan wees. Jy sien, baie van My mense dink dat hulle gered is en gee op, want ons leef op dieselfde erf maar eintlik is jy dubbelhartig omdat jy uit jou siel huis leef. As hierdie ‘n prentjie van jou lewe is, is jy nie veilig nie, maar daar is ‘n manier om dit te verander: DEUR BELYDENIS EN DIE

AANWENDING VAN MY BLOED!

Hoe bely jy? Jy erken, jy sê jammer en jy verander jou bose weë, verander jou hart, jou gedrag, jou gedagtes, jou houding en vervang dit met My karakter, My Woord, My gedagtes, My wil... MY!

Dankie. Gaan en verkondig die boodskap aan My mense...

YHVH"

AANBID IN DIE GEES EN IN WAARHEID: 24 Desember 2012

"Om My in die Gees en in Waarheid te aanbid is om jou liefde heeltemal oor My uit te stort, dit is nie leë woorde nie. Dit is 'n passie wat van jou hart af vloei en oor jou lippe uitborrel, vanwaar die engele dit na My troon dra en dit in lof voor My bring. Dit verhef My en verklaar wie EK IS! Dit verhoog My. Niks minder as aanbidding in Gees en Waarheid behaag My nie, alles anders is 'n tekortkoming. Baie van My volk het nie ware aanbidding in

hulle harte nie, hulle harte is eerder verhard deur godsdiens, en aanbidding kan nie deurdring nie.

My volk, julle het nodig om saam met My Gees te vloei, saam met My Gees te beweeg, saam te smelt met My Gees, te dans met My Gees... Laat Haar geur vloei, laat Haar doen wat Sy wil, want kérk hou My vloei terug, My Gees, julle verdruk en blokkeer My vloei as gevolg van julle stywe geeste. Julle is op banke vasgenael, julle sit net daar. EK kom na jou en vra jou om te dans, maar jy bly eerder sit, want jy wil in jou gemaksone bly en is te bang dat jy 'n gek van jouself maak. Jou trots blok My vloei, EK wil hê jy moet dans, dans, dans; 'n bietjie beweeg, met My vloei... My net liefhê en van jouself vergeet, van die mense rondom jou vergeet en binne My kom, met jou aanbidding My binnedring. Beweeg na die Heilige van Heiliges, tree My troon kamer binne deur jou aanbidding in Gees en in Waarheid.

Laat My Gees vloei en beweeg en bekend gemaak word, en die aanbidding in julle geeste aanwakker. Skud af die gees van godsdiens, die stywe gees. Word daarvan verlos en ontvang My sewevoudige Gees in oorvloed. Maak die hekke wat so styf toegehou word oop en laat jou aanbidding in Gees en Waarheid deurstroom; kom van buite deur die hekke na binne deur danse en gejubel en deur te spring van vreugde, want EK IS aanbidding werd! EK IS waardig!! Ontvang, ontvang!

Musiek is My hartklop. Aanbidding deur musiek is 'n Koninkryk sleutel, 'n weg na binne. Musiek kom van My, so laat dit na My terug sing; laat die ritme terugklop na My, die lied direk na My sing. Laat dit net MY aanbid, want musiek is aanbidding. Wanneer dit nie My musiek is nie, is dit nie My aanbidding nie, so wie is jy besig om te aanbid?

Laat My volk My in Gees en in Waarheid aanbid! Abba EK IS..."

_____

_____

_____

_____

_____

_____

VERWAGTING: 28 Desember 2012

“Verwagting... Sarah, laat EK jou vertel van verwagting. Verwagting is om iets wat gebore moet word te verwag, ‘n saad gesaai om te groei en vrugte te dra. Verwagting is ‘n proses van geloof en afwagting, ‘n stil versekering en ‘n geseënde hoop, ‘n geduldige proses van rypwording deur tyd. Jy kan nie sien wat jy verwag nie, maar jy kan die hoop voel, die geloof en die opgewondenheid wat groei binne jou terwyl jy dit voer en lewendig hou deur viering en meditasie van wat EK gesê het. Jy kan net die resultaat daarvan sien wanneer dit vervul word. Verwag Sarah, verwag deur te wag, dit te voed, te vier en te mediteer op wat EK gesê het, want dit sal die hoop lewendig hou en dit sal die vuur van geloof aan die brand hou... Verwag... Verwag My getrouheid!”

INGANG IN DIE JAAR 2013:
31 Desember 2012

Dit was 11:15 die aand en ek het op my bed met my joernaal gesit en in die agtergrond vanuit ons leef area kon ek hoor dat my ouers besig was om Skouspel te kyk. Buite kon ek hoor hoe die mense musiek speel en partytjie hou, maar binne was dit net ek en my Geliefde...

"Hierdie is die jaar van verandering," het Hy gesê. Ek het 'n skulp sien oopgaan en dit het 'n pienk pêrel binne in gehad, ek het ook 'n roos gesien en Yeshua sê toe: "EK sal My liefde op aarde uitstort soos nog nooit tevore nie, EK sien die behoefte vir liefde onder die mense en EK wil dit uitstort, maar sal jy dit ontvang?"

Ek het 'n ontploffing van lig oor die hele aarde gesien en dit was ontwaking! (Revival) "Hierdie jaar sal vol wonders en wonderwerke, helings en manifestaties van My heerlikheid wees. Net soos wat My Gees kragtiger sal word, sal misleiding onder mense ook versterk. Dus My volk – julle moet baie goed onderskeid tref. Omgord jouself met die gordel van Waarheid... My vegters moet hulself voorberei en My volle wapenrusting opneem, want dit is tyd vir oorlog. EK sê jou, die tyd kom nader! Berei julself voor, want daar is 'n verdrukking aan die kom. EK klop aan die deur, dit is die laaste uur en die laaste trompet sal binnekort blaas!

My volk, My volk!!! In hierdie tyd vier die wêreld die sogenaamde Nuwe Jaar volgens hulle kalender en soos hulle vier en partytjie hou, stroom die trane oor My wange, as hulle maar net kon sien. EK is so ontsteld. Die wêreld drink van die hoer se beker en EK weet hulle sal maai dit waaraan hulle deelname aan het. EK hou aan met waarsku maar hulle hou aan om te ignoreer en voort te gaan in hulle weë. Soos hulle met hul lippe 10, 9, 8, 7, 6.... aftel, moet jy met jou lippe uitroep vir belydenis; roep uit dat die nasies van mense van hierdie wêreld hulself sal verootmoedg en bid dat EK hulle land sal genees en dat hulle van hulle bose weë sal wegdraai! Bly liewer by MY as wat jy uitgaan en na die vuurwerke kyk; bly liewer hier by My in My teenwoordigheid. EK sê jou, hulle goddeloosheid en gebrek aan heiligheid sal in hul gesigte ontplof en hulle sal so jammer wees oor dit waarop hulle hulle tyd spandeer het. My volk is so erg bedrieg en mislei. Weet jy hoe baie van MY MENSE is besig om op hierdie einste

oomblik weg te partytjie, so dronk in hul aardsheid. EK draai my gesig weg (*net toe het die aftelling begin*) maar jy weet EK IS liefde en liefde kan nie help om maar weer te kyk, en weer te probeer dat My volk wakker word en opstaan nie.

My volk gaan in na wat julle die Nuwe Jaar noem. EK wil jou voorberei vir oorlog... want daar gaan 'n oorlog wees en daar gaan 'n huweliksfees wees. Kom My dienaars, want daar is werk wat gedoen moet word, kom My vegters, daar is 'n stryd om te wen, kom My geliefdes en hê My lief, kom en aanbid My in Gees en in Waarheid. Staan op en maak gereed, want EK IS oppad. Diegene wat ore het, laat hulle hoor wat EK sê!

EK IS aan die klop, laat My inkom, want EK wil jou red. Maak gou, maak gou; belei,belei, want EK wil jou loskoop en jou verlos, jou hervestig en jou met My herenig...EENHEID!! My volk het nodig om in eenheid met My Koninkryk te kom, EK IS Een Gees en Een Waarheid. Hoekom is daar soveel verdeeldheid onder My liggaam? Jy kan nie funksioneer soos jy moet as jy nie as een liggaam funksioneer nie. Vertoef by My, EK wil eenheid tussen My volk hê. Wanneer jy met My in eenheid is sal jy saamwerk in eenheid en in liefde...

Hierdie sal 'n jaar wees waar daar baie verwarring onder die mensdom sal wees as gevolg van gemengde boodskappe; wat is waar en wat is vals. EK sien baie van My mense rondhardloop met hande in die hare omdat hulle nie weet wat om te glo nie – oor my koms, oor die eind-tyd, oor die wegraping en oor baie dinge van My Koninkryk. My volk, moenie verward word nie, luister na My, kyk na My en jy sal die waarheid vind!

Daar is baie dinge in geheime gemeenskappe aan die gang, bose sameswerings en planne wat alles vanuit die gees van die anti-chris kom. Die tyd is aan die kom waar daardie boosheid intree en dit sal kom teen My volk wat My aanbid en vir My leef en My Naam dra, want hulle wil My verwyder vanuit 'hulle' mense, 'hulle' skole, 'hulle' kerke, 'hulle' stede, 'hulle' lande en 'hulle' lewens. Daar is baie mense wat My haat en vir satan werk om mense van My af weg te hou, want as hulle die mense in misleiding, aardsheid, geldgierigheid en in die wêreldse sisteem vasgevang kan hou, dan is dit die norm. Op die ou eind verwerp hulle My Naam en aanvaar die

naam van die dier, want My Naam is nêrens om hulle te vinde nie. Dit is as gevolg van ‘n gees van trots. EK praat van Amerika – hulle is korrup en baie dinge sal in Amerika gebeur, dit sal vererger en meer intens word todat daar niks oor is nie. Hulle hou aan probeer en planne maak om die gemors waarin hulle hulself bevind reg te stel, maar die gemors is in hul harte en wat in hul land aan die gang is is net die uitdrukking daarvan. Wat hulle moet doen is bely en na My draai, maar hulle wil nie. EK het vir My ‘n oorblyfsel van My Bruid wat in Amerika is, geskei en laat EK jou vertel, dis net ‘n paar, maar sy is Myne en EK SÁL haar veilig hou, maar vir die res: hulle het dit oor hulself gebring, ‘n Goddelose, selfgesentreerde, arrogante nasie. Moenie vir een oomblik dink dat EK nie onbegryplik lief vir hulle is nie... EK het Amerika vir baie groot dinge geroep, as Amerika maar net sal antwoord op My roep, maar nee, hulle het gekies om hulself te volg en omdat hulle hulself kies, kies hulle satan en ons almal weet dat trots van satan af kom. Die duister magte lê swaar oor Amerika, dit is My volk se verantwoordelikheid om te bid.”

Rusland... Ek het iets sien opstaan, dit was ‘n gees, en ek sien Yeshua wat dit op sy knieë bring, amper asof Hy sy bene breek. Dis benouend en donker. Ek hoor mense Russies praat en korrupsie word beplan. Hulle is besmet, want hulle dien vals gode... Ek het ‘n hewige, digte omhulsel soos ‘n skulp gesien – dit is hard en korrup en daar is een of ander sameswering, maar hulle bedek hulself. “MAAR EK het ‘n vuur begin en die vuur is aan die brand; daar is mense wat My liefhet en wat honger is vir My, maar daar is ook baie wat My nie liefhet nie en haat in hulle harte het, ‘n hardheid. Hulle het My liefde, medelye, vriendelikheid, sagmoedigheid nodig... Bid dat hulle ook ‘n salwing van My liefde ontvang wat die hardheid in hul harte sal breek. Heilige Gees is aan die werk en sal deur julle gebede bemagtig word. Bid vir hulle liefde wat koud is”.

China... Ek sien die draak en die mense onder dit; hulle is blind en kan nie sien nie. Toe staan Yeshua voor dit en haal die rooi lap van die draak wat oor hulle hang af, sodat hulle hulle gesigte kon oplig en Hom sien. Toe val hulle op hulle knieë voor Hom. “Daar is ‘n geveg in die gees oor China, tussen die koninkryk van die duisternis en My koninkryk. Daar is baie okkultiese praktyke, afgodery en die aanbidding van valse gode; hulle gee offers aan bose geeste en die

koninkryk van die duisternis teer op dit. Baie daarvan is uit tradisie en ‘n gebrek aan kennis en hulle weet nie wat hulle doen nie. Daar is magte wat oor hulle heers wat in plek gehou word deur die mense se doen en late. Daarom moet julle bid dat die gees van die draak, die gees van die duisternis gebreek sal word... daar is baie slanggeeste en watergeeste in China... Bely sodat My Koninkryk onder hulle kan kom sodat My wil in China sal geskied soos wat dit in die hemel geskied, want EK het ‘n plan...” Ek sien Yeshua Sy swaard trek en Hy beveg die prinsdomme en Hy kap hul koppe af, want Hy wil Sy mense vir hom terugkoop! Bely sodat die sonde van die voorvaders vergewe kan word, want dit hang oor China en die mense sal maai wat hulle gesaai het as daar nie belydenis kom nie!

“My volk, hierdie jaar roep EK uit vir gehoorsaamheid, radikale gehoorsaamheid vanuit liefde, gewillig om alles prys te gee om soos EK te wees! Word die spieëlbeeld van Wie EK IS. Ek IS roep almal wat sal luister en My sal toelaat om hulle te transformeer, maar jy moet gehoorsaam wees...”

ONDERSKEIDING: 7 Januarie 2013

Yeshua het my gewys hoe onderskeiding in die gees lyk. Dit was ‘n silwer stroom wat vanuit die Heilige Gees tot in Sy Bruid gevloei het. “My kerk is nie My Bruid nie en My Bruid is nie My kerk nie, daar is misleiding in die kerk, maar My Bruid dra My onderskeiding in haar gees. Weet jy waarin onderskeiding gegrond is, dit is in My geanker – die Gees van Waarheid! EK IS Die Waarheid en onderskeiding is soos ‘n tak vanuit die rivier van Wie EK IS – Waarheid waarsonder jy sal vergaan. My kerk, jy word bedrieg en mislei deur ‘n gees van misleiding wat van Baäl af kom; die koningin van die hemel – My Bruid – is so naby aan My, want sy aanbid My in Gees en in Waarheid en as gevolg daarvan is sy gevul van binne, gevul met My waarheid. Die waarheid is binne die onderskeiding en dit is solied en kan nie vermeng word nie... My volk, jy hoef net te vra, vra My net vir meer onderskeiding, dit is beskikbaar, strek net uit en ontvang. My kerk moet net wakker word en insien dat hulle in hul weë mislei en vermeng geword het. Kom uit haar uit, My Volk, loop in die Waarheid van Wie EK IS! Want die Gees van Waarheid sal jou lei, en onderskeiding sal jou vestig en jou in My waarheid hou. Só My kerk, sal jy My toelaat om jou bedrieëry omver te werp, of gaan jy bly vasklou aan godsdiens en wettiese dade? Laat wat jý glo die waarheid en die weg is, My waarheid en My weg wees!”

Toe sien ek ‘n kerk met die toring aan die kant... “Kyk net daarna, dis nie My huis nie, Die mense wat aan die binnekant is, is My mense, maar hulle aanbid nie in My huis nie, julle is in die verkeerde plek. My mense, My kerk is My mense, maar sy is nie My geliefde nie. Kom na My huis, daar waar waarheid leef, die waarheid van belydenis, die waarheid van Wie EK IS, die waarheid oor My Koninkryk, die waarheid oor My dood aan die kruis, en wat dit vir jou gedoen het...daar is My huis! Die mense in daardie kerk is onder die sluier van ‘goeie mense’, hulle bedoeling is opreg, maar hulle is mislei en omdat hulle so bedrieg is, verwerp hulle My ware Waarheid! Wanneer gaan julle begin om na My te luister en ophou om te luister na wat hulle van daar bo vir julle oor My vertel??” Toe sien ek Yeshua neem Sy Swaard en Hy kap die toring aan die kant van die kerk af. “My Swaard is My waarheid en EK sal My kerk met dit tref, selfs met jou woorde... Maar sal hulle luister, sal hulle daaruit kom en sal hulle

na My huis kom? Vir diegene wat gewillig en gehoorsaam is om dit te doen – jy kan ontvlug deur die deur genoem doop! Doop jouself sodat jy kan sterf van die vorige dinge en volg My!"

Toe sien ek die kerk begin skud en sidder en ek hoor YHVH met 'n harde stem wat soos donderweer klink vanuit die hemel praat... Dit is die stem van die Drie-enige God: Abba, Yeshua en Heilige Gees... die drie van hulle as Een... Abba se stem was soos donderweer; Yeshua se stem soos musiek en Heilige Gees is soos die wind, almal saamgesmelt in 'n stem wat roep: "DIS TYD OM UIT HAAR UIT TE KOM MY VOLK, DIS TYD OM OP TE HOU TYD MORS MET GOEIE WERKE EN AANGENAME WOORDE. DIT IS TYD VIR BELYDENIS EN GEHOORSAAMHEID, WANT EK KOM BINNEKORT BEREI JOUSELF VOOR, WANT EK KOM BINNEKORT... EK SAL BINNEKORT MY BRUID KOM HAAL!"

Toe het ek die Bruid gereed sien staan, vasgenael, ge-fokus, aangetrek en in liefde aan die wag vir haar Bruidegom – haar eerste liefde. Sy het 'n Swaard in haar hand en weer hoor ek 'n stem wat sê: "MAAK GEREED VIR OORLOG"... Sy het haar Swaard getrek en in die lug gehou en was weggevoer na die hemel waar ek haar deur die goue hekke sien in gaan na waar Messias vir haar gewag het. Hy het 'n rooi mantel om Hom gehad en 'n goue kroon op Sy kop... die Prins van Vrede! Hy het haar verwelkom , Sy het mense, heiliges van die Bybeltyd en familie ontmoet. Ek kon sien dat sy almal van hulle geken het en almal was vriendelik teenoor mekaar, maar hulle het nie veel aandag aan mekaar gegee nie. Almal wou net by die Messias wees. Hulle het gebrand van liefde en passie vir Hom. Dit was alles oor Hom en dit was mooi om te sien hoe almal in eenheid verkeer! Toe neem Hy haar hand en stap met haar na Abba waar Hy op Sy troon in Sy heerlikheid sit. Dit was die vernaamste dag sedert die skepping. Sy hartsbegeerte was vervul met die liefde van Sy Bruid! Yeshua het haar aan Abba voorgestel en Hulle was Een.

EK IS en die Bruid het een geword op 'n manier wat nuut en onbeskryflik was. Hy neem haar toe na die bruilofsfees! Dit was so pragtig en perfek, dit was waarvoor die hemel vir so lank gewag en voorberei het. Die tyd het uiteindelik aangebreek! Almal was mooi aangetrek, en die kos was waarlik iets uit 'n ander wêreld! Ek het lamsvleis en groente voorberei gesien soos ek dit nog nooit

vantevore gesien het nie, dit was nie soos ons kos nie, dit was amper asof dit seëninge was en dit was ‘n fees van geskenke en seëninge van YHVH! Daar was wit en goue engele in die vertrek – gerubs...hulle het lof aan YHVH gebring, so ook die Bruid en almal wat teenwoordig was. Almal was konstant besig om lof aan Hom te bring, onophoudelik! Die fees het vir 7 dae geduur; dansery, seëninge en feesvieringe op elke glorieryke item wat die Lam vir Sy Bruid voorberei het. HY het haar geskenke en goed gegee wat ek nie in staat is om te verduidelik nie,want dit is verhewe bo wat ons ken, dit is nuut! In daardie tyd is sy baie, baie dinge gewys en Hy het dinge aan haar bekend gemaak aangaande Sy Koninkryk; Hy het haar geleer en Sy Mag aan haar openbaar op ‘n manier wat sy Hom nog nie vantevore ervaar of geken het nie, want sy het tot dusver nog nie die kapasiteit gehad om dit te kon inneem nie... Alles was in voorbereiding vir dit wat aan die kom was – die volheid van YHVH se SHALOM, soos Hy ‘n nuwe aarde skep waar Sy Bruid met Hom sal regeer vir alle ewigheid...

TYE EN SEISOENE: 20 Januarie 2013

Yeshua het vir my ‘n nuwe horlosie gegee en gesê dat die een wat ek ontvang het (ek het in die werklikheid die vorige dag ‘n nuwe horlosie ontvang) profeties was van die een wat ek in die gees ontvang het. “Dit is My tye en seisoene, Ek sal aan jou dinge bekend maak aangaande die tye en seisoene. Jy moet dit VERKONDIG en dit uit jou mond laat kom sodat die tye en seisoene van die wêreld in lyn kan kom met die tye en seisoene van My Koninkryk

EK het ‘n Koninklike horlosie en die wêreld het ‘n horlosie... Weet jy wat EK sien wanneer EK na die tyd op julle horlosie kyk? EK sien onkunde en mense wat onafhanklik van My leef. EK sien mense hul tyd mors op dinge van hierdie wêreld, besig om hul eie vleeslike huise te bou. EK sien mense planne maak vir hul toekoms en aftrede, maar hulle raadpleeg My nie en vra My nie wat My plan vir hul toekoms is nie.

Julle leef volgens julle eie horlosie en jul eie geleende tyd. Julle word geroep om volgens My horlosie te leef, in lyn met My tye en seisoene...

Jy weet, as jy na my horlosie kyk sal jy sien dat tyd besig is om vinnig uit te loop, die horlosie gaan baie binnekort 12 slaan; dit is net nog een tik... As gevolg daarvan is die seisoen anders as wat dit ooit tevore was en as gevolg daarvan roep My hart uit vir mense om hulself voor te berei, want wanneer dit 12uur slaan en jy nie in lyn met My tyd is nie, sal jy dit mis, want jy sal nie op die regte plek wees nie – die plek waar My Bruid vir My, haar Bruidegom wag. Jy sal vas aan die slaap wees... Word wakker en staan op!! Kom in lyn met My tye en seisoene, leef volgens My horlosie, want dan sal jy gereed wees.

Laat EK jou van die seisoene vertel, My seisoene. Dit is die koms van die seisoen vir die rooi roos om ge-oes te word... Sy is My Bruid, sy het oopgemaak en sy floreer. EK wil net vir My mense sê, want julle hoor nie, en luister en verstaan nie die dringendheid nie. EK sal My Bruid vir My versamel, soos om al die blomme in ‘n blompot te sit en haar prag gee lof aan My, deur haar nederigheid is sy waardig... EK versoek jou om radikaal te wees, dit is die seisoen om te laat vaar!! Laat vaar die vorige dinge, laat vaar die dwase dinge van die wêreld, los en laat vaar die goddelose houdings van

julle harte; maak jou siel skoon en beweeg vorentoe, want dit is tyd om die beloofde land binne te gaan en die enigste manier om dit binne te gaan is as jy jouself neerlê en oor beweeg... Gaan oor van trots na ootmoed en nederigheid; gaan oor van godsdiens na wandel in die gees, gaan oor van Babilon en leef in My Koninkryk... Beweeg weg van die wêreldse horlosie en leef op die ritme van My tye, seisoene en feeste. Gehoorsaamheid is die sleutel, en om gehoorsaam te wees moet jy vasberade en toegewyd wees...

Vir jou om in lyn te kom met die komende seisoen – die oes van die rooi roos, My Vreugde, jy moet jouself voor My verneder. Draai weg van jou bose weë en bely; wees radikaal gehoorsaam en beweeg nader aan My, want in hierdie tyd kan jy nie louwarm wees nie!"

OORLOGSPERD: 21 Januarie 2013

Gisteraand het ons die fliek, "War Horse" gekyk en vanoggend toe Yeshua my wakker maak het ek in die tuin gaan sit...toe begin Hy praat...

"Vanoggend wil EK jou leer van oorlog... EK wil jou leer van jou oorlogsperd... Laat EK jou vertel van die 4 bene van die oorlogsperd. Dit is: oorgawe, onderdanigheid, gesag en vrymoedigheid. Oorlog is nodig, want jy is in 'n geveg teen bose geeste, die heersers van die duisternis van hierdie tyd. Jou oorlog is nie om die vyand te verslaan nie, EK het dit reeds gedoen. Jou oorlog is om staande te bly sonder om die vyand vatplek te gee, dit wil sê, hom 'n reg bied om jou te treiter. Jou oorlog is teen die goddeloosheid wat in hierdie wêreld rondswerf... Hou dit uit jou land.

Laat EK jou vertel van effektiewe oorlog... Baie van My mense word gereeld onkant gevang, hulle leef in onkunde aangaande die vyand en van die stryd teen hom en van die feit dat hy en sy saad (*sonde saad*), weggehou moet word. Moenie onkundig daaroor wees nie, want onkunde kan jou in die duisternis hou, onbewus van wat werklik geestelik aan die gang is. As jy My Bruid wil wees moet jy weet hoe om oorlog te voer, want My Bruid is 'n geestelike bruid en om in die gees te wandel beteken dat oorlogvoering deel van jou alledaagse lewe is.

Dit beteken nie dat jy op die vyand fokus of hom vatkans gee nie, dit beteken net dat jy nugter en op die uitkyk moet wees soos EK jou opdrag gegee het, want jy weet dat die vyand rondloop soos 'n brullende leeu opsoek na wie hy kan verslind. Te veel manifestasies en werke van die bose een het deel van die wêreld se "natuurlike", *(alledaags*) geword, bv siekte; Siekte is nie van My nie, dit is boosheid vanuit die hel. Siekte het 'n oorsprong, wat nie van My afkomstig is nie. Meeste siektes se oorsprong is van die hel! Hoekom leef jy met hel in jou en dan gebruik jy medisyne daarvoor?? Hou op in die koninkryk van die natuurlike te woon, want in die natuurlike koninkryk werk die medisyne vir jou liggaam en jou toestand verbeter.Dit verhoed jou dan egter om aandag te gee aan die werklike geestelike oorsaak vir jou siektetoestand en daardeur te werk.. EK IS DIE GENEESHEER! Maar as die Geneser word EK nie altyd met eerbiedige vrees en onderdanigheid geag onder die hande van die dokter nie. Dan verwag hulle van My om dinge op hulle manier te doen, baie

gevalle spoedig en onmiddelik... My mense, genesing deur My my wonde beteken nie altyd genesing deur ‘n wonderwerk as gevolg van die geskenk en salwing van die Heilige Gees nie.. Veel meer kere is die genesing wat jy nodig het ‘n proses, en proses beteken samewerking. Selfs al kan EK jou onmiddellik genees doen EK dit nie altyd nie, want om onmiddelik genees te word beteken dat jy nie meer moet sondig nie, want die straf van siekte spruit uit die sonde-saad. Jy moet wegdraai van jou bose weë... EK kyk na die hart, EK kyk altyd na die hart; die 2 dinge waarna EK kyk is: 1) Sal die eer aan My toekom? En 2) Het jy ‘n nederige, belydende hart? Die rede hoekom EK nie gedurig almal net onmiddelik gesondmaak nie is omdat EK jou beskerm. Genesing vereis ‘n belydende hart, gewillig en gehoorsaam om van die bose weg te draai. EK wil net hê My mense moet weet dat EK hulle van binne na buite wil genees, maar soms is belydenis noodsaaklik vir dit om plaas te vind. Jy weet, EK het alles vervul, maar jy moet My sleutels gebruik om dit oop te sluit, dan sal dit vir jou gebeur.

Oorlog is iets wat jy elke dag moet voer, want elke dag moet jy staan en elke dag moet jy My wapenrusting opneem daarvoor. Gebruik My wapens en luister na My leiding, moenie in jou eie krag teen die koninkryk van die duisternis veg nie, want jy sal faal. Dit is slegs moontlik deur My heerskappy...

Daarom My mense ry jou oorlogsperd. Gee oor en wees onderdanig aan My, weerstaan die duiwel met vrymoedigheid en gesag en hy sál van jou vlug... Gebruik die kragtige Swaard in jou mond daagliks, moenie ‘n dag deurgaan sonder belydenis en om Woord te spreek nie, want dit bou die mure om jou stad en hou die vyand buite jou kamp...”

_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____

JOSUA GENERASIE: 31 Januarie 2013

“Die weg na die Beloofde Land, die reis na die besitname van dit wat beloof was. Dit is ‘n moeilike een... Jy dra die beloftes in jou gees, dit is in jou gees gesaai en bevrug, maar dan moet dit gebore word in die natuurlike en vir dit om plaas te vind is oorgawe van jou siel aan My wil nodig. Dit moet sny deur die blokasies in jou siel. Jy kan maar net in My Woord gaan kyk om te sien hoeveel van my mense het die kanse wat Ek hulle wou gee verbeur as gevolg van ‘n gebrek aan oorgawe van die siel aan My wil. Soos byvoorbeeld Moses, hy het dit verbeur, want hy was ongehoorsaam aan My wil.

EK roep die Josua’s om op te staan en hul gesag op te neem. Om die ongehoorsaamheid van die vorige geslag te beindig, hulle te bekeer en dan die beloofde land binne te gaan. EK roep die Josua’s, EK het hulle reeds uitgekies, dit is diegene wat gehoorsaam sal wees aan alles wat EK beveel het, ongeag hoe onmoontlik die natuurlike omstandighede mag lyk... Moet dit nie verbeur nie, as jy nie in gesag opstaan en die land in besit neem nie, sal jy nie instaat wees om dít te ontvang waarmee EK jou wil seën nie; Wat EK jou wil gee is My beste, My goedheid...

Jy weet, dit wat EK jou wil gee en die beloftes wat jy in jou rondra sal nie net in jou skoot val nie, kyk na Josua, wat hy en die groep by hom moes doen om in die land te bly? Hulle moes veg. Weet jy dan nie dat jy in ‘n geveg is nie? Weet jy nie dat die geveg soms teen die rebellie van jou eie siel is wat nie onderdanig en gehoorsaam wil wees aan wat EK wil doen nie? Weet jy nie dat die hoë (verhewe) dinge in jou hart, waarvan jy so onkundig onbewus is, wat jou doof hou vir My stem, en jy wonder hoekom EK jou nie antwoord nie. Dit is waarom jy nie in staat is om te hoor nie, want jy hoor ander stemme, stemme wat jou aandag weghou daarvan om My te hoor. As jy My stem hoor sal EK jou sê wat om te doen, en jy sal binne kom.

Dit is die vyand se taktiek, om die dinge in jou siel te gebruik om wat EK jou wil gee te vertraag en om jou uit jou roeping te hou. Weens onkunde aangaande sy taktieke, begin jy in vertwyfeling te wonder of die beloofde land werklik bestaan, ‘n land van melk en heuning, - of wat EK gesê het regtig waar is. Want jy sien dit nie.

Maar die waarheid is dat jy verblind is deur die rebellie van jou siel. As jy nie in geloof wandel nie sal jy nooit in staat wees om die reis te voltooi nie. As jy nie die hoë dinge in jou hart neerlê nie, sal jy nie in staat wees om te hoor nie. As jy jouself nie verneder nie, sal jy nie in staat wees om te ontvang nie; as jy nie jou siel onderwerp aan My wil nie – en dit beteken altyd afsnyding en opoffering van jou kant – sal jy nie in staat wees om die land, die bestemming in besit te neem nie.

Jy weet dat EK IS, EK IS en jy weet EK kan wonderbaarlik by alles ingryp en My wil laat geskied. Maar Ek wil nie, want dan sal jy nooit kies nie, EK kies dan vir jou en dan verneder jy nooit jouself nie, jy sny nooit af nie en jy lê nooit neer nie. Dit is hoekom EK jou die belofte gee en dit nie net dadelik laat gebeur nie, want EK wil hê dat jy jou hart sal deursoek en aandag gee aan die dinge van jou siel waarvan jy so onbewus is, want EK wil daardie dinge uit jou uit hê.

Die wildernis is die beste plek wat daar is en dit is hoekom EK dit geskape het. Dit is die perfekte omgewing om jou die regte vorm te gee om deur die hek te beweeg na die beloofde land, want jy weet hoe smal daardie hek is - EK het jou al voorheen gewys. Net die nederiges kan daar deur. My mense kyk na hulself en dink hulle is nederige mense, maar die waarheid is dat wanneer jy deur die wêreld se oë kyk mag jy dalk as nederig kwalifiseer. Maar wanneer jy deur My oë kyk sal jy sien dat jy ver daarvandaan is. Nederigheid is afhanklik van die hoeveelheid wat jy van jouself afsny, want hoe meer jy van jouself afsny, hoe meer plek maak jy vir My. As jy My net sal vra, sal EK jou wys watter dinge jy moet afsny.

Voorwaar EK sê vir jou, daar is geen prys vir redding nie. Dit is verniet, maar hoor My as EK sê daar ís ‘n prys as jy in My Koninkryk wil leef, dieselfde prys wat EK betaal het; EK het My lewe gegee en jy moet jou lewe gee. Voorwaar EK sê as jy lewe wil hê moet jy jou lewe verloor, en sterf om lewe te verkry. Want as jy leef kan EK nie in en deur jou leef nie, maar as jy sterf kan EK in en deur jou leef.

Jy vra “Hoe sterf mens”? Sterwing vind plaas aan die kruis. So wat is die kruis? Die kruis is jou swakhede, struikelblokke en uitdagings, jou vlees, jou trots. Jy moet dit opneem, in ander woorde jy moet na jou siel kyk en die ‘self’ in jou hart sien; die verstand, wil, emosies, begeertes, karakter, werke, optrede en dit dan erken... erken dat dit

in self geanker is, en bekeer dan daarvan; ontvang vergifnis daarvoor en draai weg van jou bose weë, want dit is hoe jy afsterf. Laat dan Heilige Gees toe om deur My opstandingskrag nuwe lewe in jou te bring. Nuwe gedagtes, nuwe begeertes, nuwe gedrag, nuwe alles wat dan nie meer in self geanker is nie, maar in liefde, want wanneer dit in liefde geanker is sal jy in gehoorsaamheid leef. Want as jy my liefhet sal jy My gehoorsaam. Op hierdie manier is jy nie meer in die vlees waar jy nie in staat was om die dinge van die gees te ontvang nie, maar is jy in die gees as gevolg van - en nét as gevolg van – 'n nederige, belydende hart..

Hierdie afsterwing is waarvoor EK uitroep, want EK weet wat aan die anderkant wag. Pas op vir die vyand wat vir jou lieg deur vir jou te sê dat dit te moeilik is en dat niks van jou gaan oorbly as jy aanhou met die afsterwing van jouself nie. Ek hoef nie te bely nie, ek moet net glo en ontvang, ek hoef niks te doen nie. Moenie passief wees terwyl jy wag vir My om iets in jou lewe te doen nie. EK wag vir jou om in gehoorsaamheid op te staan. Moenie mislei word deur die vyand se bedrieëry nie, want voorwaar EK sê vir julle, My mense, EK het oë en My oë kyk heen en weer oor hierdie aarde. Daar is niks wat My oë nie sien nie, en wat EK sien is dat meeste van My mense nie My volheid binnekom nie. Hulle kom nie in en wandel nie binne My planne vir hulle lewens nie, want die vyand hou hulle besig in die vlees en onaktief in die gees.

EK sê jou, die pad na die beloofde land is 'n pad in die gees en nie in die vlees nie. Dit is net deur stappe van gehoorsaamheid wat uitroep: Ek is gewillig om neer te lê vanuit liefde vir U, ek is gewillig om af te sny, gewillig om op te offer en gewillig om my lewe te gee! Want ek het gratis ontvang en daarom wil ek my lewe gee, omdat ek nie my eie is nie, want ek is met 'n prys gekoop.

Dit is wat die Josua's uitroep en hulle is diegene wat sal binne tree en my oorvloed en seëninge sal ontvang. Hulle sal in My roeping vir hulle lewens wandel.. EK sê weereens: Moet dit nie verbeur nie, moenie soos Moses wees wat nie gehoorsaam was nie. EK roep Josua om op te staan en te veg teen die rebellie, trots, hardkoppigheid en weerstand teen My wil in jou siel, want EK sê vir jou dat dit jou keuse is. As jy wil wandel in My wil vir jou lewe, verneder jouself en kies om gehoorsaam te wees. EK sit vandag 'n

keuse voor jou, maar weereens sê EK: Moet dit nie verbeur nie. Ek waarsku jou – MOET DIT NIE VERBEUR NIE!

Die dinge van die vlees en van hierdie wêreld SAL jou weghou as jy nie kies om jouself aan My alleen toe te wy nie. Jy moet My verstand hê, want as jy My verstand het sal jy kyk en sien dat jy NIE KAN bekostig om nie in die gees te wandel nie, en nie in hierdie uur totaal en al op My alleen gefokus te wees nie. EK sê jou,die dinge van hierdie wêreld sal verby gaan. Moenie skatte vir julleself op hierdie aarde bymekaarmaak nie, moenie 'n wêreldse koninkryk bou nie, want dan handel jy vanuit die hoergees – die gees van die wêreld.

Staan op, hierdie is Josua se uur en dit is vinnig aan die kom. Staan op in gehoorsaamheid en veg jou reuse sodat jy My land in besit kan neem en in My roepingsplan vir jou lewe kan wandel...

KOM JOSUA, EK IS WAG VIR JOU, BESIG OM JOU ELKE TREE DOP TE HOU OM TE SIEN WANNEER JY JOU GESAG DEUR GEHOORSAAMHEID OPNEEM OM TE DOEN WAT EK VAN JOU VRA...

SHABBAT SHALOM – 8 Februarie 2013

Dit is Vrydagaand en die son het net begin sak – dit is SHABBAT! Ons het ‘n kitka brood geneem en druiwesap; my pa het die druiwesap in ‘n glas geskink todat dit oorgeloop het wat die oorvloedige seëning van YHVH simboliseer wat op hierdie huis gestrooi sal word. Ons het stil geword voor Yeshua sodat ons Sy rus kon ervaar... Ek het my oë toegemaak, maar ek kon sien!

Ek het Moses aan die linkerkant sien staan en langs hom al die Bybelse heiliges regdeur tot en met Yeshua. Hy was die laaste Een op die einde van die lyn! Ons het voor Yeshua gestaan; Hy het so mooi gelyk met Sy tallit om Hom, Hy het geglimlag en dit was amper asof ek kon sien dat daar oor sy hele gesig geskryf staan: “Hierdie is My dag” - so gelukkig was Hy. In groot letter bo Sy kop was SHABBAT geskryf, nog steeds aan die glimlag het Hy sy hand uitgesteek en gesê: “SHABBAT SHALOM”. In Sy hand het Hy die woord SHALOM gehou, dit was in goud geskryf en Hy het dit vir ons gegee. My pa het voor ons (*my ma en ek*) gestaan en die SHALOM het eers dwarsdeur hom gegaan tot binne ons! Ek sien die hemel oopgaan en seëninge wat oor ons uitgestort word, daar was so baie seëninge! Yeshua het gesê: “Kan julle sien dat EK die wet vervul het, EK staan aan die einde van die wet, maar as jy in lyn met My wil wees sal jy My EER deur My Shabbat te hou. Wees gerus My mense, julle is nie wetties wanneer julle dit onderhou nie, julle hoef ook nie ‘n Jood te wees nie; jy onderhou nie die Shabbat omdat jy ‘n Jood is nie... Wie dink julle het vir die Jode gesê om dit te onderhou? EK het, so jy eer net vir My...(*Hy het gelag en toe voortgegaan*)... O julle kleingelowiges! Wanneer jy My heilige dag hou is jy in lyn met My en in staat om AL DIE OORVLOEDIGE SEËNINGE wat My Heilige Shabbat inhou, te ontvang!”

Nadat Hy dit geê het, het Hy seëning op seëning op seëning begin spreek en Hy sal dit aanhou uitspreek tot en met die sonsondergang die Saterdagaand... “Sarah, My geliefde daardie seëninge word met elke Shabbat uitgespreek, maar net diegene wat My heilige dag onderhou is geregtig om dit te ontvang...

SHABBAT SHALOM MY HUIS”

… My pa het die Priesterlike Seën oor ons gebid en hy het YHVH (*God se Naam*) op ons voorkoppe geskryf sodat ons geseënd kan

wees, en toe het ons op die ramshoring geblaas – Laat U Naam vereer word Yeshua, ons Messias, laat U Naam vereer word!
Num. 6:22-27
En YHVH het met Moses gepraat en gesê: "Sê vir Aäron en sy seuns: So moet julle sê wanneer julle die Israeliete seën: YHVH sal julle seën en beskerm, YHVH sal tot julle redding verskyn en julle genadig wees; YHVH sal jul gebede verhoor en aan julle vrede gee!" "So sal hulle My Naam oor die Israeliete uitroep en EK sal hulle seën."

SIELS BANDE: 9 Maart 2013

" Vertroue is 'n mooi ding, dit is een van die koorde van 'n sielband. Laat Ek jou inlig oor sielsbande, dit het baie verskillende koorde in een band. Om 'n paar goddelike koorde te noem- liefde, vertroue, lojaliteit, getrouheid, geduld, passie, respek, eer.
Hierdie bande vorm 'n sielsband, maar daar is ook goddelose koorde wat goddelose bande vorm. Goddelose bande word gevorm

wanneer goddelike bande verbreek word en dan word dit slawerny. Manipulasie, beheer, self gesentreerdheid, selfsugtigheid, blamering, beskuldiging, onvergifnis, onbillike optrede is ‘n paar goddelose koorde.

Sielsbande verbind, en deur koorde is daar ‘n vloei, daardie vloei is meedeling. Laat My verduidelik.... Wanneer jy ‘n verhouding het, enige tipe verhouding, word jou siel verbind met die ander persoon se siel en dit is ‘n goeie ding, omdat My mense geroepe is om mekaar lief te hê soos hulle My lief het. Deur daardie band is daar koorde waardeur kommunikasie vloei. Wanneer jy teleurstelling, verwerping, onvergifnis, beskuldiging, mishandeling, haat, woede, kortheid van draad, irritasie, selfsugtigheid en hierdie tipe van goddeloosheid ‘kommunikeer’ sal die persoon se siel aan wie jy dit kommunikeer gebind word deur die goddeloosheid terwyl jy veronderstel is om gebind te wees in LIEFDE.

Die vyand gebruik dit om skeiding, misverstand en stryd tussen julle te veroorsaak.

Dit is soos meedeling, jy is konstant besig met meedeling in diegene rondom jou.

Dit is soos ‘n naelstring... Jy is veronderstel om gevoed, gekoester en opgebou te word om deur die sielsbande wat in jou lewe groei. My vraag aan jou is: Voed jy die mense rondom jou uit jou eie godeloosheid? Wees baie versigtig wat jy kommuinikeer deur jou koorde. Jy kommunikeer dit deur jou gedagtes, gedrag, optrede en woorde.

Dit is die doel van die sielsband, die goddelike sielsband is bestem vir liefde, dit is veronderstel om ‘n koord van LIEFDE te wees!

1 Korinthiërs 13...leer ons om lankmoedig, en vriendelik te wees, om nie afgunstig te wees, nie onwelvoeglik te handel of opgeblase te wees nie...word nie verbitterd nie, soek nie eie belang nie, reken die kwaad nie toe nie, is nie bly oor ongeregtigheid nie, maar is bly saam met die waarheid. Dit bedek alles, glo alles, hoop alles, verdra alles en die liefde vergaan nimmermeer.

My mense faal in hulle liefdeskoorde en daarom verduur hulle pyn. My mense moet bewus wees van goddelose sielsbande, omdat ‘n sielsband goddelik kan wees maar ook goddelose koorde kan hê. Sny hulle, maak hulle los en verloor hulle uit jou siel. Spesifiek jou

emosies mag nie be-invloed word deur goddeloosheid nie, maar moet verborge en veilig in liefde bewaar word!

Die mens is gemaak vir vriendskap, kammeraadskap, verhouding maar die mens het daardie skip in die verkeerde rigting gestuur en nou is ons almal emosionele skipbreukelinge.

Bewaar jou hart, moet nie 'n slagoffer van mense se goddeloosheid word nie, behou jou heelheid in liefde!

Laat Ek jou vertel waar baie goddelose koorde gevorm word: Onvervulde behoeftes.

Baie mense het 'n gebrek aan die noodsaaklike beginsel naamlik 'Die Eerste Liefde Verbond'! EK IS veronderstel om jou eerste liefde te wees en EK IS veronderstel om EERSTE jou behoeftes volgens My rykdom te voorsien, jy moet My eerste begeer, My eerste liefhê, My eerste soek, Ek moet jou beste Vriend wees, jy moet in 'n eerste liefdesverhouding met My wees! Dinge val uitmekaar weens goddelose orde, Ek het alles in 'n spesifieke orde geskep, MY orde!

EK EERSTE want EK IS 'n jaloerse God, dan jou wederhelfte wat deur My uitgesoek en gekies is vir jou, omdat Ek weet wie by jou pas, dan jou kinders en jou familie en dan jou vriende.

Die wêreld se orde is verdraai... Mense maak afgode van hulle minnaars omdat hulle hulle meer liefhet as wat hulle My lief het en ouers maak afgode van hulle kinders om hulle drome en begeertes te vervul, waar hulle veronderstel is om My te soek, en hulle in te lei in My planne en begeertes vir hulle, met hulle oë gerig op My!

Kom in lyn met My orde! Ek sal begin om jou te leer oor My orde, dit sal 'n reeks van wysheid en insig in My wil vir jou wees om met My liggaam te deel sodat jy weer kan begin funksioneer in My Koninkryk weë "

_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____

DIE JONG ONGETROUDE MAN EN VROU: 10 Maart 2013

Soos EK belowe het, hier is die begin van die reeks boodskappe wat EK jou gaan gee om met My volk te deel, oor My orde en Goddelike struktuur aangaande die huis.

Eerstens wil EK begin met die leier, hy is die man. Ja, EK het die man gemaak om te lei, om die hoof te wees, om sterk te wees en om te beskerm, toemaak, beskut, werk, voorsien, om ‘n koning te wees, ‘n profeet, ‘n priester oor die wat aan hom gegee en toevertrou is. EK praat met ‘n woord wat soos ‘n hammer is, seuns van die aarde, wat is julle besig om te doen?? Seuns van die aarde, waarnatoe het julle afgedwaal, seuns van die aarde waarna kyk julle, seuns van stof, hoekom staan julle nie, hoekom is julle geeste aan die slaap en hoekom is julle nie gehoorsaam nie?

Hoekom is My manne so passief? Staan op, EK roep die Magtige Mans as vegters om OP TE STAAN en hul posisies IN TE NEEM.

Die jong mans moet leer; die getroude mans, die vaders, die ou manne, laat al die mans van hierdie tyd opstaan en gehoor gee aan My oproep...

Aan die ongetroude man – weerhou jou oë van vleeslike lus, hou jou hart rein en jou oë van dit wat besmet. Wees heilig soos EK Heilig is, word die spieëlbeeld van wie EK IS. Laat EK jou eerste liefde wees, laat EK die kroon op jou kop wees. Laat My toe om jou tot My beeld te vorm sodat jy ‘n eerbare man kan wees, waardig vir ‘n rein bruid. Die jong mans van hierdie tyd is nie vrouens waardig nie, want hulle neem nie hul posisie as leier en beskermer in nie. Die jong mans van hierdie uur is nie sterk en braaf nie. Seuns, julle word geroep om sterk en dapper te wees. Baie seuns het dronkaards geword, jaag die luste van die vlees na en kyk na aanloklike vrouens wat iets vir die oog is. EK het nie ‘n man se oë gemaak vir begeerlikheid nie. EK het die oë van mens se hart gemaak om na My te staar deurdat jy jou van alles buiten My weerhou todat jy haar in My oë sien. Wanneer EK dit goedvind, sal jy die een sien wat ek vir jou uitgekies het, die een wat EK vir jou voorberei het, jy sal haar in My oë vind, versteek in My hart. Jou oë moet die skoonheid agter die liggaam sien, jy moet binne haar siel inkyk en wanneer EK

haar vir jou gee sal julle geeste saam geweef word as een. ‘n Vrou is ‘n geskenk van My, om gekoester, versorg, na omgesien te word, geëer en voor lief te wees met My liefde. Hulle is delikate blomme, om behandel te word soos EK My Bruid behandel. Julle skeep die vrouens af en gebruik hulle om aan julle behoeftes te voldoen. Laat My toe om jou waardig te maak, want jou bruid is My juweel. Hoe behandel jy My juwele? Sien jy na hulle om op die manier wat EK van jou verlang? Moet nooit misbruik of verwaarloos wat EK jou gee nie, want sy is My eie, en jy sal verantwoordelik en aanspreeklik gehou word vir hoe jy die een behandel wat EK aan jou toevertrou het.

Jong mans, word haar waardig. Wanneer jy haar waardig geword het, sal jy bereid wees om jou lewe vir jou bruid af te staan, jy sal bereid wees om vir haar te veg, om haar met jou lewe te beskerm; jy sal haar beskut, want EK is jou beskutting. Jy is ‘n bruid net waardig as jy in My beeld staan. Jong mans, hou julle oë op My todat jy haar in My sien.

Aan die vroue...

Hou jou reinheid. Laat jou begeerte Myne wees en EK sal jou die begeerte van jou hart gee. Wees heilig, bedek, afgesonder. Moenie liefde opstook todat EK dit goedvind nie. Behou jou siel en behou jou liggaam... Hou jou siel bedek deur heiligheid en reinheid en laat jou liggaam daarvan getuig. Bedek jouself sodat jy nie ‘n man se hart laat faal as gevolg van die naaktheid van die vlees nie, bedek jouself sodat jou skoonheid rein gehou word.

Die vrou is gemaak met ‘n groot behoefte aan liefde, dit is pragtig, maar My dogters slaag nie daarin om My toe te laat om daardie behoefte vir liefde te bevredig nie. Jou behoefte kan net vervul word wanneer jy My toelaat om dit eerste te vervul, want die liefde van mens is onvolmaak. Maar wanneer jy My liefde in jou hart het en jy die liefde van die man ontvang, word die liefde van die man perfek gemaak binne jou en daardie ‘perfektheid’ word verander na respek wat die man weer nodig het. Dit is die kringloop van die verbond. Pas jou by dit aan deur in My skaduwee te bly waar jy kan groei as ‘n mooi blom in die grond van My liefde.

EK kyk na die harte van vroue en EK sien gebrokenheid. Jy bring dit op jouself, want jy hou jouself nie rein nie. Soek My; laat EK jou begeerte wees sodat EK jou die begeerte van jou hart kan gee. Laat

EK jou eerste liefde wees! Eer My met heiligheid en reinheid.

Versorg jou skoonheid – siel, liggaam en gees en moet dit nie verwaarloos nie. Jou liggaam is ‘n tempel, ‘n tempel is ‘n heilige plek so moet nie jou tempel met onreinhede besmet nie.

Dit is My begeerte vir die jong mans en vroue – onderwerp jou aan My wilsbegeerte, wat ‘n verbond is waar EK jou eerste liefde is.

Sal die ongetroudes na My kom en hulself in My hou todat dit die liefde behaag? Sal jy ‘n verbond van reinheid met My sluit en jouself siel, liggaam en gees hou? Onthou My volk, die liggaam, siel en gees is gebind as een wanneer jy intiem verkeer, maar elke keer wat jy ‘n verhouding met iemand het word jou siel gebind. Weerhou jou siel daarvan om tot ‘n minaar verbind te word todat dit My behaag. Op hierdie manier sal jy heel en vry wees om die een wat EK jou gee lief te hê sonder enige seer of gebrokenheid in jou, want wanneer jy gebroke en seer is sal jou liefde seer wees omdat dit nie heel is nie. Hou jou liefde heel!

Die tweede brief sal vir die getroude mans en vrouens wees, oor My begeertes vir die huwelik. Ek sal jou stap vir stap neem deur die jongman se proses om waardig te word vir sy bruid, die man om ‘n leier te word waardig vir respek en heel om lief te hê en dié leier man om ‘n vader te word geseën en toevertrou met My geskenke van lewe!

En die jong vrouens om ‘n bruid in reinheid en heiligheid te word, haar leier se hulp, ‘n vrou vir haar man en om ‘n moeder te word, ‘n baarmoeder om My geskenke te dra en groot te maak volgens My weë en bepalings.

EK sal My wil in al hierdie aspekte onthul. Dit is tyd vir My mense om ‘n Koninklike lewe te begin leef!

‘n Laaste ding wat EK vir jou wil sê is dat jy vandag ‘n keuse het; as jy jouself onteer het, en jouself nie rein gehou het, of in My wil, in alles wat EK onthul het nie, Onthou jy is nie verdoem en hooploos gelos nie... jy is gelos met ‘n keuse. Bely en draai van jou bose wëe, draai terug na My wil en begin nou om ‘n Koninklike lewe te lei, vandag. Want hierdie dinge wat EK aan jou bekendmaak is My Koninkryksbeginsels, My weë...

Sal vervolg word... Shalom My kleingoed

_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____

TEVREDENHEID: 16 Maart 2013

Tevredenheid is iets wat by My volk grootliks ontbreek.

Tevredenheid is ‘n vorm van vrede, om bestendig te wees; bevredig; bly; gerus... Tevredenheid bring stabiliteit. As jy nie tevrede is nie, is daar leuens wat jou van balans gooi, want dit is die waarheid wat jou tevrede stel. Om in die waarheid te leef bring tevredenheid voort. In tevredenheid is daar geen afguns, geen konflik, geen bitterheid of wrok nie. Tevredenheid is soos ‘n platvorm, of soos ‘n eiland in die see. Die vyand wil jou gereeld vanuit jou vlakke van vrede ontneem, om jou lewe soos die waters van die see te maak – onstabiel. Jy moet net tot op daardie platvorm klim en by daardie eiland van tevredenheid uitkom en daar woon, want daar het jy vrede in My, ongeag enigiets anders!

Sny af die leuens wat jou vrede wil steel, want hulle kom van die vyand en die doel daarvan is om jou onstabiel te maak. Tevredenheid is ‘n vorm van volwassenheid in My... My volk moet tot die punt kom waar dit nie saak maak wat die lewensomstandighede is nie, dit maak nie saak waar jy is, wat jy doen, wat die mense rondom jou doen nie,

by wie jy is of enige iets anders wat jou tevredenheidsvlakke bepaal nie. Jy kan net waarlik tevrede wees binne My, want EK IS die enigste wat stabiel is. Alles anders is veranderlik, onseker en tydelik Hou op om jou tevredenheid van enige iets in jou lewe anders as van My te kry, want ware tevredenheid leef in jou gees en kom van My Gees. My mense. Sal julle My vra en My toelaat om julle te wys wat die vlakke van tevredenheid binne julle versteur? Sodat julle herstel kan word?

Laat EK jou vertel van iets wat verberg is (*Hy het gefluister*)... Die saad waaruit tevredenheid groei is LIEFDE... Dit is as gevolg van die tekort daaraan dat My mense soek om die behoefte daaraan te vul. Laat EK jou die regte rigting wys, want jy kyk na allerhande ander dinge omdat jy onvervuld voel... Jy is opsoek na liefde! DIT IS EK, so kom na My almal wat dors is en EK sal die saad van liefde binne jou natmaak sodat jy mag groei en floreer in tevredenheid. Daar is ‘n rede hoekom EK gesê het: “En die belangrikste hiervan is die liefde”! Jy is onbewus van jou honger en jou behoefte na liefde; EK het dit binne jou gesit om jou na My te trek! As jy ontevrede is in ‘n sekere area van jou lewe beteken dit dat daar ‘n tekort aan My is in daardie area, want jy het ‘n afgodsbeeld, ‘n verhewe ding gemaak om te probeer om die gat te vul en dit gelyk te maak...

Op geen manier sal jy slaag of gerus word, vrede of tevredenheid vind nie. Dit is slegs deur My en niemand anders as EK nie!

EK begeer dat My mense hulle onstabiliteit na My sal bring, want jou balans is versteur en daarom is jy so onstabiel binne jouself.

Deursoek jou hart, as jy konstant geïrriteerd, kort van draad of opvlieënd is, beteken dit jy is ontevrede. As jy tevrede was, sou jy ongesteurd en rustig en stabiel wees in die Godelike karakter waarin jy leef – 1 Korintieërs 13:4-8

Liefde is geduldig en vriendelik, dis nie afgunstig nie en nie grootpraterig nie; dis nie verwaand nie. Dit handel nie onwelvoeglik nie en soek nie sy eie belang nie; dis nie liggeraak nie en hou nie boek van die kwaad nie. Dit verbly hom nie oor onreg nie, maar verheug hom oor die waarheid; dit bedek alles, glo alles, hoop alles, verdra alles.

Liefde misluk nooit nie. Dit is die vrug van tevredenheid in MY – LIEFDE.

OM TE WANDEL MET GOD 1: HENOG... 17 Maart 2013

Yeshua het My kom haal; ons het met goue trappe opgestap en Hy het My hand vasgehou. Ek was geklee in ‘n pers rok en het lang bruin hare gehad met ‘n kroon van pers blomme en pêrels in my hare. Yeshua het na my gekyk en geglimlag en Sy vingers deur my hare getrek. Hy het my wang aangeraak en nader gekom; Hy het Sy kop tot langs myne gebring en in my oor gefluister: “Kom weg saam met My... EK het vir jou gewag, want daar is baie dinge wat EK jou wil wys, baie dinge wat EK aan jou wil openbaar.” Ons het die bokant van die trappe bereik, daar het ons Abraham ontmoet, Henog was ook daar, alhoewel ek hom nie in besonderheid kon sien nie.

“Jy het baie dinge van Abraham geleer, maar nou wil EK hê dat jy met Henog wandel, want daar is baie dinge om van hom te leer.” Ek, Henog en Yeshua het begin loop in die tuin, daar was pragtige pers

blomme oral... dit was so ‘n plesier! Daar was ‘n soet geur wat in die lug gehang het en Yeshua het gesê dat dit die Soet Pragtige Geur van Heilige Gees se teenwoordigheid was wat ook daar saam met ons was terwyl ons so saam gestap het. Ek was voordurend bewus van Abba wat vanaf Sy troon oor ons waak, alhoewel ek Hom nie kon sien nie... Daar was mistigheid in die tuin en dit het van Abba gekom. Daar was stukkies goud wat na ons toe afgeval het, dit was asof ons onder YHVH se troon gestap het. Hy is ‘n verterende vuur en Sy troon bly een soliede stuk goud, maar as gevolg van die vuur het goud van Sy troon gedrup in die vorm van krone, septers, ringe en houers.

Sagaria 13:9

“EK sal ‘n derde deur die vuur bring, EK sal hulle met vuur louter soos silwer gelouter word. EK sal hulle suiwer soos goud gesuiwer word. Hulle sal My aanroep, en EK sal hulle gebede verhoor. EK sal sê: ‘Hulle is My volk.’ En hulle sal sê: ‘Die Here is ons God’”.

Maleagi 3:2-3

“Maar wie kan die koms van dié Engel verdra, wie kan standhou wanneer Hy verskyn? Hy is soos die vuur van die smelters en soos die seep van die wassers. Soos iemand wat silwer smelt en suiwer, so sal Hy as regter gaan sit om die Leviete te suiwer, om hulle te louter soos goud en silwer, sodat hulle aan die Here ‘n offer kan bring wat bestaan uit regdoen.”

EK kom vir ‘n oorblyfsel wat deur my suiwerende vuur gegaan het... As jy nie My suiwerende vuur wat al die afgode in jou uitbrand, aangegryp het nie, het jy My nie toegelaat om jou te reinig nie en dus is jou hart verdeeld. As jy My nie toegelaat het om jou te brand, te heilig en te suiwer nie, hoe sal jy in staat wees om die vuur van herlewing, waarvoor jy so desperaat bid, te ontvang? Om deur die vuur te gaan is nie maklik nie, dit is pynlik en moeilik, maar dit is noodsaaklik; as jy My vuur teëstaan sal jy louwarm bly, in ander woorde, in ‘n tweestryd; jy sal gemengde saad en afgode binne jou hê, hoë (verhewe) dinge wat jy bo My sal ag. Gryp My vuur aan, want My bruid het ‘n hart van goud, en jy kry nie suiwer goud sonder dat dit deur die vuur gelouter word nie.”

Toe het ons in een van die poele gaan swem. Die water was soos kristal. Dis onbeskryflik, amper bros, daar was baie sout in die water

en ons het op dit gedryf. Ek was heeltyd bewus van die spyker letsels op Sy voete en EK het geweet dat Hy met my oor Sy voete wou praat. Ek het Hom net geniet en angstig gewag om te hoor wat Hy wou deel. EK het geweet dat Hy elkeen van my gedagtes kon hoor en Hy het vir my geglimlag. Ons het op ons rûe rondgedryf en na die lug gekyk. Ek het bewus geword van Heilige Gees en het haar mooie, soet teenwoordigheid ervaar. Sy het in die wolke vir my geskryf, die mooiste briewe met reënboë daarbinne. Yeshua het gesê dat dit briewe is wat uit die Rots van Tye kom.

"EK verander nooit nie, jy weet, sê vir My mense dat baie van hulle 'n fout maak wanneer dit kom by die skuif vanaf die ou verbond na die nuwe verbond, EK praat van wat julle noem die ou testament en die nuwe testament. My testament is 'n verbond. Dit is nie net 'n testament nie. Weet jy wat die testament is, EK IS die testament wat jou reg en toegang gee tot My erfenis. Wees baie versigtig dat jy nie in al jou preke en lesse verander Wie EK IS nie. EK het baie dinge verander, maar EK het nie verander nie, EK IS die Rots van Tye.

Laat EK aan jou verduidelik hoe My wet gebore was... My wet was bevrug om My mense te onderhou sodat hulle nie van My af wegdraai nie. Die saad van die wet is liefde; daardie liefde het beginsels geword en daardie beginsels het die wet geword. Ontwerp om jou binne My wil te hou waar jy veilig is. Ek het nie gekom om die wet te vernietig nie, want die wet ontstaan uit Wie EK IS. EK het gekom om te red van die oordeel van die wet, EK het gekom om jou te red van die dood wat die oordeel bring. EK het die wet verander ten opsigte van die vrug wat die dood was, na die vrug wat gees en lewe is.

Só, EK verander nie, maar EK het wel baie dinge verander... Net 'n waarskuwing vir My mense dat hulle dit sal onthou. Jy is geroep vir 'n lewe in die oorvloed en volheid van My teenwoordigheid... My wet is soos My huis, só as jy My soek, sal jy My in My beginsels vind, dit is My Koninkryk. EK IS dieselfde God van die ou verbond en die nuwe verbond, maar baie dinge het verander."

Toe het Hy gesê: "Kyk na My voete, wat sien jy?" Ek het geantwoord: "Yeshua, dit is skoon en daar is gate in hulle wat getuig van wat U vir ons gedoen het; wanneer ek na U voete kyk, sien ek gehoorsaamheid, ek sien dat U oral gegaan het waar ons Vader wou

hê U moes met daardie voete gaan, U voete is perfek, daar is geen ander voete soos U voete nie, Messias!"

"JY seën My met jou wysheid. Jy is reg, gehoorsaamheid is die les wat EK wil hê jy van My voete moet leer... Kyk na die merke van die spykers, dan kan jy elke keer dat jy gehoorsaam is in jou vlees gesteek word, elke keer wat jy doen wat EK van jou vra sny dit meer van self af. Sal jy dit doen, sal jy kaalvoet loop, kwesbaar in jou gehoorsaamheid aan My, geen self-skoene, want jy loop op heilige grond; Sal jy loop met gesteekde, deurboorde voete as gevolg van gehoorsaamheid? Sal jy rondloop met bloeiende voete? Die Bloed is My bloed wat jou reinig en heilig van al die aardsheid, goddeloosheid, vleeslikheid, sonde en onregverdigheid van hierdie wêreld. Met hierdie voete van My het Ek die treë wat jy moet volg vir jou uitgelê, maar jy kan net daarin volg met voete soos Myne... Is jy bereid? Want hierdie pad is nie maklik nie, dis nie vir almal maklik nie, dit is nie veronderstel om maklik te wees nie, jy is veronderstel om nederig te wees en soms is dit net moeilikheid wat jou tot jou knieë bring, daarom laat EK dit toe."

Daarna het Henog begin praat. Hy was 'n redelike klein mannetjie met 'n diep stem: "Luister na wat jou Geliefde sê, want die mense weet nie hoe om daagliks met Hom te wandel nie. Hier is die sleutel vir jou om vir die mense te gaan gee... Die kamer waar jy moet in gaan is intimiteit met Hom; die deur is om met Hom te stap, maar die sleutel is gehoorsaamheid aan Hom. Jy sien, ons Koning is nie baie ingewikkeld nie. As jy in 'n intieme verhouding met Hom wil wees en in Sy teenwoordigheid wil bly, moet jy in gehoorsaamheid met Hom wandel."

"Laat ek jou vertel wat dit is om te wandel... Hoe stap jy? Jy beweeg jou bene en sit een voet voor die ander. Daardie treë is treë van gehoorsaamheid. Om met God te wandel begin deur Hom in jou gedagtes te hê, jy spandeer tyd met Hom en bly bewus van die kennis van Hom, oral waar jy daardie dag loop. Wanneer jy bewus is van Hom, plaas jy jou fokus op Hom en wanneer jy jou fokus op Hom plaas, word Hy jou bestemming, want jy loop automaties in Sy rigting. Met ander woorde jou daaglikse lewe, gedrag, houding, buie, woorde, dade, jou alles sal begin getuig van ná Wie jy stap en vir Wie jy stap. Dit is treë van gehoorsaamheid as jy begin om

gelykvormig te word aan die kennis van Wie Hy is. Die hart van ‘n pad met YHVH is liefde en die twee bene waarmee jy die hart dra is nederigheid en gehoorsaamheid!

Ek het geluister na wat Hy jou vertel het van Sy wet; Hy is so getrou in Sy onderrig aan jou. Dit is baie waar. Om met Hom te stap beteken om Sy weë te volg, daar is geen ander manier om Sy pad te stap as om aan Sy WEË gelykvormig te word nie. Om met Hom te stap beteken dat jy in ‘n liefdesverhouding met Hom is, dit beteken dat jy gaan waar Hy gaan en sê wat Hy sê, doen wat Hy doen, en jy sal net oorgaan tot dade wanneer Hy ‘n skuif maak.

Meeste mense se probleem is dat hulle óf voor Hom wil uit loop, sake in hul eie hande neem, dink dat hulle die weg ken en hulle stappe neem en besluite maak sonder dat Hy so sê, óf hulle hou aan om terug te kyk en te beweeg vanwaar hulle gekom het omdat hulle aanhou staar na die onbekende toekoms, óf hulle vrag is te swaar, sodat hulle maklik uitgeput raak.

Hierdie pad is ‘n pad van geloof, jy loop net met jou Geliefde deur jou oë op Hom gerig te hou, daar is GEEN ander manier nie. Mense moet ophou kla en neerslagtig wees, al doen jy dit nie hardop nie hoef jy dit net in jou hart te dink vir Yeshua om dit te hoor. Stop die selfbejammering, want jy bejammer jouself dat jy nog nie “op daardie een” se vlak is nie. Dit gaan nie daaroor nie, hou op rondkyk, want jy sal beskaamd staan as jy besef hoe erg jou Geliefde dit verpes. Hou net jou oë op Hom!

Stap daagliks met Hom, want ‘n pad met Hom lei tot lewe, Yeshua sal jou na plekke neem waar Hy jou dinge sal wys, verborge geheimenisse, Hy sal jou hoop en ‘n toekoms gee, Hy sal jou lei en jou riglyne gee en jou weg voorspoedig maak soos jy elke tree saam met Hom neem...”

_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____

_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____

OM MET GOD TE LOOP 2: DIE ROTS VAN TYE – 18 Maart 2013

"EK wil voortgaan om jou te leer aangaande hoe om met My te wandel... Wanneer jy met My wandel, beteken dit dat die Rots van Tye die fondament onder jou voete is. Onthou jy die keer toe ons op die see van Galilea gestap het en die Rots onder jou voete verskyn het? EK wil jou vertel van die Rots van Tye, dit is EK!" Ek het die rots gesien en daar was gravering op , Dit het baie oud gelyk, ek het 'n bietjie nader gestaan, want ek het iets vanuit die Rots gehoor, toe hoor ek die Rots het 'n hartklop, maar dit was die stem van God wat vanuit die Rots gekom het. Die hart van die Rots van Tye, is Waarheid. Toe sien ek dat die Rots stof en grond op het. Dit het Yeshua ontstel, besef jy nie hoe waardevol hierdie Rots is nie! Die Heilige Gees se wind het gekom en al die grond en stof afgewaai en Yeshua het gesê: "Dit is wat gaan gebeur in hierdie laaste uur, die wind is herlewing, daar sal herlewing wees en My volk sal terugkom na die Rots van Tye, want dit is die Rots waarop My kerk gebou is. My mense het 'n verkeerde indruk van wat kerk is, dit is nie 'n gebou nie, dit is nie 'n instansie nie, dit is nie 'n godsdienstige bymekaarkom plek nie. Die kerk is veronderstel om diegene te wees

wat My in Gees en in Waarheid aanbid; daar is net een kerk, daar is net een Bruid en daar is net een Gees. Kyk om jou rond, wat sien jy? EK sien verdeeldheid, EK sien baie verskillende kerke, denominasies, baie verskillende gelowe, baie verskillende rigtings van onderrig. Dit behoort jou te wys dat julle besig is om onder die verkeerde gees te handel en dis die gees van die anti-chris, die vals gees.

EK kom vir My kerk, My kerk is Een liggaam, My kerk aanbid My in Gees en in Waarheid. My kerk leef op die Rots van Tye, die waarheid van My woorde. My kerk is tot die dood gedoop, My kerk onderhou My heilige dae, My kerk het 'n rein en nederige hart wat My liefdeswet hou en daarin bly deur middel van verbond. Daar is nie verskillende rigtings van onderrig nie en nie verskillende gelowe nie, want EK IS Een Gees en Een Waarheid!

Die Rots van Tye is Wie EK IS, EK het nooit verander nie, My weë is altyd dieselfde. Hierdie Rots van Waarheid is waarop My huis – My Koninkryk gebou is. In hierdie laaste dae sal EK alles skud. My kerk sal voortgaan om voorspoedig te wees, sy sal bly staan en sal nie geraak word nie as gevolg van My beginsels en My weë. EK IS haar fondament en EK verander nooit! As jy nie in die Rots van Tye leef volgens My beginsels, My weë en My wette nie sal jy faal, want dan het jy in satan se koninkryk geleef. Moenie 'n fout maak nie, enigiets wat nie My Koninkryk is nie kom van satan, as jy My nie in Gees en in Waarheid volg nie, is jy besig om satan te volg.

Kyk net om jou rond, kyk na die vrug van die kerke, jy sal weet of dit My Gees of die gees van die anti-chris is, deur na die vrugte te kyk. EK IS vrede, EK IS saggeaard, EK IS Waarheid, EK IS! As daar goddelose vrugte is, handel jy nie onder My Gees nie.

EK sal die kerk verskeur, dit is nie My kerk nie; leef onder My Gees, afgesonder, want EK IS die Rots van Tye. EK sal jou skud todat jy val, want wanneer jy val kan jy na My terugkeer, want EK IS liefde en dit is wat EK wil hê. EK wil hê dat die kerke My kerk moet word, EK wil hê dat My mense sal terugkeer na die Rots van Tye wat op My hartklop leef, die waarheid! Die kerke het mislei geword deur nie meer te leef in die waarheid van wat EK IS nie! Keer terug na die Waarheid van die tye!

Hardloop met die boodskap; baie sal nie luister nie, maar laat die wat ore het hoor wat die Rots van die Tye roep..."

NAME VAN GOD: 24 Maart 2013

“Jy is op jou kop beseël met die gesag om in My naam uit te gaan.” Ek het in die hemel gestaan en die naam wat op My kop geskryf was, was EK IS, maar daar was drie name. EK IS was die enigste een wat ek kon verstaan. “My naam Sarah,... EK IS Wie EK IS!” Hy het my Sy nuwe naam in Sy hand gewys, maar dit is nog nie bekend nie. “My naam is krag, want EK IS kragtig. My naam is nie net ‘n paar letters nie, die letters van My naam is irrelevant, of jy My Jesus noem en of jy My Yeshua noem, of jy My YHVH noem of jy My God noem, die krag is nie in die letters nie, maar dit is verborge in My, roep My Naam aan en jy sal gehoor word, wat EK IS en EK IS sien die hart, EK weet wanneer jy My roep. Jy weet wanneer jou mamma jou op jou suster se naam roep, dat sy met jou praat, want sy kyk na jou. Soms is dit dieselfde met My. EK het baie verskillende Name, daar is sommiges wat EK verkies, want daar is ‘n paar name wat EK met

ander deel en EK hou nie daarvan nie, want daar is net Een en dit is EK IS. Byvoorbeeld, god en jesus. EK sal nogtans hoor wanneer jy My dit noem en EK sal jou antwoord, maar EK verkies nie daardie name nie, want EK IS.

EK het My kinders lief, EK is lief vir My mense, Ek het julle almal lief met 'n uitermate groot liefde, My kinders, EK IS so opgewonde oor julle, My hart brand van liefde vir My mense, want julle was gekies en geskape binne My perfekte wil waar julle bestaan. Hou jouself heilig, wees heilig, want EK IS heilig, bly rein en hou jou klere skoon in hierdie tyd, want besmetting is aan die toeneem, boosheid vermeerder en dit oorstroom die aarde, so bly in My, die Rots van Tye, want wanneer jy binne die Rots van Tye gevestig is, is jy veilig! EK IS eerlikwaar lief vir julle almal, EK IS naby, EK hou almal van julle in die palm van My kragtige hand. Kyk en sien dat My hand op jou is. EK versterk My greep oor hulle wat binne My hand bly. Geseënd is hulle wat hierdie woorde van My lees, hulle is My eie. Geseënd is hulle wat glo in die woorde wat uit die mond kom van dié wat in My naam praat..."

PESACH (PAASFEES): 25 Maart 2013

Ek het op my bed gesit en Yeshua het gekom en my kom haal en onmiddelik het ons buite ‘n huis in Israel gestaan. Hy het langs my gestaan en gesê dat Hy heeldag al wag vir hierdie oomblik. Hy het my hand geneem en ek het geweet waarheen ons oppad was... na die bovertrek toe! want Hy het my daardie oggend al vertel Die volgende oomblik was ons binne, daar was ‘n tafel en die 12 dissipels het rondom die tafel gesit. Dit was ‘n fees, Yeshua het hand aan hand met my gestap en my gewys waar ek moet sit. Ek wou nader aan Hom sit, maar het besluit om myself te gedra voor al die dissipels. Petrus het my oog gevang, hy was nogal iets besonders en so ook Johannes. Hulle het hierdie ontsettende groot liefde vir Yeshua gehad en mens kon dit sien. Judas Iskariot was ook daar. Ons het almal daar gesit en met ons hande geëet. Daar was lamsvleis, brood en wyn. Yeshua het aanhoudend na my gekyk om te sien of ek gemaklik was en of ek alles het wat ek nodig gehad het. Ek het met Petrus gesels, want hy het langs my gesit; ons het oor vuur gepraat, oor herlewing en oor mense se behoefte aan YHVH. “Sarah, vertel mense die waarheid en wys hulle Yeshua se liefde, want dit is wat hulle sal red, en dit is wat die mense na Hom sal aantrek. Sarah, jy kan nooit, ooit ‘n persoon na Adonai lei nie, dit is net die werk van Ruach; Ruach Hakodesh is die enigste Een wat ‘n persoon na die Verlosser kan lei. Jy kan nooit iemand nader, sonder om in die salwing van die Gees van Elohim te wees nie. Jy kan net beskikbaar wees vir Hom om die woorde van jou getuienis te gebruik. Die Gees is soos ‘n versamelaar, die Gees versamel die mense om YHVH!”

Die lamsvleis was ongelooflik lekker! Ek het werklik nie geweet dat lamsvleis so kon proe nie. Dit was perfek. Ek het Yeshua se stem in my regteroor hoor sê: “Net soos EK”, maar Hy was steeds in sy sitplek aan tafel, besig om vir my te glimlag alhoewel ek Hom in my regteroor gehoor het. Ek het besluit dat ek dit nie meer kon verduur nie en ek het opgestaan; daar was ‘n vrou in die kombuis, sy het al die kos voorberei en sy het so mooi na ons omgesien. Sy het vir my olie gebring, dit was presies wat ek van haar wou vra, maar sy het geweet sonder dat ek eers gevra het. Ek het reguit na Yeshua toe gestap; Sy gesig, die manier waarop Hy na my en die dissipels

gekyk het het my onklaar betrap. Daar is nie woorde om die liefde te beskryf wat uit Hom vloei nie. Ek het voor Hom gestaan en by Sy voete gekniel. Hy het bruin leer sandale aan gehad en ek het dit uitgetrek. Alles was só só werklik. Op hierdie stadium het ek Hom gesien as 'n man, ek kon hom baie, baie duidelik en in detail sien. Ek het lang bruin hare gehad; ek het Sy voete begin salf, my hare gebruik en Sy voete met die olie gesalf. Almal het na ons gekyk. Daar is nie woorde wat daardie oomblik kan beskryf nie. Toe het ek opgestaan en op Sy skoot gaan sit; uiteindelik het ek gesit waar ek wou sit. Op die tafel was daar brood en wyn. Yeshua het die beker en die brood in Sy hand gehou, dit geseën en gesê: "Hierdie is My nuwe verbond wat Ek met julle sluit..." Terwyl Hy nog aan die praat was het ons die brood ge-eet; ek het die lam gesien, die perfekte, vleklose lam wat geslag word en die bloed wat teen die deurkosyne gesmeer word. Die bloed het aan die kante van die deure afgedrup en die mense het binne gebly. Hy het oor beweeg en die plaag het nie teen hulle gekom nie.

"Sarah, My mooie lief, Ek was die perfekte Lam wat vir julle versoening geoffer was. Dit was My eer... As gevolg van My Bloed het julle lewe, as gevolg van My Bloed is julle van oordeel en van die dood gered. Dit is as gevolg van My, net as gevolg van My!" Ek het nog steeds op Sy skoot gesit; ek het die stuk brood klaar geëet en die wyn klaar gedrink, toe het ek omgedraai en na Yeshua gekyk, Hom reguit in die oë gekyk en Hom op Sy wang gesoen en met Sy hare begin speel; ons het almal begin lag. Yeshua het die mooiste lag, dit is so suiwer, om Hom te hoor lag is soos om na die mooiste musiek te luister. Daar was so baie vreugde binne daardie vertrek as gevolg van Wie Hy is en as gevolg van wat Hy gedoen het. Dit was asof ek 2000 jaar gelede daar was, maar Yeshua het dit klaar voltooi. Hy het iets in my oor in Hebreeus gefluister; ek het verstaan dat Hy "Geseënde Paasfees" gesê het – almal van ons het eintlik Hebreeus gepraat, selfs toe Petrus met my gepraat het, maar ek kon dit verstaan en ek het ook in Hebreeus geantwoord.

Ek kon in die gees aanvoel dat daar nog so baie dinge was wat Hy wou sê, maar Hy het dit terug gehou, want Hy het gesê dat Hy wou hê dat ek net saam met Hom moet wees, deel in dié tyd met Hom en Hom geniet. "Ek sal jou op 'n later stadium vertel, My lief,

binnekort... Daar is so baie dinge wat EK jou gaan vertel, binnekort gaan EK jou die volgende brief gee oor My Orde. EK is baie passievol oor My orde, dit is noodsaaklik. Sonder My struktuur sal baie dinge platval. EK het hierdie tyd met jou geniet, meer as wat jy ooit sal besef, My lief. Vertel My mense dat julle My nie altyd sien of My voel nie, maar EK is daar, altyd. EK kyk aanhoudend na jou en wag vir jou om tyd met My te spandeer. Asseblief My mense, spandeer meer tyd met My sodat julle My beter kan ken; EK verlang na jou, EK wag vir jou om in My arms in te hardloop."

Dit was baie interessant, terwyl ek aan tafel gesit en na die dissipels gekyk het, het ek byvoorbeeld vir Petrus op 'n Rots sien staan (Matteus 16:18) en wanneer ek na Johannes gekyk het het ek hom teen Yeshua se bors sien leun, (Johannes 13:25) en wanneer ek na Judas gekyk het het ek 30 silwer muntstukke gesien (Matteus 15:26).

Matteus 26:17-20, 26-29 NKJV(vry vertaal)

Nou op die eerste dag van die Fees van Ongesuurde Brood het die dissipels na Jesus gekom en gevra, "Waar wil U hê moet ons gaan regmaak vir U om die paasmaaltyd te eet?" En Hy het gesê, "Gaan die stad binne na 'n sekere man en sê vir hom, 'Die Leermeester sê, "My tyd is naby; Ek sal die Paasfees by jou huis saam met My dissipels hou." Die dissipels het gemaak soos Jesus aan hulle opgedra het en hulle het die paasmaaltyd voorberei. Toe die aand aangebreek het, het Hy saam met die twaalf aan tafel gesit. Terwyl hulle geëet het, het Jesus die brood geneem, dit geseën en dit gebreek en vir die dissipels gegee en gesê, "Neem, eet; dit is My liggaam." Toe het Hy die beker geneem, dank uitgespreek en vir hulle gegee en gesê, "Drink almal daaruit, want dit is My bloed van die nuwe verbond, wat vir baie vergiet word tot vergewing van sondes. Maar EK sê vir julle, EK sal nie van dié vrug van die wingerd drink van nou af tot en met die dag wanneer EK dit nuut saam met julle in My Vader se Koninkryk drink nie."

1 Korintiërs 5:7-8 NKJV (vry vertaal)

Dus verwyder die ou seerdeeg, sodat julle nuwe, ongesuurde deeg kan wees, aangesien julle werklik ongesuur is. Ons paaslam, Christus, is immers vir ons geslag. Laat ons daarom die fees hou, nie met die ou suurdeeg of met die suurdeeg van kwaadwilligheid

of boosheid nie, maar met ongesuurde brood van opregtheid en waarheid.

1 Petrus 1:18-19 NKJV(vry vertaal)

Julle weet tog dat julle nie met verganklike middele soos silwer of goud losgekoop is uit julle oorgeërfde sinlose bestaan nie, maar met die kosbare bloed van Christus, die lam wat vlekloos en sonder liggaamsgebrek is.

GESEËNDE PAASFEES IN DIE NAAM VAN ONS LAM. DEUR SY BLOED IS ONS VERLOS.

_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____

TEKENS VAN DIE TYE: 14 April 2013

Sondagaand terwyl ek op my bed gesit het, het Heilige Gees my gelei om iets profeties te doen, dit was iets wat ek moes laat vaar en op Sy altaar plaas... Onmiddelik nadat ek dit aan Hom oor gegee het, het ek verligting gevoel, asof iets van my losbreek. Ek was oorweldig met vrede en ek kon nie help om te huil as gevolg van die waardevolheid van oorgawe nie...

Ek het gesien dat ek wit arendsvlerke het, my gees het uit my uit gesweef, ek het aanhou hoër en hoër vlieg todat Yeshua my in

Sy hand gevang het. Toe het ek ‘n vertrek binne gegaan, (*tydens ‘n vorige geleentheid het ons tot voor die deur gekom, maar dit was nog nie tyd om binne te gaan nie*)...

Die binnekant van die vertrek het goue mure gehad. Ons het voor ‘n groot aantal – wat gelyk het soos baie groot plat skerms – gestaan. Soos ‘n film het dit beelde gewys. Ek het dit herken, dit was die boeke van Daniël en Openbaring...

Daar was ‘n tafel in die middel van die vertrek en Yeshua het gesê: “Kom, EK wil jou iets spesifiek wys.” Daar was perkamentrolle op die tafel; Hy het baie hard gepraat en ek het die woorde gehoor “Tekens van die Tye!”

Een van die skerms het voor my verskyn en ek het ‘n vol maan gesien, die maan het bloedrooi verander, en toe weer normaal; weer rooi en weer normaal *(bloedmane*). Hy het Sy vinger op Israel gesit, na Israel gewys... “Kyk na die tekens van die tye, EK skree deur die tekens, EK is besig om elke moontlike waarskuwing uit te basuin. Wie sal ontwaak en sien – EK IS OPPAD! Hy het Sy hand uitgesteek en my hoër geneem, amper asof ons in ‘n nuwe dimensie ingegaan het... Daar was goed aan die beweeg, dis moeilik om te verduidelik, dit het amper soos toegedraaide pakkies gelyk; Toe besef ek hulle lyk eintlik soos baie, baie groot koeëls wat in die aarde se rigting gevuur is...

Ek het Yeshua gevra wat dit was en Hy het gesê dat dit Sy oordeel en verwoesting teen die aarde is; Hy het gesê dat ek binne-in dit moet kyk... Ek het en in die een het ek ‘n baie groot tsunami gesien, in ‘n ander een het ek hewige vloede gesien, in ‘n ander een aardbewings; ek het kragonderbrekings gesien, kwaai storms... hulle was almal in die aarde se rigting oppad, een na die ander en hulle het al hoe vinniger beweeg en die aarde soos bomme getref.

Toe sien ek ‘n baie groot tafel, met verskillende afdelings. In die middel van die tafel was die woorde “Een Nuwe Wêreld Orde” geskryf. Op hierdie stadium het ek moeder Maria gesien en baie Katolieke; ek het ook die pous gesien.

Toe het ek ook gesien hoe die anti-Chris in die gees lyk, hy was ‘n ‘aantreklike’ jong man, hy het soos die duiwel gelyk wanneer hy as ‘n man manifesteer – baie vriendelik en verwelkomend, vriendelik; hy trek mense na hom; ek het gekyk na hoe hy daar staan en hy het hierdie vrede gehad wat hom omring, hy het aan die kop van die tafel

gesit... Een vir een het die wêreldleiers by die tafel kom sit todat dit vol was. Ek het gesien hoe geldeenhede letterlik saamsmelt. Ek het ook die herbouing van Salomo se tempel gesien en het die woorde "binnekort" gehoor. Ek het oral mense sien rond loop met die merk van die dier op hulle voorkoppe of regterhand; die mense wat dit nie gehad het nie moes wegkruip.

Ek het 'n lang slang rondom die aarde sien seil en die volgende oomblik het dit opgestaan en ek kon sy giftande sien. Yeshua het gesê dat die slang se een giftand misleiding was en die ander giftand was die anti-chris. "Satan sal binnekort in beheer van die aarde wees. Daar sal 'n atoom oorlog wees, nasie sal teen nasie draai."

Ek het weer na die skerm gekyk en ek het twee vroue in die veld sien staan, die een vrou word geneem en die ander een word agter gelaat... Net nadat dit gebeur het, het die ander vrou besef presies wat gebeur het (*die wegraping*) en sy het verskriklik hard begin skree en die hare uit haar kop getrek.

Ek het leë baba stootkarretjies, beddens, stoele en motors gesien en Yeshua het gesê: "Dit sal gebeur met die blaas van die trompet, die roep van die Aartsengel." Terwyl die trompet geblaas is en ek die roep gehoor het, het die Bruid onmiddelik gehoor en haar gees het geantwoord en sy was weggevoer na waar haar Bruidegom vir haar wag.

"Mense op hierdie oomblik is My olie uit My Gees aan die vloei na almal wat hulle kruike uithou, na almal wat gewillig is om die ekstra olie te ontvang.

Asseblief, asseblief My mense, laat Ek jou leer van die ekstra olie, dit is die redding van die siel. Asseblief, sonder die ekstra olie sal jy nie voorberei wees nie."

Ek het goue olie uit Sy hart sien stroom, baie mense besef dat hulle ekstra houers leeg was en daar nie 'n druppel van Sy olie binne is nie, maar dat dit met self gevul is. Ek het mense gesien wat desperaat was, en hulle het ontvang, en gevul geword, maar ek het ook baie mense gesien wat slaap, dit is 'n diep slaap.

Ek het 'n skerp lig sien aangaan in die vertrek waar hulle geslaap het; die vertrek is verlig – Hy openbaar Sy waarheid deur die monde van dié wat gewillig is om op te staan en te praat, dit wat Hy in hulle mond sit; Op daardie manier skyn Hy Sy lig in hulle duisternis, want

Hy wil hulle wakker maak. Maar hulle bly in die donker, want hulle ooglede bly toe. “Jy sal niemand hê om te blameer nie, nie eers jou geestelike leier nie. Weer sê EK vir jou, die rooi koord hang nog steeds uit, julle beleef ‘n kort tydperk van vertragings, suiwer deur genade; Gryp My genade aan en gebruik elke sekonde wat jy het om op die uitkyk te wees en te bid dat jy nie mislei word nie.

Hou jou klere skoon en was jouself. Was jou verstand in die water van My Woord...reinig jou hart en jou hande, want die wat ‘n rein hart en rein hande het sal My sien. Tyd is baie vinnig besig om uit te loop, vertel hulle wat jy sien!! ”Hy was baie bekommerd, desperaat en ernstig!

Ek het ‘n baie groot horlosie gesien, die handwyser van die horlosie was ‘n trompet, die middel van die horlosie waarin die handwyser vas is, was ‘n beker (gevul met die sonde en rebellie van die mense); hoe voller die beker geword het, hoe vinniger het die tyd verbygegaan en hoe vinniger het die trompet getik. Die beker was so vol, tot die punt van oorloop sodat die horlosie amper vol was. Yeshua sê dat die trompet teen 12uur sal blaas...

Wanneer die trompet blaas sal die horlosie op die aarde val, “My oordeel en verwoesting sal op die aarde kom soos nooit tevore nie. Sodom en Gomora was niks in vergelyking met wat voorlê nie.

“EK is woedend oor hierdie selfgesentreerde wêreld wat die mees belangrikste ding vergeet het... DIE LEWE GAAN OOR MY!! Lewe kom van My, EK IS Lewe en EK het dit in jou neusgate geblaas, dood is ook in My hand, EK het gekom sodat almal Lewe kan hê, maar as jy nie jou lewe vir My teruggee nie, is jy dood, want dan kan EK jou nie meer red nie.” Ek het Yeshua gereed sien staan en voor Hom was daar ‘n ry eind-tyd engele. Hulle was geskape vir hierdie doel en het tot nou toe nog niks gedoen nie. Hulle is die engele wat Sy toorn na die aarde gaan bring. Hulle was in posisie en hulle het hulle opdragte ontvang. Almal het gestaan en die horlosie dopgehou, om te luister wanneer Abba se hart sê: ‘Die tyd het gekom. Ek het lank genoeg My genade as ‘n gratis geskenk aangebied. EK sal nie ‘n volgende geslag toelaat nie.’

Aan die een kant van Yeshua was die eind-tyd engele in posisie en aan Sy ander kant was Sy eind-tyd boodskappers en eind-tyd profete in posisie. Somige van hulle het duif-vlerke gehad en ander het

arendsvlerke gehad (*duif – boodskapper, arend – profeet*).

Almal van hulle het deurborende turkoois oë gehad. Almal van hulle het 'n goue emmer met graferings rondom dit gehad, die graferings was hulle opdragte van YHVH. Hulle het ook 'n goue pen gehad en die ink was goue olie. Hulle was baie spesifieke mense (*gekose*). Ek het iets amper soos geel rondom hulle gesien en Yeshua het gesê dat hulle Sy glorie besit. Ek het iets wat baie, baie mooi was gesien. Elkeen van daardie mense was gebore met 'n merk op hul voorkop. Dit is die soen van God, ek het Hom letterlik sien rondstap in 'n kamer waar babas gelê en wag het (*gees, nog nie manlik of vroulik nie*). Hierdie babas het 'n spesifieke saad gehad, Hy het hulle eenkant gehou vir die eind-tyd, want hulle was bestem vir die laaste dae. Hy het in die kamer rondgeloop en hulle apart van die ander gehou, want Hy het hulle gekies, Hy het afgebuk en hulle op die voorkop gesoen, wat Sy merk op hul koppe gelos het – DIE NAAM VAN EK IS!! Sy soen was EK IS, dit kan nie weggevee word nie, Sy lippe het dit in silwer en goud gegraffeer. Hulle dra Sy Naam, hulle is die eind-tyd profete en boodskappers wat voor Hom uitgaan en die weg voorberei vir Sy wederkoms. Terwyl ek na hulle gekyk het, het ek hulle met suiwer wit klere gesien, maar hulle het letterlik van die bloed gedrup. Hul gewaad het van Sy bloed gedrup en Yeshua het gesê: "Hulle leef in My Bloed, hulle ken die krag van My Bloed, hulle weet dat hulle dood is sonder dit, dit is hoekom hulle in staat is om so naby aan My te wees, want hulle wend My Bloed aan, hulle ontvang en GEBRUIK die wapens wat EK gratis vir almal gegee het!"

Die deur waardeur hierdie mense ingekom het, na daardie plek waar hulle gestaan het was Joël 2... Daardie mense het boodskappe van Yeshua ontvang, hulle was baie gefokus, hulle móes wees, want dit is vir hulle wie die vyand wil vermoor, ek kon dit sien... die vyand haat hulle. Hulle het 'n boodskap ontvang en dit vrygelaat, ontvang en vrygelaat, aan sommige het Hy selfs gesê dat die mense nie sal luister nie, maar vertel hulle in elk geval. "Wee dié wat nie gehoor gee aan die waarskuwings en boodskappe van My profete en boodskappers nie, Wee dié wat 'n klip in hul rigting gooi." Toe sien ek die son van naby, dit het baie plofbaar geword en gelyk asof dit spoeg. Dit was amper asof daar ontploffings op die son was.

Ek het daar gestaan en luister na wat Messias vir my gesê het en

na alles wat voor my was gekyk, sodat ek dit alles kon neerskryf. Die volgende oomblik was daar 'n geweldige geluid en iets het gebeur, dit was amper asof die hemele geskud het soos 'n aardbewing; ek kan nie verduidelik wat gebeur het nie, dit was SO skielik. Ek het Yeshua gevra, wat het nou net gebeur?? Hy het baie direk en duidelik met my gepraat en Hy het my reguit in die oë gekyk en gesê: "Wanneer die trompet 12 slaan sal daar nie tyd wees om My boodskappers en profete vir die laaste keer te waarsku nie, daar sal nie 'n finale oproep wees net voordat EK julle versamel nie; hoor My woorde (Hy het na my gekyk met trane wat van Sy gesig afstroom) hierdie is My finale waarskuwing, dit is my finale oproep, dit is My finale oproep vir belydenis en gehoorsaamheid (*hierdie is die seisoen van YHVH se finale waarskuwings wat Hy deur Sy eind-tyd boodskappers en profete uitstuur*). My lief, EK sal nie in staat wees om jou te sê net voordat EK julle kom haal nie, want dan sal jy al klaar by My wees, dis hoe skielik dit sal wees. Dit is hoekom EK jou nou vertel, enige oomblik van nou kan My Vader besluit, Sarah, EK sê vir jou. EK KEN MY VADER SE HART, EK weet, daarom sê EK vir jou om jouself voor te berei, dit sal skielik wees. Jy sal nooit uitgaan met 'n boodskap wat sê dat EK nou kom nie, want jy sal klaar by My wees. EK sê weer, net om te verseker dat My mense My woorde hoor, HIERDIE IS MY FINALE OPROEP!"

Yeshua het die hele tyd gehuil, dit was defnitief die meeste wat ek Hom al sien huil het. Wanneer ek in Sy mooi blou oë gekyk het, het ek mense in die vloed sien verdrink. "Sarah, EK weet, EK ken elke naam, EK het elke gesig geskape, EK het in elke liewe een se neusgate asem geblaas, EK weet wie nie deel van My Bruid is nie, en ken elke liewe een van My mense wat EK liefhet en wie My liefhet en My aanvaar, maar dit sal nie vir almal moontlik wees om ons Huweliksfees te vier en te geniet nie, as gevolg van godsdiens.

Nie almal is My Bruid nie, nie almal is in 'n verhouding met My nie. Dit sal wees soos in die dae van Noag, jy kan beweer dat jy My ken, maar EK weet wie My ken. EK wil nie hê dat jy dinge moet DOEN *(godsdienstige goeie werke*) in My Naam nie, EK wil hê dat jy my Naam dra. Wanneer EK na jou kyk en jou vra, 'Ken jy My?' Jou woorde en jou werke sal nie My antwoord wees nie, maar die toestand en die houding van jou hart sal My antwoord wees.

Wat vul jou hart, is dit gevul met self, of is dit gevul met My? EK IS Liefde, maar wanneer EK jou voorwaardes gee, is daar redes daarvoor; wanneer EK vra dat jy dinge moet doen is dit omdat dit noodsaaklik is, want dit is wat jou in staat sal stel om te ontvang wat EK so brand om vir jou te gee. EK sal dit nie vir jou gee omdat EK jou jammer kry nie, of omdat jy berou het en nie geluister het nie. Omdat EK jou liefhet sê EK nou vir jou sodat jy kan bely en wandel in gehoorsaamheid. Verhouding!"

Sy trane het in 'n emmer geval; daar was so baie emmers vol van Sy trane dat daar 'n rivier was. EK het in 'n baie breë rivier van my Messias se trane gestaan en al wat ek kon sê was, 'ek is lief vir U!'. Sy gesig het opgehelder en Hy het geglimlag. Weer het Hy gepraat oor die ekstra olie en hoe belangrik dit is... "Staan op My vegters, staan vas, staan want die vyand is desperaat om dood te maak, te steel en te vernietig soos nooit vantevore. Kyk na die tekens van die tye en sien dat EK oppad is, wees nugter en op die uitkyk, My mense."

WAG OP GOD: 7 Mei 2013

Sarah, My geliefde, Wat 'n vreugde is dit om jou hier by My voete te hê vanoggend – opsoek na My hart. Hou so aan, nasies sal hoor van wat in hierdie kamer gebeur in die nagtelike wagte... Leer My mense om op My te wag. Hulle verstaan nie wat dit beteken nie.

Om te wag beteken stilte, wanneer jy wag is daar verwagting. Ek sien baie van My mense hoor van die beginsel om op My te wag, en van die belangrikheid daarvan, maar hulle sukkel as gevolg van hulle eie struikelblok – die onoorgegewe sielsgedagtes. Jou gedagtes dwaal ver weg... My mense, die wagposisie is nie altyd totale stilte nie. EK verwag nie van jou om te sit sonder 'n enkele gedagte, in totale stilte nie. EK het jou nie so geskape nie, MAAR EK vra wel van jou om tyd te maak sodat EK met jou kan praat. Die stilte wat ek verlang verstaan jy nie so goed nie. EK wil nie hê dat jy aan niks moet sit en dink nie, want die slang sal hom daarin verheerlik. Hy sal al wat 'n ding is in jou gedagte bring en jy sal val en verwerping sal volg.

Wat EK wel vra is dat jy in jou sielsdimensie stil raak. Om op My te wag behels dat die stem van jou siel stil gemaak word, en die volume van Christelike gedagtes in jou gees verhoog word, wat My stem is. Wat EK van jou vra is om jou gedagtes op hoër dinge te rig, die dinge van die Gees en nie die vleeslike goed nie. EK het jou 'n baie, baie kragtige wapen gegee om jou te help met hierdie moeilike taak, want EK ken die siel van die mens. EK ken die gedagtes van jou hart. Jou siel vind dit moeilik om op My te fokus terwyl jou gees gedurig op My gerig is. My mense, My Woord is jou kragtige wapen, dit is skerper as enige tweesnydende Swaard, dit sny in tussen jou siel en gees, dit onderskei tussen die gedagtes en bedoelings van jou hart. Julle sien My kleintjies, om op My te wag gaan daaroor om te leer om tussen die siel en die gees te onderskei, tussen jou gedagtes en My gedagtes. Dit is een van die redes hoekom EK jou My Boek gegee het, EK is lief vir My Boek, dit is My geskrewe hart; Jy kan My hartklop daarin hoor as jy met jou gees luister.

My mense, terwyl jy op My wag, vat My boek en mediteer daaroor, dit sal jou gedages vernuwe en jy sal sterker word. Hier is 'n ander skrifverwysing vir jou Sarah, my geliefde, Ek weet jy bewonder dit, en glimlag elke keer as jy dit lees...Pas dit toe wanneer jy op My wag... Lê alle onreinheid en oorvloedige boosheid (*vleeslike*

gedagtes wat jou siel oorvloei) neer, sodat jy met sagmoedigheid (*neerlê van onreinhede en boosheid beteken dat jy leeg is, dit is wat sagmoedigheid en nederigheid beteken, om leeg te wees van self maar gevul met My Ruach)* My INGEPLANTE WOORD ontvang wat in staat is om jou siel te red!! My Woord is binne in jou geplant en red jou siel soos jy begin toelaat dat dit wortel skiet. Dit sal oorneem om al die verkeerde bome wat in jou is, en waarvan EK besig is om jou te onderrig, te ontwortel.

My geliefde kinders, MY begeerte vir julle is om nie te sukkel nie, om na aan My te kom, want EK geniet dit om nader aan julle te kom. Om op My te wag is nie 'n gemaklike plek vir jou siel om te wees nie, want dit moet tweede plek in neem, soos dit in die eerste plek bedoel was om te wees, maar sélf wou bo My in jou verhef word. Todat EK weer kom – wat binnekort is – sal jy stryd voer teen jou siel om sy regverdige posisie in te neem. My mense gee aandag aan jou verhoudingslyn, want as jy sukkel om tyd met My te spandeer as gevolg van die feit dat jy geblok voel, is jou verhoudingslyn uit. Sarah, vertel hulle wat jy sien." Toe sien ek Abba se troon en ek staan voor Hom. Daar was 'n brug soos 'n oprit van my af na Hom toe. Ek wou na Hom hardloop en by Hom sit, maar toe sien ek dat die brug totaal en al buite verhouding was. Hy sê dit is hoe die mens lyk: 1) siel, 2) liggaam, 3) gees. Hierdie is die verkeerde verhoudingslyn, jy kan nie naby My kom met hierdie verhoudingslyn nie, want self is bo My verhef. Jy word deur jou siel beheer, jy leef 'n sielvolle lewe gelei deur jou verstand, wil, emosies en begeertes. EK wil hê jou liggaam en jou siel moet aan jou gees onderwerp wees, want EK IS op die troon van jou gees en dan is jou verhoudingslyn in orde en sal jy My stem hoor en sal dit moontlik wees om intiem met My te wees, want jou siel blokkeer nie My gees nie.. Sarah EK ken jou gedagtes nog voor dit by jou opkom. EK weet dat My mense gaan vra maar hoe kan ek my verhouding in orde kry,?' EK sal jou antwoord met een van die woorde wat EK so naby aan My hart hou, dit is My Woord, EK besit dit, totale verandering is binne dit verborge, dit verander die dood in lewe... My mense, My woord en My antwoord, My hart en My roep is.... BELY!" Ek het bely, en onmiddelik het my verhouding in lyn gekom en ek het na Hom toe gehardloop.

Sefanja 3:8-13, Wag vir My! Dié wat op My wag soek geregtigheid,

nederigheid, sagmoedigheid en EK SAL hulle in My oordeelsdag beskerm, dié wat wag, sal EK veilig hou. Wag op My en EK sal jou krag vernuwe, jy sal opstyg met vlerke soos 'n arend, jy sal hardloop en nie moeg word nie, jy sal loop en nie flou word nie. Om op My te wag is 'n beginsel en 'n beginsel is 'n brug waarmee jy oorbeweeg tot in My Koninkryk. Volg die beginsel en die resultaat sal 'n Koninklike lewe wees!

Shalom My kleintjies

_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____

BREEK DIE GEES VAN GODSDIENS: 6 Junie 2013

Ek het Yeshua gevra wat op Sy hart was... Hy het my geantwoord en gesê: "Help My mense."

Ek het hom gevra hoe ek dit moet doen en Hy het met my begin praat oor die godsdienstige gees en hoe dit onder Sy mense in werksaam is.

"Die boodskap waarmee EK jou uitstuur vir hierdie laaste uur is die boodskap oor die oorgang van godsdiens na verhouding; van louwarm na aan die brand te wees en leef in My Koninkryk; Van om My jou Meester te noem na om My as jou Bruidegom te ken (*verglykbaar met 'n liefdesverhouding soortgelyk aan dié van 'n bruid en bruidegom*). Hierdie boodskap is die hartklop van die Bruidegom. EK kom nie terug vir dié wat in godsdiens is nie, want die wat in godsdiens is beweer dat hulle My liefhet, maar hulle liefde vir My is louwarm. Dit beweeg hulle nie om in My Koninkryk te leef en My beginsels te gehoorsaam of hul lewens neer te lê, hul kruise op te neem en aan eie self te sterf

nie. Dit beweeg hul net om My gratis geskenk van lewe te aanvaar, dit beweeg hulle om alles wat EK hulle wil gee te eis, maar hulle stap nie in ‘n verhouding met My waar hulle iets van hulself gee nie. My mense, verhouding is nie ‘n eenrigtingweg nie, dit is ‘n dans van liefde waar EK lei en jy saam met My beweeg. Jy volg deur stappe van gehoorsaamheid, op die ritme van My hartklop, te neem. As jy na die hart van die Bruidegom luister, sal dit jou lei om met My te dans. My hart klop verhouding, My hart klop vir meer van jou, My hart klop nie vir jou om My maar net as ‘n Meester te ‘dien’ nie. EK soek liefdesslawe wat kies om by My te bly, wie My LIEFHET! My hart klop vir jou alles, want EK het jou My alles gegee!

In die gees van godsdiens hoor jy baie dinge oor My en jy het baie kennis, jou lippe is vinnig, maar die realiteit is dat jou hart ver van My is en jy in die greep van die godsdiensgees is. My mense lei dubbele lewens onder die dekmantel van Christenskap. My mense dink hulle is ‘Christene’, maar dit beteken niks vir My as jy nie in ‘n verhouding met My is nie. EK het My volk tot die dood toe lief, maar meeste het My nie tot hul eie dood lief nie, die dood aan self. Liefde is selfopofferend, dus as jy My liefhet, sal jy My gehoorsaam.

Die gees van godsdiens is in die verkeerde fokus, dit beweeg rondom My, maar die fokus is nie op My nie! Hierdie gees het ‘n stem van veroordeling. Hierdie gees hou jou uit die Heilige van Heiliges. Dit wil jou in die binnehof (*sielsdimensie*) hou.

Die gees van godsdiens is gekoppel met die gees van perfeksionisme, die gees van vrees en ‘n vals idee van selfbeheer. Hierdie gees is een van satan se grootste taktieke om My mense vas te vang en hul buite My teenwoordigheid te hou.

Hierdie gees maak ‘n tuiste waar daar verkeerde geloofsisteme en misverstande van My Woord is, asook daar waar wonde van verwerping is.

Die gees van godsdiens is ‘n sterk man en ‘n vorstedom. Dit hou jou fokus op wat jy nie is nie, dit gee jou nooit rus nie, want jy is nooit vlekvry genoeg om in My teenwoordigheid te kom nie. Daar is geen vrede en geen liefde en geen genade in die gees van godsdiens nie. Dit is krities teenoor die slagoffers en diegene rondom dit.. Hierdie gees dryf jou om te fokus op wat jy moet doen sodat EK jou kan liefhê, eerder as dat jy net by My voete kom sit en in My

teenwoordigheid kan wees en sien dat daar niks is wat jy kan DOEN vir My om jou meer lief te hê nie. Jy kan niks DOEN as verdienste om in My teenwoordigheid te kom nie. Dit gaan nie oor wie jy is nie, maar oor wie EK IS en nie oor wat jy doen nie, maar oor wat EK gedoen het!

Die gees van godsdiens manifesteer op twee verskillende maniere. Die een sal dalk My genade met werke vervang en val dan onder die wet sonder om dit eers te besef. Terwyl die ander manier My genade heeltemal misbruik. Hierdie is in die verkeerde geloofsisteem geanker, wat dan My genade in wetteloosheid verander.

Jy word óf 'n regter, oordeel jouself, is hard op jouself en op ander, dryf jouself om te presteer – alles met goeie bedoelings, of jy neig na die ander kant deur wetteloos, passief en geestelik onaktief te word.

Beide vernietig die intimiteit van 'n verhouding met My, want die een kyk na homself en probeer om homself perfek te maak deur 'sy eie handewerk' eerder as om op My genade wat hom transformeer, staat te maak. Die ander sit weer terug en doen niks behalwe om aan die slaap te wees, onder vals genade, passief en onkundig te wees nie.

Hierdie onkunde beweer dat EK gesterf het vir alle sonde wat jy tot dusver gepleeg het, sowel as sonde wat jy in die toekoms gaan pleeg.(*geen verdere belydenis daarvan is nodig nie)*

Jy sien, hierdie gees is 'n verkeerde geloofssisteem, want dit is nie die volle waarheid nie, daar is meer verbonde aan 'n verhouding met My. Die vyand neem die waarheid en verdraai dit sodat jy mislei kan word. Sien jy dat die vyand beide maniere gebruik om jou buite die bereik van My volheid te hou? Hierdie halwe waarheid word jou kaartjie na aftrede. Jy sit terug en word onaktief in die gees met die verstandhouding dat jy My ken, maar eintlik beskik jy slegs oor kennis van My.

Die godsdiensgees probeer baie keer om die waarheid oor voorgeslagtelike vloeke en oorlogvoering weg te steek. Die godsdiensgees hou jou in 'n louwarm toestand en is teen belydenis. Die gees van godsdiens wil nie hê dat jy waarlik moet bely nie.

My waarheid kan net woorde vir jou wees indien dit nie IN jou lewendig gemaak word deur die Heilige Gees nie! Jy sien, die godsdiensgees verwerp die vloei van My Gees. Dit vernietig My gees binne jou, dit maak jou onsensitief en doof, blind in die gees. Jy glo in My, maar jy sukkel om My stem te hoor, om My teenwoordigheid te

ervaar en om deur My liefde verander te word. Jy mag sukkel wanneer jy My aanbid, om My teenwoordigheid binne te kom, want die gees van godsdiens blokkeer jou weg na binne, dit suig die 'Zoe' lewe uit jou. Wanneer jy deur My oë kyk sal jy geskok wees om te sien hoe baie 'Christene' dooie godsdiens in hul harte het, maar aan die buitekant lyk hulle 'geestelik' – hulle woon funksies by, altyd bereid om te help, ens. Jy kan 'n goeie mens wees en steeds nie in 'n INTIEME verhouding met My wees nie. Die realiteit is dat sonder intimiteit met My is jy in godsdiens.

My mense, EK wil nie hê julle moet 'siels-Christene' wees nie. EK wil hê jy moet vanuit jou gees leef waar jy My stem kan hoor en in gehoorsaamheid wandel. Die gees van godsdiens laat jou nie toe om dit te doen nie, dit hou jou 'n 'siels-Christen' in plaas van 'n geestelike Bruid! Dit beperk jou...daar is soveel meer wat vir jou wag, My mense, dit is tyd om weg te breek van die godsdiensgees.

EK het gekom om jou daarvan te bevry. Laat EK jou vertel hoe om deur dit te breek. wêreldwyd en veral in Suid Afrika is mense in hierdie gees se kloue! Gaan vertel vir My mense, want dit hou My Bruid onvoorbereid en in 'n louwarm toestand van misleiding. Dit is tyd vir My mense om weg te breek van die gees van godsdiens. EK kom nie terug vir 'n dooie kerk nie, wees versigtig dat jy nie besig is met dooie werke nie, want waar die godsdiensgees is, is daar vrugte van dooie godsdiens. Neem asseblief hierdie boodskap na My mense, want baie van hulle sukkel, maar hulle dink nie dat hulle die gees van godsdiens het nie.

EK roep jou hoër; sal jy werklik weg kom saam met My? Moet asseblief nie tevrede wees met wat jy het nie... Jy kort meer! Diep roep uit na diep, EK IS aan die roep na jou, sal jy wegbreek en REGTIG na My kom? My arms is wawyd oop...

GEBED / PETISIE VAN VERLOSSING

God die Vader, U is die Regter van die heelal, U is die EK IS, die God van Abraham, Isak en Jakob. Deur U Seun, die perfekte Lam as my Advokaat, kom ek _____ met vrymoedigheid voor U troon onder die bedekking van die kosbare en kragtige bloed van Yeshua.

Dit is op grond van hierdie Bloedverbond dat ek my petisie voor U in die Hemelse Regsaal bring; ek bring my saak voor U en petisie vir U verlossing.

Ek bely vir die feit dat ek aan my aanklaer toegegee het – satan se taktieke om my vas te vang, my te mislei en my weg van U teenwoordigheid te hou deur die gees van godsdiens toe te laat, die gees van perfeksionisme en die gees van vrees 'n plek binne die hekke van my stad te gee.

Ek bely my handeling vanuit vals selfbeheersing en ek bely verkeerde geloofsisteme teenoor U genade (*Vra Hom om die verkeerde gelowe aan jou te openbaar*).

Ek bely die misbruik en misverstaan van U genade in enige opsig.

My petisie is dat U enige godsdiensbande in my geesteslewe sal afbreek. (*Vra Hom om jou die opening te wys waardeur die gees van godsdiens wettige reg gekry het om binne te tree en bring dit voor Yeshua, nooi Hom in en vra Hom om die seer te genees, die probleme op te los, of in die behoeftes te voorsien waaraan hierdie gees vashouplek gevind het.*

Verklaar daardie deel van jou hart as afgeseël deur die Bloed van die Lam. Dit is in ABBA se hande, die vyand het nou nie meer enige wettige reg nie. Dit is baie belangrik om met hierdie deel van die verlossing te handel. Sluit daardie opening waardeur die vyand ingang gevind het met die slot van liefde deur Bybelverse van Christus se liefde oor die ge-penbaarde area (oop deur – onbevredigde behoeftes, onopgelosde probleme, ongeneesde seer) in te spreek.)

Vader ek vra U om al die bande van die godsdiensgees in my lewe te sny, vermorsel, stukkend te slaan en te verwoes.

Sny die bande van vrees – ek verklaar dat ek nie 'n gees van slawerny en vrees ontvang het nie, maar ek het 'n Gees van aanneming ontvang waarvolgens ek uitroep na Abba Vader! Ek het nie 'n gees van vrees ontvang nie, maar van krag, liefde en suiwer gedagtes.

Ek bely Vader dat ek hierdie vrees binne my toegelaat het.
Ek glo dat U perfekte liefde die gees van vrees en die gees van perfeksionisme nou dadelik uitwerp, in die Naam van EK IS, die God van Abraham, Isak en Jakob deur U Bloed.

Ek bid dat U die lig van U waarheid in my lewe sal skyn en dat dit al die werk van die bose sal uitwis.

In U Naam – breek af, slaan stukkend en vernietig die bande van perfeksionisme wat gewortel is in die gees van godsdiens.

Ek petisie dat U Gees die godsdiensgees, die gees van perfeksionisme en die gees van vrees sal bind en dit binne U vuur werp.

Gees van godsdiens, gees van vrees, gees van perfeksionisme – ek spreek julle direk aan deur die Bloed van die Lam, ek sny julle bande deur die waarheid van YHVH se Woord. Gees van godsdiens, gees van vrees, gees van perfeksionisme ek wys jou tereg en verloën jou, jy het geen plek in my lewe nie. Vrees, perfeksionisme en geestelike doof- en domheid wat in werking in my lewe was. Jesuha, ek bring dit voor U en vra U om dit aan U kruis vas te nael sodat dit een met U dood kan wees. Gees van godsdiens, gees van vrees, gees van perfeksionisme word in die vuur van God gewerp en behoort onder die Koning van Konings se voete.

Vader ek bring elke leuen, elke valse waarheid, elke misleiding en elke verkeerde geloofsisteem wat aan die gees van godsdiens gekoppel is binne U Lig en ek bind dit met die waarheid van U Woord.

Ek breek met daardie verkeerde geloofsisteme in U Naam **. (*Hou aan om dit te doen soos Heilige Gees jou verstand vernuwe in 'n proses waar jou gedagtes vasgevang word in gehoorsaamheid).***

Ek bring al die verkeerde gedagte patrone van vrees na U en vra dat U daardie takke met die Swaard van U Gees sny – met U kragtige en lewendige Woord.

Ek bid dat my verstand in die verstand van Christus sal vertoef sodat my gedagtes vernuwe en in die waarheid gewortel mag word.

Ek bid dat die verkeerde geloof aangaande U genade afgebreek sal word en met die waarheid oor U onverdiende genade vervang sal word, wat my in 'n verhouding van verbond met U sal lei deur U sewevoudige Gees (*Jesaja 11:2, Openbaring 4:5*)

Abba, ek petisie voor U in die Allerhoogste Hemelse Regsaal, vir skeiding met die gees van godsdiens. Ek wil nie langer deel hê aan die misleiding wat my van U teenwoordigheid weghou, my louwarm hou en van die ingang tot U Heilige van Heiliges weerhou nie. En my van 'n INTIEME liefdesverhouding weerhou, nie.

YHVH, Allerhoogste God, ek glo dat U my nou verlos het van die gees van godsdiens en ek glo dat U die bande van vrees, perfeksionisme, 'n vals geloofsisteem aangaande genade, onkunde en wetteloosheid, oordeel en kritisering sny.

Nou vra ek U, Heilige Gees om hierdie area te kom vul. Ek vra U vir

‘n vars vervulling met die volheid van die sewe Geeste van YHVH – die Gees van YHVH, die Gees van Wysheid en begrip, raad en mag, kennis en die eerbiedige vrees van YHVH om die bande van liefde en waarheid wat van U Gees na my gees vloei, te versterk.

Hou, beskerm en bewaak my van hierdie gees van godsdiens in my lewe.

Ek dank U dat die deur na die Heilige van Heiliges wawyd oop is vir my om binne te kom, Deur die Bloed van die Lam kan ek binnegaan.

Ek dank U vir U waarheid oor U genade en beleidenis wat die weg is waardeur ek U Heilige van Heiliges kan binnegaan.

Sal U my asseblief herstel, verfris, verlewendig en vernuwe. Ek wil groei in my wandel met U. Heilige Gees ek laat U toe om vrylik in my te beweeg, om my te verander, my te transformeer tot U wil, U begeerte.

Ek vat nou U hand, aangesien ek nie langer deur godsdiens gebind is nie, maar nou vry is om in ‘n LIEFDEVERHOUDING met U te wees, waar ek in U en U perfekte bevryding, redding, verlossing, vergifnis en genade rus. En soos dit ‘n gees van belydenis in my vestig, om met U in liefde te wandel met voete wat in nederigheid en gehoorsaamheid wandel en ‘n hart wat vinnig is om op my knieë te gaan, te bely en van my bose weë weg te draai.

Vader ek bring my geestelike sintuie voor U, my geestelike oë, ore, reuk, smaak en gevoel. Ek vra U om my geestelike sintuie met die Bloed van die Lam te reinig, sodat die godsdiensgees nie sal verhoed dat ek U stem hoor, of my geestelike sintuie verstop sal raak, en sodoende keer dat ek U teenwoordigheid in die gees ervaar nie.

Ek plaas my geestelike sintuie in U hande en ek vra U om dit deur U Bloed af te seël.

Ek vra U, Heilige Gees om in beheer van my sintuie te wees en my te leer om in die gees te wandel in plaas van in die vlees.

Vader, U het openbaar dat die gees van godsdiens, die Zoë lewe, die geestelike lewe uit my uitgesuig het en dat dit soos ‘n blokkasie tussen my siel en my gees was wat my in daardie plek gehou het waar ek net ‘n sielslewe gelei het, die werking van U koninkryk geneem en dit in my wêreldse verstand probeer verstaan het.

Ek bely hiervan, ek bely van wêrelse redenasie en ek vra U om my te help om te verstaan, deur Heilige Gees, die Gees van begrip en

insig van die werking van U Koninkryk.

Neem my dieper, neem my dieper, neem my na U Heilige van Heiliges waar ek ‘n lewe vanuit my gees kan lei, waar ek voor U gees tot Gees kan kom en U nie vanuit my vleeslikheid sal benader of die geestesdinge met my natuurlike verstand sal probeer verstaan nie.

Vader, ek verklaar dat ek nie langer die gees van godsdiens in werking binne my wil hê nie, ek wil nie hê dat dit langer tussen ons moet staan nie; ek wil nie hê dat dit my langer sal mislei om tevrede te wees met wat ek nou het nie. Ek wil hê dat Heilige Gees my ‘n groter honger en behoefte vir U sal gee...meer as wat ek tans het.

Ek is nie tevrede nie, ek kort meer en wil meer van U in my hê.

Ek vra U om my geestelike sintuie en die bande van ons liefde te herstel.

Vader, ek erken dat U ons geskep het, dat U die mens geskape het om in ‘n intieme LIEFDESVERHOUDING met U te wees.

Ek wil in ‘n verbonds verhouding met U wees, waar ek nie net ontvang wat U vir my gegee het – U gratis geskenk van lewe – nie, maar ek gee ook myself aan U en ek gee ván myself.

Ek wil my neerlê aan u voete, gewillig om my kruis op te neem in gehoorsaamheid, want ek erken dat my wandel met U in ‘n liefdesverhouding, gehoorsaamheid vra.

Ek erken dat gehoorsaamheid die sleutel tot ‘n liefdesverhouding met U is, want U het gesê dat as ons U liefhet, sal ons U gehoorsaam.

Ek gee aan U my gewilligheid om gehoorsaam te wees, om ‘n liefdesslaaf te wees, om my gehoorsaamheid uit eie keuse te offer, omdat ek U liefhet.

Neem my nou tot in U teenwoordigheid, in U Heilige plek in. Hierdie keer nie soos die poging van Martha nie, maar om in te tree soos Maria. Ek wil net by U voete sit en in U teenwoordigheid bly, U in gees en waarheid aanbid. Seël my asseblief af met U Bloed. Ek vra U engele om my te beskerm. Verberg my in die skaduwee van U teenwoordigheid.

Abba Vader, ek vat vandag hierdie sleutel van Maria, wat die intieme liefdesverhouding met U ontsluit.

Geteken _____

Datum _____

Nadat ek in gebed hierdie petisie geskryf het, het ek ‘n seël gesien,

‘n bloedrooi seël! Dit was die seël van verlossing en van beskerming, want hierdie petisie is die begin van die reis waar Heilige Gees sal aanhou om verandering, vernuwing en transformasie te bring soos wat jy Hom toelaat. Hy wil gedrag, gedagtespatrone en verkeerde geloofsisteme van godsdiens na verhouding verander. BLY IN GOD SE WOORD! Bestudeer Liefde en Genade en God se Koninkryks beginsels. Dis ‘n reis, moenie twyfel aan God se bevryding nie, laat Hom toe om die veranderinge te bring.

_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____

SOOS IN NOAG SE DAE (DIE SLANG SE KODE IN ONS DNA): 7 Junie 2013

“Kom saam met My, EK wil jou iets wys.”

Ek het ‘n visioen van ‘n vrou gehad, Yeshua het gesê dat sy die hoer bruid is. Aan die een kant van hierdie vrou kon ek sien sy was swanger en die ander kant van haar was sy ‘n Bruid in wit geklee. “Kyk, dit is die hoer en die Bruid. EK IS besig om My Bruid voor te berei en satan is besig om sy hoer bruid in haar hoereerdery voor te berei.”

Die hoer was geprogrammeer vanuit dit wat in haar bloed is. Haar bloed was soos ‘n boekrol en afskuwelike dinge was daarop geskryf. “Gaan en sê vir My mense dat hierdie laaste dae soos die dae van Noag gaan wees; satan is besig om My mense se DNA onrein te maak met die saad van sy koninkryk, die saad van self en trots en dit is besig om van julle die hoer van Openbaring te maak.

Ek sal met jou in besonderheid begin praat oor hoe EK wil hê My Bruid haarself moet voorberei deur haar DNA te reinig, deur belydenis en deur in My hemelse Hof te petisie."

Ek het satan saam met sy demone tussen die Christene sien rondloop en dit het my aan die Skrif in Abba se Boek herinner wat sê dat die duiwel soos 'n brullende leeu rondloop, opsoek na wie hy kan verslind. Hulle het mense gebruik wie se DNA onrein was as gevolg van saad van trots, en die wie mislei was en in hul misleiding onkundig daaroor. Hy het hulle gebruik om sy saad te dra, hy het gelag en gesê: "Hulle dink dat hulle gered is, maar ek het hulle ingeteel as my hoer, hulle dink hulle is Christene, maar hulle is in Babilon. Ek bedrieg hulle so dat hulle nie sal bekeer en sodoende hul DNA reinig nie. Hulle is my dwase, hulle dink dat hulle nie onder my oordele staan nie, maar hulle is betower omdat hulle met my saad omgaan."

Hy het aanhou lag en, hy het nie geweet dat ek hom hoor nie, want ek was nie sigbaar nie danksy die Bloed van die Lam wat my bedek het... Ek het Yeshua gevra hoekom, gebruik die slang Sy mense en maak hy van haar 'n hoer? Hy het my geantwoord en gesê: "Omdat My mense mislei is, onkundig en onbewus van die realiteit en die toestand van hulle onoorgelewerde siele. Meeste van My mense – behalwe My Bruid – wandel net die 'maklike en gemaklike' deel van die waarheid. Hulle gryp nie die volle waarheid aan nie. EK sê jou, dit is so, EK het vir al jou sonde gesterf – die sonde wat jy reeds gepleeg het sowel as die sonde wat jy nog gaan pleeg MAAR net soos die feit dat almal nie gered word todat hulle met hul mond bely en met hul hart glo nie, so is My werk van bevryding ook net in jou voltooi deur belydenis.

EK wil hê jy moet my mense waarsku, dat satan hulle bloed soek, hy wil hê dat jy sy kode in jou DNA moet dra, sodat jy deur die hel geprogrammeerd sal wees en sy hoer kan wees wat aan afskuwelike dinge geboorte gee.

EK wil hê My mense moet hulle boeke bring (*lewensboek, jou DNA waarin alles oor jou geskryf staan)* en EK wil hê dat julle My hemelse regsaal sal binnekom en petisie. Bely sodat jou DNA gereinig kan word en sodat jy van die slang se kode kan skei. My oordeel is aan die kom.

Bely of jy sal die oordeel van die hoer ontvang."

Ek het Yeshua gevra om hierdie boodskap aan my te bevestig en Hy

het gesê: “Open jou boek (*Bybel*).” Ek het dit oopgemaak en die eerste ding wat ek gesien het, gelees... “Kyk, EK stuur My boodskapper voor Jou uit, die een wat Jou weg voor Jou gelyk sal maak. Die stem van die een wat in die woestyn roep: ‘Maak vir die Here ‘n pad; maak Sy paaie gelyk. Johannes het in die woestyn gedoop en gepreek van die doop van belydenis vir die vergifnis van sonde.’”

Gaan voor My uit met hierdie boodskap sodat My mense die weg vir My gelyk kan maak, want EK IS oppad.”

_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____

‘N WAARSKUWING VIR SUID AFRIKA: 16 Junie 2013

Yeshua het my baie dinge oor die Nuwe Jerusalem, die verdrukking, die wederkoms en Armageddon gewys en toe gesê: “Voordat hierdie dinge gebeur sal julle donker tye beleef as aanvang tot die tyd van smart. In Suid-Afrika sal julle My vuur (*herlewing*) sien en EK sal die vuur vanaf Suid-Afrika, na die res van die wêreld laat uitgaan, maar geweld sal losbreek, baie sal nog doodgemaak word. Daar sal bloedvergieting wees. Bid dat julle hierdie dinge sal ontsnap. Daar sal baie slagoffers wees, maar EK wil hê dat My mense in die gees daarteen oorlog sal voer deur vergifnis, petisie en deur in die gaping te staan. EK wil hê dat jy verby die mense sien; EK wil hê dat jy na My sal kyk, anders sal jy nie in staat wees om te vergewe nie.

Julle veg die stryd van rassisme in hierdie land. MOENIE daardie altaar bou nie, dit sal jou doodmaak; moenie rassisme ‘n plek binne jou mure gee nie. My volk, bely die sonde van rassisme in jou bloedlyn. Die dinge in hierdie land sal vererger, armoede sal toeneem. Baie sal dit wat hulle het verloor, baie sal nie in staat wees om aan hulle basiese behoeftes te voorsien nie, want alles sal te duur wees. Julle gaan duur betaal vir water, elektrisiteit en brandstof. Moenie nou jou geld op onnodige dinge spandeer nie; spaar jou geld, maar kom uit die Babeloniese sisteem, want EK sê jou, jy sal dit wat jy het verloor as jy in die verkeerde koninkryk is. Geld sal sy waarde verloor, lewensmiddele sal meer belangrik word omdat dit die enigste manier vir jou sal wees om te oorleef.

EK sê vir jou hierdie dinge, want My Bruid sal deur die aanvangstydperk van die periode van smart gaan, voordat EK julle versamel, voor die groot verdrukking. EK sê dit ook vir dié wat agtergelaat word; hulle sal hierdie dinge ervaar en sal dit moet deurmaak voordat EK weer kom.

MOENIE VREES NIE, MY MENSE! EK stuur nie hierdie boodskap uit sodat julle moet vrees nie. Maar, EK stuur hierdie boodskap sodat julle, julle harte sal voorberei as My bruid, sodat jy uit Babilon kan kom, sodat dit jou nie sal raak nie – dat jy hierdie dinge kan ontsnap soos Noag die vloed ontsnap het, Soos Lot en sy familie die oordeel teen Sodom en Gomorra ontsnap het, en Ragab vanuit Jerigo ontsnap het. My mense, EK red altyd ‘n oorblyfsel, EK sonder altyd ‘n oorblyfsel af as gevolg van hul getrouheid.

Bewaak julle harte teen rassisme, onvergifnis, haat en woede, want julle sal geweld, bloedvergieting, moord en korrupsie teëkom. As jy vir die slang ‘n plek maak sal jy ook verlore gaan.

Dit is nou tyd vir My mense om van Stefanus te leer. EK gee jou die sleutel van Stefanus; dit is vir nóú en vir diegene wat gaan agterbly (*Handelinge 7:54-60*). EK is die Regter, laat EK oordeel, want daar is niks wat My oë nie sien nie. Moet nie wraak neem nie, want EK sal dié oordeel wat teen My sondig. Wees liefdevol en vergewensgesind.

Bid vir julle regering, want My hart word met woede gevul as Ek sien hoe julle leef. Bid dat julle My oordeel, wat op hierdie nasie gaan kom, sal ontsnap.

Bekeer van seksuele sonde en perversiteit (*homoseksualiteit*), rassisme, rebellie, ongehoorsaamheid, skynheiligheid... My mense, maak julle oë oop – watergeeste is besig om hierdie land deur korrupsie te ondergrawe omdat dit toegelaat is deur trots en rassisme. Die stryd wat julle veg is teen watergeeste, want hulle roep uit vir bloed. Moenie onkundig wees nie. EK gee 'n opdrag aan My mense, aan diegene wat gewillig is om My te gehoorsaam, aan die wat aan die kus van Suid-Afrika woon – EK wil in elke dorp rondom die kus mense sien wat petisie, wat die grond wat tans in besit van watergeeste is, terug te eis. EK wil hê dat jy bely en hulle altaar afbreek deur My Bloed. Blaas die ramshoring en verklaar My woorde. Dit is tyd vir die soldate om op te staan, op te hou dood spreek, alledaagse probleme te pak, en om te begin voorberei vir die geveg teen die vorstedom en om die vyand buite die hekke van jou stad te hou. Kyk, EK het JOU die mag gegee om slange en skerpioene te vertrap asook mag oor al die kragte van die vyand. Wees dapper, niks sal jou enigsins bykom nie. Staan op en neem jou gesag in My op.... sodat EK nie die trompet blaas dat almal gereedmaak vir die geveg, maar dan daag niemand op nie.

Esegiël 6

DNA STRUKTUUR: 5 Julie 2013

Yeshua het langs my gestaan, in wit lig geklee. Hy het Sy gewonde hand uitgehou en gesê: "Kom saam met My"... Dit was asof ons 'n arend was, wat bo-oor Suid-Afrika gevlieg het. Hy het my allerhande dinge in die land gewys. Ek het brande op baie plekke gesien. Yeshua het geglimlag en gesê: "Dit is My vuur, My Gees waai die vlam in die harte van dié wat kies om die ongewilde pad te loop; in dié wat kies om die luste van die vlees te laat vaar. EK is besig in hierdie land wat jy jou tuiste noem. Soos jy weet is daar baie dinge aan die kom..."

Ek het 'n groot standbeeld van Nelson Mandela met 'n reënboog rondom dit, gesien. Yeshua het na dit gekyk en Sy gesig weg gedraai... "Kyk hoe mense 'n afgod van 'n mens maak; bely daarvan." Toe sê Hy: "Dié nasie se trots sal tot 'n val kom." Ek het gesien hoe die standbeeld stadig aan die binnekant disintegreer, todat daar aan die binnekant niks meer oor was nie, maar die beeld het bly staan. Ek het baie mense sien huil; baie mense het in groepe gestaan en huil.

"Sê vir die mense wat so nederig en getrou in die gaping staan vir hierdie nasie – wie vir hierdie nasie bid en pleit dat hulle binnekort die vrugte van hul smeekbede gaan sien." Terwyl Hy dit gesê het, het ek baie mense sien bid en bely vir die dinge van hierdie land.

"Onthou wat EK in My Boek sê – EK plaas voor jou lig sowel as duister, seën sowel as straf en dat jy die keuse het... Wat kies jy? Julle is tussen twee Koninkryke; EK is aan die werk maar terselfde tyd is die vyand ook aan die werk. EK IS skyn My glansryke lig deur die woorde van My profete en boodskappers en diegene wat gehoor gee sal seën ontvang. Die seëning van die kennis van die waarheid wat jou vry maak.

Maar aan die ander kant is jou teenstander steeds met sy eeu-oue skelmstreek van godsdiens besig en ongelukkig is baie van My mense steeds in die lokval van godsdiens. Misleiding is vinnig aan die toeneem en as gevolg daarvan is baie gesluierd en louwarm. Elkeen sal ontvang volgens sy eie geloof en dade. As jy 'n bedrieëry glo, sal jy in misleading val. As trots, rassisme, hardkoppigheid, onkunde, rebellie, toorkuns, ens die houding van jou hart is en nie bely word nie, sal jy in die hand van die geeste van waar daardie sondes afkomstig is, oorgegee word as jy nie wegdraai nie. Julle leef in genadetyd. Soveel van My mense verstaan nie waarlik die

beginsel van die aanwending van My bloed nie en hulle dink hulle is gered, maar omdat hulle dit nie aanwend nie is hulle buite die ark van My beskerming en stuur hulle af op die komende oordeel en verwoesting.

EK wil met jou praat oor dit waarmee EK besig is, sodat My mense met My hartklop kan opvang, sodat hulle op die ritme van My weë, My waarhede, My begeertes kan dans... EK IS besig om My Bruid binne die ark bymekaar te maak waar sy veilig sal wees. Dit is net dié wat hul DNA gereinig het, wat suiwer bloed het, wat sal kan binne tree. Sê vir My mense om aandag te gee aan wat EK nou vir jou sê, dit is baie belangrik. Dit is 'n saak van reinheid en hoereerdery; verlossing en misleiding; louwarmheid en vuur... Luister en hoor!"

Die volgende oomblik was dit asof ek aan die binnekant van 'n liggaam was en ek het bevrugting sien plaasvind – die spermsel en die eiersel wat bymekaarkom, saamsmelt en 'n baba 'word'. Ek het die saad in groot besonderheid gesien, daar was wit flesse aan die binnekant van die saad wat soos bome gelyk het en terwyl ek na dit gekyk het, het ek ook gesien dat die saad soos 'n boek lyk en dat daar baie, baie woorde binne daardie einste klein saadjie was.

Yeshua het weer begin praat oor die DNA... "Sien jy, kyk daarna... dis pragtig... Vanuit hierdie kleine saadjie groei 'n mens en binne hierdie klein saadjies sit EK alles wat nodig is vir 'n baba om te groei, dit is perfek" (*dit was baie, baie spesiaal om Yeshua so opgewonde te sien oor hoe perfek en wonderlik en ASEMROWEND Hy die menslike liggaam, siel en gees gemaak het)*. "Kyk binne die saad, sien jy die geskrewe dinge, dit is 'n kode, dis 'n DNA kode – ver bo wat enige mens kan verstaan. Daardie kode bepaal wie daardie baba gaan wees. Daardie kode vorm die karakter, persoonlikheid, voorkeure en afkeure, dit vorm die liggaam en dit vorm die siel, maar nie die gees nie. Die gees is vanuit Gees gebore, My Gees. In jou gees erf jy My DNA wanneer jy gered word, maar hierdie DNA – hierdie saad en oorerwing is nog nie gered nie. Binne hierdie saad is seën én vloeke, sonde én regverdigheid as 'n erfenis van jou voorvaders.

Hierdie DNA is baie, baie belangrik. Binne die DNA kode is daar sleutel hoofsaaklikhede sodat jou liggaam en siel kan funksioneer soos EK dit bedoel het. Hierdie saad in die DNA is liefdesproteïene

en wanneer jy gebore word sal die saad groei as dit aan die regte elemente blootgestel word. Die ouers behoort hierdie geskenk van My te versorg, steun, bekragtig, aanvaar en lief te hê en die resultaat sal geslagtelike identiteit en geestelike identiteit wees; ‘n gesonde en volledige siel en liggaam. Maar nou word die baba selfs met geboorte aan trauma blootgestel deur die manier waarop hierdie kosbare baba die wêreld binnekom. Die kinders is kwesbaar vir waaraan die ouers hulle ookal blootstel, selfs in die baarmoeder en dit het ‘n groot effek op hulle. Dit is die ouers se werk om die kind se identiteit te bou deur hulle te onderrig om hul identiteit in My te vind, maar hulle is bloodgestel aan die trauma van verwerping...

Hierdie DNA is konstant aan die kommunikeer. Dit spreek elke woord wat binne dit geskryf staan uit. Jy kan dit hoor en EK kan dit ook hoor en ‘n mens hoor dit in sy gedagtes elke dag. Jou oorgeërfde DNA het ‘n belangrike effek op jou siel en liggaam. Laat EK aan jou verduidelik hoe dit mens op ‘n fisiese sowel as verstandelike manier affekteer.

Jou siel is jou verstand, wil, emosies, begeertes. Die saad in jou DNA groei soos bome deur jou siel. Byvoorbeeld – as jy saad van verwerping oorgeërf het sal daardie saad die seer en die pyn van die geslagte voor jou, oordra. Daardie saad is binne-in jou en wanneer jy enige tipe trauma ervaar – trauma met geboorte, as ‘n kind of enige tipe trauma – ontkiem die saad en ‘n vesting vorm aan die binnekant van jou siel. ‘n Vesting vorm om die pyn te onderdruk. Die vesting is altyd in trots gevestig, en vrees hou dit in plek. Hierdie bome is rebellie teen My. Hierdie boom dra goddelose vrugte in jou siel soos perfeksionisme, oordeel, vrees, trots...

Omdat EK julle so baie liefhet en omdat soveel van julle so sukkel om te verstaan waarom ‘hierdie Vader van liefde’ onvolmaakte, gebrekkige klein babatjies sal skep...sal EK jou sê hoekom dit gebeur.

Die saad van verwerping byvoorbeeld, kan jou liggaam in baie opsigte affekteer. Soms manifesteer siekte op ‘n latere stadium as gevolg van trauma en ander kere as gevolg van deure wat oop is in die moeder en vader, asook as gevolg van oorgeërfde vloeke wanneer geeste aan die DNA vasheg en die baba met ‘n defek, siekte of gebrek gebore kan word. Dit is deel van die straf wat op die mens gekom het met die val. Daar is baie dinge wat EK jou oor die

DNA wil leer. My mense het ‘n gebrek aan kennis!

EK wil jou ook leer van die DNA struktuur, aangesien daar ‘n orde in is. Daar is twee ordes: Die een kom van die hel en die ander vanuit Wie EK IS! Vanuit die hel kom die orde van Baäl en mens speel die hoer daarmee. My orde sal EK noem die orde van EK IS! Hierdie is die struktuur binne jou DNA.

Binne die orde van Baäl is die struktuur, die natuur en die saad van Lucifer. Straf is die resultaat daarvan; meeste siekte is die resultaat daarvan; geestelike dood is die resultaat daarvan; armoede is die resultaat daarvan en verwoesting is die resultaat daarvan. EK het baie keer met jou gepraat oor die rein Bruid en oor wat dit beteken om die rein Bruid te wees... Die rein Bruid het My DNA, sy het My struktuur, My orde, My natuur en My saad binne haar. Seën is die resultaat daarvan, lewe is ‘n resultaat daarvan, voorspoed is die resultaat daarvan, heiligdom en regverdigheid is die resultaat daarvan. My Bruid het EK IS wat deur haar are vloei, terwyl die hoer-bruid wie se DNA nie gereinig is nie die hel het wat deur haar werk – gemengde saad. My mense speel die hoer omdat hulle die orde en struktuur van Baäl binne hulle het, dit is hoekom hulle so dubbelhartig is, dit is hoekom hulle steeds siek is selfs al is genesing deur My wonde gebied. Hulle is steeds sondig, onheilig en ongeregtig, maar hulle noem hulself Christene. EK sê jou, die woord Christen is gereserveer vir diegene wat louwarm is. Jy is óf My Bruid – heilig, rein en regverdig; besig om jou geestelike huis op die Rots van die Tye te bou, in My Koninkryk te leef; of jy is ‘n ‘Christen’ – louwarm, sogenaamd gered, maar mislei. Sogenaamd goed, maar verlei en op op die verkeerde pad sonder dat jy dit eers besef. Hierdie ‘Christen’ is deel van die hoer, sy is eintlik erger as die sondaar, want sy is in haar hart dieselfde as die sondaar,maar sy dink sy is goed.

My mense, as julle die ark binne wil gaan soos Noag het, moet julle jul DNA reinig deur die aanwending van My bloed deur middel van belydenis, deur middel van petisie in My hemelse regssaal.

Onthou, jou gees kan heilig en regverdig wees en as gevolg daarvan kan jy dink dat jy op die regte pad is. Maar as jy nie die volgende stap neem deur jou DNA te reinig en aan jou sielsdimensie te werk nie, is jy in jouself verdeel….geestelik aan die brand, maar koud in jou siel en dus is jy vermeng; vermeng en louwarm. My Bruid is nie vermeng

nie, sy is doelgerig op My, eensgesind met My...een in siel en gees.

EK wil hê dat My mense die altaar van die orde en struktuur van Baäl, in julle bloed (DNA) wat deur jul voorvaders opgebou is, sal afbreek. Soos Gideon die altaar van Baäl moes afbreek."

Rigters 6:25-26 Breek jou pa se altaar vir Baäl af en kap die gewyde paal daar langsaan af. Bou dan 'n altaar vir die Here jou God bo-op hierdie rots in die regte orde.

Ek was besig om vir my DNA te petisie en te bekeer en terwyl ek dit gedoen het, het ek 'n visioen van die binnekant van my liggaam gesien. Ek het baie bloedvaatjies gesien en Yeshua het my tot binne my bloed geneem waar Hy my gewys het hoe my DNA in die gees lyk. Ek het die struktuur van die DNA gesien en ek het twee deure binne my DNA (*bloed*) gesien. Daar was 'n swart deur en 'n goue deur. Die goue deur was toe en die swart deur was oop. Die DNA struktuur het vanuit die swart deur gevloei en op die swart deur het daar gestaan: 'Orde van Baäl/ Straf' en op die goue deur het gestaan 'EK IS (*wat met die VOLHEID van Abba se karakter, gesindheid, natuur gevul is – in die naam van EK IS is die volheid van wie Hy is)/* Seëninge'.

Daar was baie dinge op die swart struktuur geskryf wat vanuit die swart deur gevloei het. Ek het dit erken as trots en rebellie teen EK IS (*alles waarvoor YHVH staan*) – die natuur van satan. Toe het ek begin bid vir EK IS se lig om in my DNA te skyn en soos Heilige Gees die sonde van die voorgeslagte aan my openbaar en ek daarvan bely het, het Hy baie diep gegaan en ek het vir ure aangehou. Terwyl ek bely het ek gesien hoe die struktuur deur die swart deur terugbeweeg, asof dit omgekeer word. Ek het letterlik vir Yeshua aan die binnekant van my bloed gesien; Hy het die swart deur toegemaak (*die struktuur en orde van Baäl tot niet gemaak)* en die deur en die struktuur het verdwyn. Dit was asof die swart deur 'n poort van die hel was en Yeshua het gesê: "Elke liewe mens het hierdie twee deure in hulle bloed. Hel werk deur die swart deur as gevolg van trots, rebellie en vloeke. Dit is sy natuur wat daardeur vloei, terwyl EK IS en seën vloei deur die weg, die waarheid en die lewe. My mense, julle is in 'n DNA-oorlog, word wakker en sien dat die oorlog waarin julle is 'n bloed geveg is; die vyand is daarop uit om julle bloed onrein te maak. Breek die orde van Baäl binne julle af deur belydenis en petisie. Jou DNA is wie jy is, dit is die kern van jou. EK wil hê jy moet 'n aar, 'n

fles wees vir EK IS, vir wie EK IS om deur jou te vloei en ‘n altaar van aanbidding te wees wat voordurend heilig, heilig, heilig, heilig, heilig, heilig sing!”

Terwyl Hy dit gesê het, het die goue deur oop geswaai en ‘n wit struktuur het uitgevloei, met goue en silwer geskrifte daarop. EK IS se karakter en natuur was daarbinne – nederigheid, heiligheid, liefde, sagmoedigheid, ens. “Dit is die boodskap vir hierdie uur; leer My mense hoe om hul DNA te reinig, want dit is hoe My Bruid lyk.”

Ek het gesien dat wat by hierdie deur uitvloei, Sy saad (*liefde en regverdigheid*) is; as dit die swart deur is, is dit satan se saad (*trots en rebellie*). Vader se saad bring reinheid en heiligheid voort en het ‘n afgesonderde maagdelike- Bruid tot gevolg. Teenoor satan se saad wat trots en hoereerdery voort bring. Dit is gemengde saad en afgodery en dit maak van jou ‘n hoer-bruid wat geboorte kan gee aan “Nephilim” babas.

Yeshua het my gewys dat die geskrewe dinge op ons DNA die dinge in ons gedagtes is waarop ons konsentreer. Jou verstand neem letterlik op wat ookal in jou DNA is, byvoorbeeld, wanneer daar saad van rassisme in jou DNA is, het jy ‘n veroordelende, trotse, rassistiese magsgreep in jou verstand (*natuurlik erken jy dit nie as sulks nie*), omdat jy die saad van jou vaders oorgeërf het. Dit kruip binne in jou weg en wanneer trauma plaasvind ontplof dit soos ‘n bom.

Dit is dieselfde met homoseksualiteit: As daar saad van verwerping is waaraan ‘n gees vasgeheg het wat fisies jou identiteit aanval en afbreek as gevolg van liefdeloosheid binne daardie saad , kan jy baie maklik homoseksueel word. Die homoseksualiteit is die magsgreep wat jou siel oprig om homself te beskerm. Maar dit kom van ‘n saad van verwerping, vanuit die pit van die hel..

Ons is in ‘n geestelike oorlog wat in die werklikheid manifesteer en dié oorlog is reeds gewen. Indien ons net begin om die Bloed van die Lam aan te wend sal ons begin om oorwinning en vryheid te proe. Ons wapen is die BLOED VAN DIE LAM (*wat Yeshua se DNA dra)*, want dit is die volheid van EK IS se LIEFDE wat uitgestort is vir ons redding, verlossing, bevryding, genesing, vryheid...

BELY, dat jy soos Noag, wat in al sy voorgeslagte regverdig was, regverdig genoem kan word!

DIE DAE WAT KOM: 2 Augustus 2013

Dit is 2 Augustus 2013 Shabbat aand. My pa, ma en ek het in ons leefarea gesit en die weeklikse fees gevier en gepraat oor hoe wonderlik dit is om Yeshua se rus binne te gaan, en om die week se werk te voltooi deur YHVH as ons Voorsiener en Skepper te eer. Ek verstaan nou dat Sy feeste oestye is en soos ons hulle vereer sal ons ook ‘n oes van seën in ons lewens ontvang... Al hierdie dinge het deur my kop gemaal terwyl ek voor my na die menora op die tafel se flikkerende ligte gestaar het... Hoe groot is U, hoe groot is U, hoe groot is U was al wat ek vir my Geliefde Yeshua kon sê.... Ani vi dodi vi dodi li... Ek behoort aan my Geliefde en my Geliefde behoort aan my!

Die volgende oomblik het ek bewus geword van Yeshua se teenwoordigheid, Sy glorie is soos ‘n verterende vuur. Hy het Sy hand na my uitgehou en ek het geweet dat Hy my iets wou wys! Ons het voor ‘n deur gaan staan waarop ‘BEPAALDE TYE’ in Hebreeus

geskryf was en onder dit 'My Feeste'... Yeshua het die deur vir my oopgemaak en in die middel van die vertrek was daar 'n yslike groot menorah.

Dit was amper asof dit die takke van 'n boom gehad het, maar net die eerste vier van die 'takke' het gebrand en Yeshua was oppad om die vyfde tak aan te steek, maar voordat Hy het, het Hy my 'n goue trompet gegee met die woord Jubilee daarop geskryf. Hy het toe gesê dat ek die trompet vooraf moet blaas – voordat Jy die vyfde lig aansteek om die mense voor te berei vir wat aan die kom is. Hy het ook 'n trompet in Sy hande gehad, dit was die trompet van God en die blaas van Sy trompet sal die vyfde lig van die menora aansteek.

"Sarah, in hierdie seisoen luister julle na baie trompette wat blaas; dit is die boodskappe en waarskuwings van My profete, byvoorbeeld aangaande die DNA, oor belydenis en restourasie... Dit is die roep van die arende wat 'n beroep op die mense doen om op te staan en hoër te styg. Dit is noodsaaklik vir die mense om te luister na wat EK deur hierdie boodskappe sê en om deel te wees van hierdie tog om die stadsmuur sodat jy die beloofde land kan binnegaan en jy deel kan wees van My oorblyfsel, My Bruid.

Sarah, die trompet wat jy blaas het dieselfde frekwensie as My trompet, dit dra dieselfde stem, maar die trompet wat EK jou gegee het is om die mense te leer hoe om My trompet te hoor. Wanneer hulle die klank van die ontwakende geluid van die ramshoring hoor, sal hulle in staat wees om My trompet op My dag te hoor.

Julle is in 'n voorbereidingstyd van belydenis en restourasie voor die vervulling van die feeste...'n voorbereidingstyd vir die komende oes; vir die tye en seisoene wat aan die kom is.

Kondig die begin van Elul vir die mense aan. Julle is vir 'n tydjie al in hierdie seisoen, maar EK wil hê dat jy vir die mense moet verklaar dat julle in die seisoen van Elul is, die voorbereidingstyd voor die fees van die trompette. Want wie weet die dag en die uur; daarom sê EK vir julle: Berei julself voor, want die dag van YHVH is naby.

[*ELUL – Die maand van Elul is die tyd van belydenis in voorbereiding vir die Hoë feeste van Rosh Hashanah en Yom Kippur. Uit tradisie leer ons dat die maand Elul 'n besonder gunstige tyd vir belydenis is. Hierdie gemoedstoestand van belydenis bou op deur die maand Elul tot die aanbreek van Selichot, Rosh Hashanah, en eindelik Yom*

Kippur. Daar is gesê dat die naam van die maand (gespel Alef-Lamed-Vav-Lamed) 'n akroniem is van "Ani l'dodi v'dodi li" - "Ek behoort aan my Geliefde en my Geliefde behoort aan my", 'n aanhaling van Hooglied 6:3. Die woord "Elul" beteken "soek", wat gepas is, omdat hierdie die tyd van die jaar is wanneer ons ons harte deursoek.]

8 Augustus 2013

"Kyk, wat sien jy?"

Ek het 'n 'sak' met goue pyle daarin gesien. Die pyle het graferings daarop gehad. Ek het ondervind dat daardie pyle die tekens van die tye is. Ek is bewus van Yeshua se teenwoordigheid. Hy het met 'n boek in Sy hand gestaan. Hy het die boek vir my gegee en ek het dit oopgemaak; dit het antiek gelyk. Dit moes die Bybel gewees het, want ek het baie van die dinge wat binne die boek was herken, maar daar was baie dinge binne die Boek wat nie in ons Bybels is nie. Dinge was baie duideliker in hierdie Boek en dit het meer diepte gehad. Hy het my 'n spesifieke plek in die Boek gewys wat oor die wegraping gehandel het. Binne die Boek was daar 'n goue bril. Ek het dit opgesit en ek het baie dinge in die Boek gesien wat nie met die gewone oog gesien kon word nie. Aan die bokant van die bladsy het ek iets in 'n ander taal geskryf gesien. Ek weet dit het iets met die wegraping te doen gehad, maar ek kan nie verduidelik wat ek gesien het nie. Die betekenis van daardie woord was diep, dit was asof elke letter 'n prentjie gehad het en as die prentjies saamgesit sou word, dit die betekenis van die woord sou gee.

Ek het 'n wit duif gesien; 'n blom met 'n werklik intense geur; ek het 'n bruid in wit geklee gesien, sy was besig om haarself met die bloed van die Lam te was. Ek het 'n Swaard gesien en 'n trompet. Daar was iets verborge in wat ek gesien het. Op hierdie bladsy was 'n datum; die datum was nie volgens ons kalender nie en die syfers was ook nie dieselfde as ons syfers nie. Daar is net Een wat die tyd weet, maar ek het gesien dat een van die syfers vir my duidelik word en ek het gesien dat dit 'n sewe is. Ek het dié woorde gehoor: "Niemand weet die dag of die uur nie, maar EK wil hê My mense moet in staat wees om die tekens van die tye te onderskei, sodat julle kan weet in watter tyd julle is."

Ek het weer 'n horlosie gesien, daar was twee horlosies. Bo die

een horlosie het ek die woord Babilon gesien en bo die ander horlosie was ‘n woord in ‘n ander taal, maar binne die woord was die eind-tyd profesië van byvoorbeeld Openbaring en Daniël, geskryf. Babilon se horlosie het af geval en ek het dié woorde gehoor: “Leer die mense hoe om volgens My tye en seisoene te leef, dit is noodsaaklik om volgens My Koninkryks kalender te leef, want dit lei na die blaas van My trompet en Babilon kan dit nie hoor nie, 666 kan dit nie hoor nie, net 777 kan dit hoor. EK is besig om al die alarms te laat af gaan deur die tekens van die tye met die doel dat julle wakker en op die uitkyk moet wees, om met olie gevulde lampe te staan en wag; voor te berei, julle klere te was sodat dit rein en ongevlek sal wees.”

Toe het ek die hemele gesien; die son, maan, sterre, planete en baie dinge wat aan die gang was wat ek nie kan verduidelik nie. Ek het ook die “Nephilim” soos ruimte wesens gesien. Soos UFO’s (*onbekende vlieënde voorwerpe)* wat die saad na hul saadbanke dra waar hulle die gemende nasie aanteel en programmeer. “Kyk na die hemele en jy sal die tekens van die tye sien. EK het gesê laat daar ligte in die uitspansel van die hemele wees om die dag van die nag te skei en dit vir jou gegee as tekens en seisoene, vir dae en jare. EK het My vasgestelde tye geskep, My fees dae, selfs voordat ek mense geskep het; EK het op My feeste besluit en hulle uitgelê voor die skepping van die mens. Dit is hoekom die hemele My bepaalde tye aandui. EK het nie My feeste vir een spesifieke volk of nasie geskep nie, dit is My feeste, My heilige dae en EK wil hê al My mense moet dit eer. Hemel is ‘n getuienis van die tye. My mense moet volgens My tye en seisoene leef, omdat dit oestye is. As jy volgens Babilon se tyd en kalender leef, kan jy nie deel van die oes wees nie.

Sarah, wat EK deur die komende bloedmane sê is dat EK kom; EK sal die trompet binnekort blaas. Julle gaan die hitte van die tyd binne en EK wil hê jy moet die mense waarsku oor die ark wat slegs deur My getroue oorblyfsel – wat rein en regverdig is – binne getree sal kan word en veilig sal wees. Daar sal nie baie wees nie, dit sal werklik net ‘n oorblyfsel wees. Dit sal hulle wees wat saam met My sal regeer.”

Ek het ‘n vuurvlam gesien en ek het gesien hoe baie van die kerke aan die brand gesteek word. Daar is twee tipes vuur – soos Yeshua

my geleer het. Sommige kerke, huise, geboue word deur valsheid en misleiding aangevuur terwyl ander stadions, huise, geboue en kerke brandend is deur YHVH se vuur. Binne YHVH se vuur het ek verskeie dinge gesien en sonder hierdie dinge is dit vals. Ek het 'n reënboog (*7 Geeste van YHVH*) gesien; ek het 'n ring (*verbondsverhouding*) gesien; ek het boekrolle gesien waarop daar die instruksies en YHVH se Koninkryksbeginsels geskryf was. Ek het brood en 'n beker gesien (*verbondsmaaltyd belydenis*).

Ek het musiek note (*aanbidding in Gees en in waarheid*) gesien; ek het 'n Swaard gesien (*uitleef van die ware woord van Vader*). Ek het ware, ware belydenis gesien, mense wat terugkeer na YHVH se antieke weë; Hom op Sy naam noem, mense wat volgens Sy seisoene leef; ek sien restourasie van identiteit en mense wat die waarheid navolg! Ek sien ook dat dit nie noodwendig maklik is nie. Ek sien hoe sommige mense hulle ma en pa moet versaak en mense vir wie hulle lief is agterlaat omdat hulle nie die waarheid glo nie. Maar terwyl hulle dit doen, ontvang hulle 'n ewige beloning en hulle ewige woonplekke word met kosbare stene versier.

Binne die valse vuur sien ek geld, en 'n vertoning wat amper soos 'n sirkus lyk, ek sien passiwiteit en wetteloosheid, vals profete, valse genesings en wonderwerke in die naam van Jesus; ek hoor mense preek; ek sien baie van die gesigte op televisie wat deur baie mense gevolg word. Hierdie mense lei die uitverkorenes op die verkeerde pad. Ek sien predikers van genade, predikers van voorspoed; ek sien hoe die Bybel heeltemal uit konteks geneem word, verdraai word om te pas wat ookal dit is wat mens wil glo. Ek sien mense rondloop wat régtig, deurmekaar is, hulle weet nie wat om te glo nie, hulle weet nie wat waar of vals is nie. Ek hoor Yeshua sê dat Hy wil hê dat Sy mense moet leer om hulle drome te verstaan, want jou enigste manier van onderskeiding sal wees om van Hom te hoor.

Hy sal valshede deur drome blootstel.

"Bid vir die kerk vir onderskeiding, bid dat hulle met die volheid van My sewe Geeste gedoop sal word, want sonder dit is My mense nie in staat om waarlik te onderskei nie."

Weer het ek die ark gesien... "Sarah, ek vra My mense om soos Noag te wees, om in My te vertoef ten einde hierdie ark wat EK bou binne te gaan; jy kan nie die ark binnegaan as jy nie gehoorsaam

is aan wat EK vra nie. My mense gehoorsaam nie My stem nie, hulle luister na die stem van die wêreld, die stem van godsdiens en misleiding. EK sê vir julle, My mense, moet nie mislei wees nie.

Wanneer jy My feeste vereer kom jy in lyn met My tye en seisoene, as voorbereiding vir die fees van alle feeste – die huweliksfees. My feeste is 'n seëning en as jy in My Koninkryk wil leef, sal jy My feeste eer, omdat jy My liefhet, nie omdat jy veroordeel gaan word as jy dit nie doen nie. Dis net omdat jy My liefhet dat jy sal kies om gehoorsaam te wees. Sarah, sê vir My mense dat daar sekere dinge is wat nie verander het as gevolg van die feit dat EK in die vlees gekom het en dit vervul het nie. Daar is 'n verskil tussen 'n wet en 'n beginsel; jy word 'n slaaf van die wet maar jy gehoorsaam 'n beginsel, want jy kies om dit te doen en ontvang 'n oes daarvan. Jy sal nie sterf wanneer jy dit nie gehoorsaam nie, maar jy sal ook nie 'n koninklike lewe lei nie; jy sal nie veel maai nie,want jy het nie veel gesaai nie. As jy 'n ewige oes wil ontvang, wees aan My koninkryks beginsels gehoorsaam deur My feeste te hou, deur jou tiende te gee en al die beginsels na te volg wat EK jou in My Boek gegee het. Hulle is daar om jou te onderhou, jou voorspoedig en vrugbaar te maak en dit is hoekom EK jou geskape het – om baie vrugte te dra**.**

DIE PERFEKTE STORM: 2 Augustus 2013

"EK sê julle, oordeel teen Suid-Afrika is aan die kom. EK IS bedroef deur die regering se rebellie teen My; hulle het altare vir afgodsaanbidding gebou en dit sal deur My jaloesie gebrand word. Jacob Zuma se oordeel is klaar gevel. Hy het My roeping vir hom verwerp en nie die land in regverdigheid gelei soos Dawid nie. EK het hierdie oordeel op Suid-Afrika uitgestel tot die dood van Madiba, en alhoewel daar baie dinge in sy lewe nie in orde was nie, kon EK hom gebruik en die wêreld 'n voorbeeld van vergifnis, vrede en eendrag wys. EK het die mense van Suid-Afrika geroep om hulself nederig te maak en te bid...

Die dood van Madiba sal ook die begin van 'n groter oplewing wees as gevolg van die mense se desperaatheid. Die eerste mense se oë sal open, baie sal in rebellie en haat opstaan en woede, trots en dood sal die resultaat daarvan wees as gevolg van die nagedagtenis in die water – die opgetekende rassisme. Maar dit sal ook die aanbreek wees van 'n tyd van groot belydenis en restourasie, en daar sal 'n verskuiwing in die gees wees. Al die gebede vir hierdie land wat oor die tye ontvang en versamel is, elke profesie en verklaring van geloof; elke gebed, elke keer wat iemand in die gaping gestaan het, en namens die nasie bely het, en om vergifnis gesmeek het, word in 'n emmer in die hemel as saad gehou en wat julle gesaai het SAL julle maai.

Diegene wat deel vorm van die mense wat nederig bemiddel het sal 'n dubbele porsie vir hulself en hul families ontvang, maar tog sal EK daardie petisies neem en die saad wat julle gesaai het sal 'n oes lewer. EK wil die bemiddelaars van hierdie land aanmoedig en vir hulle sê om nie te stop nie – nou is die tyd vir bemiddeling soos nooit tevore nie, want daar is 'n seisoen waarvan baie onbewus is aan die kom.

_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____

_____
_____
_____
_____
_____
_____

28 Augustus 2013

Hoor My woorde, EK wil hê jy moet die mense waarsku om nie te vrees nie....”

Ek het die aarde van ruimte afgesien, ek het ook vir NASA gesien. NASA was amper verskrik, omdat hulle iets in die aarde se rigting sien aankom het. Ek het ‘n stem hoor sê: “Kyk om.” Ek het omgedraai en ‘n massiewe planeet in die aarde se rigting sien kom. Dit was amper asof daar demone, soos die nephillim aan dit geheg was. Ek het ‘n baie groot skaduwee oor die hele aarde sien kom en dit het duisternis oor die aarde gebring. Ek het die woorde, “Die voorspelde perfekte storm... Dit is My oordeel en verwoesting wat beslag op die aarde sal lê... Berei voor vir die dae van verdrukking” gehoor, ek het die blaas van ‘n trompet gehoor en ek het baie, baie engele in die lug gesien. Toe het ek die Geliefde Messias gesien, en die vrees van YHVH het oor my gekom, want die regverdige Regter staan gereed. Ek het begin bely en het die mense se gebede van belydenis vir die aarde se rebellie gehoor. Yeshua het gehoor en vuur het uit Sy mond oor die mense gekom en hulle het Hom aanbid. Op ‘n sekere stadium het ek Yeshua Sy gesig sien draai en Sy ore het nie meer gehoor gegee nie. Mense het gehardloop en probeer wegkruip, omdat hulle Hom vrees, Sy oordeel vrees. Sy Bruid het met ‘n Swaard gestaan...

Toe sien ek Hom Sy hand na Sy bruid uitsteek. Hy het haar ontvang en sy was saam met Hom. Ek het ‘n datum in die lug gesien, dit is amper asof die datum die trompet is; ek het gesien dat die maand September is en gehoor “ 3 jaar van nou “, maar die dag was nie vir my duidelik nie, want daar was 2 dae geskryf en ek het nie geweet watter een dit sou wees nie. Net YHVH weet die presiese dag en uur. Ek het ‘n boek sien oopgaan, en al die profesië wat binne in geskryf was het ek sien oop gaan soos rolle en dit het die hele aarde bedek.

Ek het armoede en hongersnood in baie plekke gesien, amper asof die see die herinnering van die aarde se rebellie gedra het en woede teenoor die aarde gehad het. Die son was baie, baie warm en die hitte het skroeiend geword, dit het gelyk asof die son gespoeg het.

Ek het die gees van Isebel teen die profete sien kom met die doel om hulle te mislei en hulle met geld, wellus, afleidings en trots uit hul roepings te lok. Hier is 'n waarskuwing vir dié wat in diens van die Koning staan: Moenie mislei word nie, moenie bedrieg word en toelaat dat trots julle harte binnekom nie; die vyand is woedend vir die profete, want mense ontwaak en die vyand se tyd loop vinnig uit. Bid vir diegene wat in die profetiese roeping staan, want hulle sal ontsaglike verwerping moet verduur. Die regters begin op staan, hulle word die gesag gegee om YHVH se woord tot die mense te spreek as

oordeelswaarskuwings. Die woorde mag streng klink en die vyand sal prober om vrees te skep, maar dit is die woorde van die komende Messias wat julle waarsku om wakker en op die uitkyk te wees; jou waarsku om jouself voor te berei. Baie sal mislei word soos daar voorspel is...

Ek het 'n man gesien, glad nie duidelik nie – ek kon nie sy gesig sien nie, maar wel hoe hy in die gees voorkom... Hy was van die duiwel besete en hy het op 'n stoel gesit, amper soos 'n troon, (*gesagsposisie*) hy het sy hand op die Bybel gehou en sy voete in die water... Dit is die anti-Chris.

"My waarskuwing aan My mense in hierdie uur is. Moenie vrees nie, moenie angstig wees nie. Doen soos EK julle beveel, want EK sal My mense red soos ek My mense uit Egipte gered het, maar My plae sal oor die aarde kom as gevolg van julle trots. Ek wil dat My mense aanhou om hul Swaarde te oefen; Spandeer tyd in My Woord, was jouself in My Woord, voer oorlog met My Woord, Eet My Woord sodat jy die waarheid mag bekom."

Ek het gesien dat báie mense vir YHVH se naam vermoor word. Ek het hongersnood gesien. Ek het 'n skerm in Amerika gesien en die getalle het buite beheer geraak, geldwaarde het gestyg en die banksisteem het ineengestort. Ek het 'n bank in Amerika gesien met die dollar-teken op... Alles het begin skud en die mense het probeer om sake bymekaar te hou, maar dit was onmoontlik.

“Die gees is swanger, profesie is op die punt om vervul te word; die tyd is hier. Julle is in die dae van Joël.

Luister na My, My mense, kyk wat EK voorberei het vir dié wat My vrees met ywerige en radikale gehoorsaamheid .” Ek het iets gesien wat amper soos, ‘n kombers van Yeshua se bloed, gelyk het. “Tree binne sodat jy onder My beskerming kan wees, want EK het jou telkemale gewaarsku. Die deur is aan die toegaan, die tyd van genade is aan die verbygaan en daar is nie soveel tyd vir belydenis oor nie. EK het My profete en boodskappers voor My uitgestuur om die mense tot belydenis te roep... Gee NOU aan My oproep gehoor of jy sal onvoorbereid wees vir die dae wat kom. Gaan My suiwerende vuur NOU binne en laat My toe om jou te brand sodat EK jou nie louwarm vind nie! Diep roep uit na diep; My Vader het die uitnodigings na My huweliksfees uitgestuur. My volk weet dit nie, so baie het nie hul uitnodiging vir die bywoning met vreugde en blydskap ontvang nie, want hulle harte is louwarm. EK is besig om jou hart te deursoek, dus as jou hart nie gereinig is nie, sal jou trots jou mislei.

My oordeel kom oor die mense wat aangebied het om leiers soos Moses te wees, maar nie op My gewag het om hulle voor te berei nie; diegene wat vanuit ‘n trotsgevulde hart praat... EK sê jou, hulle lei My mense op ‘n dwaalspoor en EK sal hulle oordeel. EK sal diegene oordeel wat sonde in My Naam goedkeur. EK IS woedend vir die herders wat My mense op ‘n dwaalspoor lei, maar dink dat hulle regverdig is en dat hulle die waarheid praat. My Bruid het geen deel hierin nie, want sy ken My hart, sy is gewillig om verwerp te word deur dié wat arrogant oordeel dat sy deel van ‘n sekte is asof hulle die waarheid weet. Bely, staan in die gaping namens hulle en bid dat hulle sal ontwaak en dat die sluier van trots gelig sal word.”

Ek het ‘n antieke wêreldkaart gesien, die name van plekke is nie soos dit vandag is nie, maar eerder soos dit in die Bybelse tye was. Daar is rolle by elke kontinent, sommige van die rolle was oop en sommige was toe. Op die regterkant sien ek YHVH se Koninkryks horlosie wat die tye en seisoene aandui. Agter hierdie horlosie sien ek die wêreld se horlosie en binne die wêreld se horlosie sien ek mense soos in die dae van Noag – drinkery, huwelike, bespotting en rebellie. Toe wys Yeshua my ‘n geestelike weersvoorspelling op die kaart wat in die natuurlike sal manifesteer. Die perfekte storm was

op pad met groter trefkag , daar was baie aktiwiteit in Amerika, daar was amper iets soos siklusse van oordeel. Nog ‘n siklus was oppad om Amerika te tref! Ek het ‘n paar tornadoes sien saam kom om ‘n groot tornado in die gees bo Amerika te vorm. Ek ervaar dat dit YHVH se oordeel op hulle trots is, dit was die siklus van hulle trots wat hulle sal tref. Want op hoogmoed volg ondergang en op selfverheffing volg die val.

_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____

DIE WEGRAPING: 31 Augustus 2013

Ek het op my bed gesit en bely en vir Yeshua gevra om my te was en my te help om alles wat Hy my so genadiglik geleer het te leef en toe te pas. Ek wil nooit net die Woord van YHVH aflewer nie, ek wil Sy Woord elke dag leef – dit is my begeerte... YHVH help my!!

Terwyl ek so sit en bely het ek skielik Yeshua se stem in my linkeroor gehoor... Hy het my oor gesalf en ek het Hom hoorbaar – maar in ‘n ander taal – hoor praat. Dit was asemrowend om te hoor hoe Heilige Gees se stem amper binne Yeshua se woorde dit vir my vertaal. Heilige Gees is die Gees van begrip en dis hoe ons in staat is om Sy woorde te verstaan; Slegs Heilige Gees stel ons in staat om YHVH, wat vér bo ons eie begrip is, te hoor en te verstaan! Dit is een van die redes hoekom ons in die VOLHEID van die 7-voudige Heilige Gees in Jesaja 11:2 gedoop MOET word - “En die Gees van die HERE sal op hom rus, die Gees wat wysheid en insig gee, die Gees wat

raad en sterkte gee, die Gees wat kennis verleen en eerbied vir die HERE; " Ons kan SLEGS die dinge van die GEES verstaan as ons met die Gees van begrip gedoop is, indien nie het ons net godsdienstige insig wat tot die verstand beperk is. Ek wil waarlik YHVH se mense aanmoedig om BAIE VERSIGTIG te wees om die dinge van die Gees wat nie by jou raamwerk en insig inpas nie – te verwerp. As dit vreemd voorkom, TOETS dit! ! ! Toets alles, maar moet nie sommer net verwerp nie;

As jy 'n woord van YHVH verwerp, verwerp jy Hom.

So, Yeshua het met gesag en dringendheid begin praat... Hier is wat Hy gesê het:

"EK kom, sê vir die mense dat EK kom om My voorbereide Bruid te versamel met die wegraping, soos dit in My Woord aangeteken is. Dit is waarvoor ek jou uitstuur, om die mense te waarsku en voor te berei vir die wegraping, want dit sal wees soos EK duidelik in My Woord gesê het! Kyk, wat sien jy?" Ek het dieselfde oorspronklike boek (Bybel) gesien wat ek in die laaste brief gesien het. Weer het Hy gesê dat ek moet kyk en Hy het die Woord vir my oopgemaak. Ek het 'n gedeelte gesien waar HY SELF oor die wegraping praat, maar nie die woord wegraping gebruik nie. Die hele 'Bybel' was geskryf in 'n taal wat die meeste soos Hebreeus lyk, maar dit was YHVH se Koninkrykstaal wat bestaan uit woorde wat prentjies en gelykenisse vorm. Baie van die dinge is letterlik, maar baie van dit is profetiese prentjies en slegs deur begrip van die HEILIGE GEES kan Hy Sy geheimenisse aan ons bekendmaak. Die woord wat ek gesien het wat ons as die wegraping ken het bestaan uit 'n prentjie van 'n trompet en dit het verskillende dele gehad wat presies verduidelik wat gaan gebeur.

"Luister na wat EK sê, EK IS die Woord; die geskrewe Woord wat julle as die Bybel ken is NIE in die oorspronklike vorm soos wat EK IS nie. Dit het oor die eeue verander, is aangepas sodat die natuurlike verstand dit kan begryp. Bely namens die mense wat die vertaling gedoen het, wat bygelas en weggelaat het by dit wat EK GESÊ het, want nou mag julle dink dat julle My Woorde verstaan, maar julle doen nie. Die mense begryp dit met hulle verstand; dit is nie Rhema nie; EK wil hê die mense moet dit deur die taal van My Geestelike Koninkryk verstaan. As jy nie My Woord in die Gees lees nie, sal jy mislei word.

Dus wil ek hê jy moet die mense vertel, waarsku hulle dat DIE WOORD sê dat die wegraping binnekort sal plaasvind. EK sal My Bruid bymekaarmaak om My in die lug te ontmoet, skielik – in 'n oogwink, wanneer Babilon vas aan die slaap is. My Bruid is op die uitkyk, sy wag, sy luister vir die klank van die trompet. Sê vir die mense dat NIEMAND BUITEN MY VADER DIE DAG OF DIE UUR WEET NIE! EK is die Enigste Een wat My Vader se hart ken. Laat EK die Drie-eenheid aan jou verduidelik sodat My mense kan verstaan. Onthou dít: in julle Bybels word die woorde 'wegraping' en 'Drie-eenheid' nie gevind nie. Beteken dit dan dat dit nie die waarheid is nie? Beslis nie... EK IS YHVH, EK IS Yeshua, EK IS Ruach Hakodesh; Ons IS Een! EK IS vuur!!! YHVH EK IS is die blou vlam van Ons vuur, Dit is die hitte van EK IS wat alles wat menslik is verteer – jy kan EK IS nie inperk nie, dus, Yeshua EK IS is die rooi vlam...EK het die weg vir jou geword om nie deur My heiligheid verteer te word nie, soos Moses by die brandende bos. YHVH het My gestuur en jou Bybel sê 'die Engel van YHVH', want EK IS die Boodskapper van YHVH se heiligheid wat jou die vuur van Ons Heiligheid wys sonder om jou te verteer. Sien EK IS genade, EK IS liefde! Tog is EK steeds so met My Abba ineengestrengel dat jy Heilige Gees nodig het – die asem van My lewe – om oor jou te blaas, om My vuur in jou te aan te blaas, om My binne jou aan die brand te hou. Heilige Gees is die deel van EK IS wat dit vir Ons moontlik maak om met julle te kommunikeer en dit vir julle moontlik maak om wat EK IS te begryp. EK sê vir julle My mense, julle kan My nie verstaan nie, julle sal sterf, jy kan nooit ooit vir EK IS sien nie – jy sal jou lewe verloor. EK IS wat EK IS, EK IS die God van Abraham, Isak en Jakob; My genade kan jy nie begryp nie!!

Daarom sê EK vir julle dat EK IS die Enigste Een is wat My Vader se hart ken en bekend maak! YHVH is die intensiteit van EK IS, die begin en die einde, Elohim! Abba YHVH weet die dag van My wederkoms, Hy weet wanneer My Bruid weggeraap sal word. EK is nie die Een wat aan julle nie die dag of die uur bekend gaan maak nie, MAAR EK IS die Een wat aan julle die tekens, die tye, die seisoene openbaar. EK sal aan julle die seisoen van die wegraping bekendmaak; dit sal binnekort wees. Julle is nou steeds in 'n seisoen van ontwaking; julle is in 'n seisoen waar die vibrasies van die trompet die atmosfeer en die hemele sal tref voordat dit julle tref. EK sê vir julle, word wakker! Hou

aan om sonder huiwering My boodskappe en waarskuwings bekend te maak, want dit is NOODSAAKLIK dat die mense NOU wakker word! EK sê vir jou dit is 'n kort tydjie! Blaas jou trompet waarskuwing, want jy kan sien wat aan die kom is, blaas dit sodat die mense die klank van My trompet sal herken wanneer dit geblaas word."

Toe het Yeshua begin praat oor iets wat Hy my opdrag gegee het om te doen aangaande Israel, wat ek sal meedeel wanneer Hy dit wil...

"Oordeel sal teen Israel kom, dit sal My trompet wees om HULLE wakker te maak sodat hulle harte na hul Messias sal terugdraai. Jy sal die boom se bloeisels en die oë van die mense wat oopgaan begin sien. EK vra *(Hy het op 'n BEVELENDE wyse gepraat)* My nie Joodse Bruid (gentile) om vir My Geliefde Israel te bid. My nie Joodse Bruid kyk en wag angstig met verwagting vir haar Suster – Israel, om wakker te word, op te staan en saam met haar by die huweliksfees aan te sluit. BID VIR DIE VREDE VAN JERUSALEM!"

Ek het Yeshua se Bruid by die ark sien ingaan en terselfdetyd het ek gesien dat die Bruid weggeraap word om Messias in die lug te ontmoet. Terwyl 'sy' opgevaar het is 'haar' gedaante verander in 'n geestelike liggaam. Elkeen het toe krone, ens ontvang volgens hul werke van nederigheid en gehoorsaamheid in Sy Koninkryk. Elkeen was geklee/voorberei om met YHVH in die millenium te regeer. Ek het die nuwe Jerusalem voorbereid as Bruid vir haar Bruidegom gesien!

144, 000

Skielik hoor ek "144,000!" Ek was opgewonde, want EK het nooit die 144,000 verstaan nie en het daaroor gebid, maar nie voorheen van Yeshua daarvan gehoor nie.

Toe het ek die 144,000 op Sionsberg saam met Yeshua gesien, hulle was in wit mantels geklee en hulle het die Torah in hulle hande gehad. Ek het ook die Bloed van die Lam op hulle gesien... Hulle het 'n nuwe lied gesing, en die nie-Joodse Bruid wat reeds op hierdie stadium weggeraap was het na hierdie pragtige lied geluister, maar dit nie verstaan nie. ALMAL van hulle was Jode! Toe hoor ek Yeshua sê: "Hulle is die eerste vrugte van die Joodse mense, verlos en opgewek na die wegraping – die wegraping van die nie-Joodse Bruid. Laat EK dit só aan jou verduidelik... Onder die 'Christen' gelowiges is daar 'n kerk en daar is 'n Bruid; die Bruid is die eerste vrugte van die kerk en NET die Bruid sal weggeraap word, nie die kerk nie. In dieselfde opsig is die 144,000 die eerste vrugte van My Joodse Bruid wat saam met ons die huweliksfees sal bywoon. Elke gelowige wat tydens die verdrukking sterf, sal slegs strooimeisies wees by die fees, want hulle het nie BETYDS op My oproep reageer nie! Daardie tyd is vinnig aan die verbygaan, so hardloop met die boodskap..."

ENKELVOUDIGE VISIE: 25 October 2013

"EK het 'n nuwe brief vir My mense... Dit is woorde van aanmoediging om julle op te bou en te vestig. My oë is op My mense, EK kyk na julle, EK hou julle in die palm van My hand – wees bemoedig. EK sien dat baie van My mense moeg is, en meer so met die die jaar wat ten einde kom. My mense loop die gevaar om geestelik aan die slaap te raak. EK wil hê dat julle in My sal rus, maar moenie geestelik passief wees nie, want dit maak die deur vir die vyand oop dat hy van jou kan steel. Baie mense wil dit nie weet nie, maar julle is op 'n slagveld en op hierdie slagveld moet My mense leer hoe om die wapens wat EK julle gegee het, te gebruik, want todat die vyand vir 'n duisend jaar gebind word is hy daarop uit om te steel, verwoes en dood te maak. My weermag moet betyds opstaan. Moenie moeg word nie, moenie ontmoedig word nie, selfs as jou gees bedruk voel. Die vyand wil my mense met vermoeidheid onderdruk. EK roep na Stefanusse wat in staat is om verby die aardse dinge te kyk na die hemel en nie deur die woeste oorlog beïnvloed te word nie.

EK sê in My Woord dat die oë die lig van die liggaam is, en EK sê ook dat My juk sag en My las lig is. Maar die vyand is besig om My volk te onderdruk met geestelike bedruktheid, en hulle verloor die lig. Daarom wil EK hê My mense moet leer om in My oë te kyk, want julle is na My beeld geskape en My oë is ook vol lig. EK wil hê julle moet verby die natuurlike kyk. EK wil hê dat julle stil sal wees en sal weet dat EK IS. Kyk verby wat jy in die natuurlike voel en ervaar. As jou oë op My gerig is sal die wolke van mismoedigheid verdwyn en jy sal weer daardie plek van vrede en geluk binne My vind.

EK wil met jou praat oor iets waarmee die vervalle mens grootliks sukkel, en dit is om te fokus! Julle fokus op dit waarna julle met julle oë kyk, en waarmee julle breine kan saamleef. Die lig van die liggaam is jou oë en dus as jou oog enkelvoudig is, sal jou hele liggaam vol lig wees. EK verwys nie na die natuurlike liggaam nie, maar na die siel. Laat EK verduidelik... Voor die sondeval het die mens net enkelvoudige visie gehad, die natuurlike en die geestelike was op 'n manier een vir die mens om die dinge van My Koninkryk in die natuurlike te sien. Na die val het die mens hul geestelike visie verloor en kon hulle net in die natuurlike sien. EK wil hê dat My

mense se enkelvoudige visie herstel sal word in die opsig dat julle My Koninkryk in julle alledaagse lewe sal sien. My mense plaas 'n stempel op die vermoë om in die gees te kan sien; om in die gees te sien is net 'n refleksie van jou blik op My. EK wil hê dat julle in hierdie tyd op My gerig sal wees, te fokus, om julle oë so in te stel dat julle nie sal kyk na jul omstandighede, reuse, foute, probleme, worstelings, verwerping, mislukking en al hierdie tipe dinge nie, want die vyand sal dit gebruik om jou van My af weg te draai en dit sal jou afmat. Maar EK wil hê dat jy binne in My oë sal kyk en versterk sal word; EK wil hê jy moet verby die natuurlike sien en direk binne die Hemel in kyk soos Stefanus en so My glorie sien; sien My aan die regterhand van Abba, en sê, ' waarlik ek sien die Hemele oopgaan en die Seun van die Mens aan die regterhand van die Vader sit'. In hierdie plek kan jy nie mismoedig word nie, jy kan nie moeg word nie, want die lig in My oë maak dit vir jou moontlik om op die reis tot aan die einde te volhard.

Stefanus se oë en geestelike siening was nie volgens wat hy in die natuurlike gesien het nie. Soveel so dat hy nie die pyn van verwerping en die fisiese pyn van die klippe – wat uiteindelik sy dood sou veroorsaak - gesien of gevoel het nie. Sy onmiddelike realiteit was dat hy die Hemele sien oopgaan het en dadelik het hy My gesien, want hy het gekies om verby die mense te kyk; hy het My gevra om nie hulle sonde teen hulle te hou nie; hy was in staat om die dinge van die wêreld te oorkom, die dinge wat hy in die natuurlike moes deurmaak, want hy het sy blik op My gerig en daarom het hy My gesien. Die oë van Stefanus se verstand en die oë van sy hart het outomatiese op My gefokus, deur die krag van My Gees. Hy het sy sig verbreed om My gesig te sien en EK het hom die bonatuurlike vermoë gegee om die pynlike dood wat hy ervaar het, te verduur.

Stefanus het 'n leefstyl van stip kyk, tot binne in My oë en hart gehad. Hy het homself daaraan oorgegee om sy oë op My gevestig te hou en dit het veroorsaak dat alles anders vervaag en verdwyn het. Hy was so gevul deur die Heilige Gees dat die Geestes ryk op daardie oomblik vir hom meer werklik was as die sigbare ryk met die ondraaglike pyn wat gepaard gaan met steniging..

Kyk ontwrikbaar; rig jou oë en gedagtes om stip na My te kyk,

want dit is net op hierdie plek dat jy in staat sal wees om al die dinge wat jou in die gesig staar te oorbrug. My Bruid, in hierdie dae waarin jy is, moet jy weet hoe om 'n leefstyl van oë gerig op My te ontwikel, anders sal jy aan die slaap raak en in geestelike passiwiteit verval, want jy probeer te hard om alles net bymekaar te hou. Dis noodsaaklik dat jy hierdie beginsel oefen. Sluit jou oë op My en EK sal jou geloof en fokus lei op die weg wat jy moet loop. Om oorlog te maak op die manier wat jy moet oorlog maak. Die tye sal ondraaglik word vir diegene wat nie hul visie op My gerig hou nie, maar dit sal nie vir jou ondraaglik wees as jy volhard met jou oë op My gerig nie. Dit is nou die tyd om wakker te bly, op jou hoede te wees. Dit is nou die tyd om gefokus te wees. Hou jou oë op My. Dit is nou die tyd dat EK jou sal behoed en bewaar van al die werklikhede wat jy in die gesig staar. Jy sal in staat wees om dit te oorkom en vreugde sal binne jou gees opgewek word. Jy sal die strikke van die vyand ontsnap as jy aanhou om jou blik op My te rig – selfs nou.

EK wil nie hê dat My mense neergedruk word deur die tye waarin julle is nie; EK wil nie hê dat julle in julle gees bedruk sal word as gevolg van die waarhede oor My Koninkryk wat julle leer hoe om as My Bruid voor te berei nie. EK wil hê dat julle wakker sal word en wakker sal bly, maar onthou, 'n pad saam met My gaan daaroor om My te geniet, saam met My fees te vier, My te aanbid, van My teenwoordigheid te drink en vanuit hierdie wandel met My het jy oorvloedige vreugde! Moenie julle vreugde verloor nie, My kleintjies, wees soos kinders; EK wil nie hê dat jou pad met My soos werk moet wees en dat die verantwoordelikheid tot vrees moet lei wat jou dryf nie. EK wil hê dat jy moet speel in My teenwoordigheid, speel die snare van My hart en geniet My net. My beginsels is rein, My weë is reg; die regverdiges sal hulle daarin verbly en hulle oë sal deur My heerlikheid verlig word.

Miskien is al wat jy sien net 'n woestyn, 'n droë plek, 'n uitgeputte land ; miskien sien jy 'n rooisee voor jou en het jy nie 'n idee hoe om dit oor te steek nie. Miskien is jy honger in die woestyn en jy weet nie waar jy iets te ete sal vind nie. Miskien is jy 'n slaaf van jou omstandighede soos die Egiptenare en jy weet nie van 'n manier om te ontsnap nie. My mense, julle sal vergaan in daardie plek sonder

visie. EK wil hê julle moet die verlossende openbaring van Wie EK IS sien as jou visie. Want EK IS nie ‘n God wat geïntimideerd is deur enige iets wat oor jou pad kom nie. EK IS ‘n God van tuine in die woestyn, EK IS ‘n God wat jou ‘n belofte van voorspoedige grond gee wanneer jy ‘n slaaf in Egipte is; EK IS in staat om jou woestyn in ‘n tuin te verander. Roep My naam aan en vestig jou blik op My, en EK sal jou visie gee en jou van jou werklikhede verlos.

My Bruid is nie ‘n hoogheilige – kerkgaande -perfekte persoon - wat so baie mense help en die evangelie verkondig nie. My Bruid is die een wat kies om haar fokus op My gerig te hou, wat haar oë op My hou en daardeur al die werklikhede in haar lewe te oorkóm. Op daardie manier leef sy ‘n Koninkryks lewe op aarde. EK wil hê jy moet oefen om op My te fokus in elke situasie van jou lewe sodat jou enkelvoudige visie herstel kan word, sodat My mense nie ‘n versteurde fokus sal hê en dan so verdeeld is en in die verkeerde rigting beweeg nie. Staar na My en jou gedagtes sal op My gerig wees. Kyk en bid in hierdie tyd dat jou aandag nie deur die realiteite van die lewe van My af weggedraai word nie. Jy moet ‘n bestaan maak en jy het baie verantwoordelikhede in die lewe, maar as dit jou fokus van My af steel, word dit afgode.

Kyk, My Bruid is opreg; My Geliefde het die oë van ‘n duif. Wanneer ‘n duif sy blik op sy maat rig, word hy nie deur enige aktiwiteite rondom hom versteur nie, dit is soos ‘n verliefde. Om oë soos ‘n duif te hê beteken dat jy meer en meer bewus word van My persoon en My teenwoordigheid wat jou oplig bokant die aardse dinge wat jou neerdruk. Die onversteurde fokus van ‘n enkelvoudige visie sal jou in staat stel om meer sensitief te wees vir My teenwoordigheid en My fluistering en jy sal meer op My begeertes en doel ingestel wees om dit te gehoorsaam. Wanneer jy enkelvoudige visie het staar jy binne in My oë. EK kan hierdie mense lei en hulle sal volg, want hulle oë is op Myne gerig en hulle kan sien waarna EK kyk. EK sal jou opdragte gee en jou leer op die weg wat jy moet gaan; EK sal jou lei met My oog – daarom, staar na My met die oë van ‘n duif. Moenie soos die perd wees wat nie begrip het en met ‘n stang en teuel ingespan moet word nie. ‘n Perd het sy visie en word maklik afgelei deur dit wat hy sien. Jy het dinge aan alle kante wat jou aandag verg en jou fokus versteur en as jy nie oë soos ‘n duif

het nie sal jou verstand reg binne die pit van besigwees beland.

Wanneer jy wye visie het is jou gedagtes afgelei en dan sal jy jou met aarde dinge besig hou, maar wanneer jy enkel visie het sal jy nie langer reageer op die dinge van die wereld en van self nie. Jy sal nie reageer op jou eie begeertes en genot nie, maar jy sal op My begeertes reageer en EK sal jou genot wees.

My Bruid se intense begeerte is na My alleenlik en sy poog om haar blik op My alleen te rig. My Bruid kan nie tevrede wees met tydelike vervulling en plesiertjies nie. My Bruid is net tevrede in die plek van My teenwoordigheid, waar sy na My staar met die oë van 'n duif, waar EK reageer op haar eerste liefde hart, wat eerste My Koninkryk soek. Reageer met 'Staan op My lief, My opregte een en kom weg saam met My; EK sal jou met My oog lei'. Dít is My begeerte vir My Geliefde Bruid – die oë van 'n duif..."

REËNBOOG: 19 November 2013

“Daar sal altyd ‘n reënboog na die storm wees. EK IS ‘n God van verbond, My oordeel is as gevolg van My getrouheid; die doel van die storm is baie keer sodat jy na ons verbond sal terugkeer deur belydenis waar jy self in getrouheid wandel. EK IS die God van die reënboog, EK sal My verbond hou met My mense. Oordeel mag dalk kom, maar My hart is vir My mense om gered te word, want EK het nie na die wêreld gekom om die mense te verdoem nie, maar om hulle lewe te gee. EK wil hê dat julle in My verbond sal bly as gevolg van wie EK IS en die oordeel sal kom. My hart is dat jy vrugbaar en voorspoedig sal wees in ons liefdesverbond. Die storm is die resultaat van die mense se rebellie teen My. EK IS die regverdige Regter, want EK IS getrou en billik, EK IS genadig; My oordeel is vanuit liefde. My hart is vir My mense om na My te draai. Hoor jy My hartklop? ‘n Beroep op jou om nederigheid en gebed; soek My aangesig en draai weg van jou bose weë sodat EK van die hemel kan hoor, jou sondes vergewe en jou land genees.

Sien dat EK IS, My oordeel het nie dood tot gevolg wanneer jy van jou bose weë wegdraai nie; My oordeel het die reënboog tot gevolg - die teken van My getrouheid aan My verbondsvolk. As gevolg van die mens se trots, is daar soms ‘n storm nodig om die reënboog te sien, te sien EK IS die getroue Een. EK is trek My kinders met koorde van liefde, want EK wil hê dat jy My beter ken; EK wil hê dat jy weet wie EK IS in die storms van jou lewe in hierdie laaste dae. Ek wil hê dat jy weet dat EK IS die God van verbond is , EK IS die God van Abraham, Isak en Jakob.

Die doel van My koms is nie ‘n perfekte storm sodat die mense My oordeel kan voel nie; EK kom eerstens om die oorblyfsel van My verbond die ark van My beskerming in te neem en dan kom EK om te heers en te regeer. Die oordeel wat op die aarde sal kom is die resultaat van julle rebellie. Jy het ‘n keuse of jy jouself in hierdie tyd sal voorberei en of jy My oordeel sal aandurf. Onthou wat EK vir Noag gesê het, EK het vir hom gesê dat hulle vrugbaar moet wees en vermeerder; EK het hulle gered sodat hulle vrugte kon dra. Nie om hulle te verdoem nie. EK het jou vir dieselfde doel gered, dat jy in My sal vertoef en baie vrugte sal dra. Daar sal ‘n oes wees! EK wil hê jy moet seker maak dat jou fokus nie versteur sal word deur die

boodskappe wat uitgaan en die dinge wat jy sien nie. Wees stil en weet EK IS die God van die Verbond van die reënboog in die storm – nie andersom nie. Soek vir die reënboog, moenie na die storm kyk nie. EK wil hê jy moet aangespoor, op jou hoede, wakker en op die uitkyk wees, wakker bly en jou klere skoon hou. Maar EK wil ook dat jy in My sal rus; rus in My vrede. Rus in die feit dat EK IS die getroue Een genoem word; EK IS 'n God van verbond, jy hoef nie te streef na volmaaktheid nie, jy moet net na My Koninkryk uitreik, want dit het gekom; jou verlossing is hier, liefde is hier, liefde is naby en in die teenwoordigheid van liefde sal jy gewas en geklee en voorbereid wees as My Bruid. Onthou dat alles oor My teenwoordigheid gaan, jy moet jou lewe rondom jou eerste liefdesprioriteit skeduleer – INTIMITEIT met My. Leef daagliks in My teenwoordigheid, want vanuit 'n plek van My teenwoordigheid sal jy in staat wees om te oorwin. Jy sal My in die storm aanbid, want dit is net in die storm wat die reënboog sigbaar word. Dit is deur die storms en die woestyn seisoene dat jy nederig word en jy My op 'n dieper manier leer ken. Kyk op,sien die reënboog, EK IS!"

ORDE: 17 Februarie 2014

Ek het in die nag wakker geword van die klank van ‘n trompet. Terwyl die trompet geblaas het, het die frekwensie verander en meer intens geword. Ek het Yeshua hoor praat en Sy stem het die klank van ‘n shofar gehad. “Die verandering in die frekwensie is ‘n verandering in die seisoen. Julle is in ‘n nuwe seisoen waar EK IS sê: Betree My regte orde”.

Toe sien ek ‘n drumpel in die gees met twee deure en bloed het van albei deure gedrup. Daar was in goud op albei deure gekryf en dit was asof Yeshua op dit geblaas het en die woorde het saamgekom en ‘n pad gevorm wat deur die deur gelei het.

“Luister na My woorde, dit is tyd vir nuwe lewe om vanuit jou DNA te ontstaan – jou innerlike wese... Daardie nuwe lewe is die resultaat van die proses van restourasie in jou innerlike wese.” Terwyl Yeshua gepraat het, het ek in die gees ‘n hoofweg gesien, en mense was besig om die hoofweg te bou, want hulle het in radikale gehoorsaamheid gewandel. Hulle het na die stem van Yeshua geluister en dus het hulle gedoen wat Hy gevra het. Ek het in die gees ‘n skudding in Suid-Afrika gevoel en het Yeshua hoor sê: “Die frekwensie van die trompet se klank is aan die toeneem in hierdie land, en die noodsaaklikheid vir belydenis neem toe. Kyk, laat My luisteraars hulle ore spits. Dit is tyd vir nuwe wyn en olie. Julle is in ‘n nuwe seisoen waarin EK aan julle sal openbaar aangaande die deur wat die weg is vir julle om binne te gaan.. ‘n Dekreet is uitgevaardig; EK IS besig om My mense te roep om binne die orde van My verbond in te kom, want as jy nie in lyn met My orde is nie, is jy kwesbaar vir die orde van baäl wat aan die werk is in jou lewe en dit sal jou nie lei na My bestemming vir jou nie. Wanneer jy My orde binnekom, sal nuwe lewe ontstaan en jy sal verandering in elke dimensie van jou lewe ervaar. EK sien dinge in werking binne My mense wat nie in lyn is met My wil en bestemming vir hul lewens nie, want My mense is nie in lyn met die orde van EK IS nie. My orde is die struktuur waarvolgens jy in staat is om in die volheid te wandel van wat EK vir jou beplan. As jy nie in lyn is met My orde nie, sal jy nie in hierdie seisoen die deur kan binnegaan nie. In hierdie tyd waarin jy is, sal EK dubbele deure voor jou sit en EK sal beide deure oopmaak sodat jy die regte orde kan binnegaan. Dit sal lei tot die ontwaking van die een nuwe mensheid, en EK sê jou, dit is tyd. Kom saam tot binne

die struktuur van My regte orde; laat die bene bymekaarkom – been tot been. EK sal asem in jou blaas en jy sal lewendig word. EK IS besig om My verbond te herstel onder diegene van My mense wat gewillig is om te luister en gehoorsaam te wees en in My weë te vertoef in hierdie seisoen. EK IS besig om die dooie blare af te snoei, EK IS besig om alles wat nie vrug dra nie af te sny, sodat deur middel van nederigheid, nuwe lewe kan voort bring. Jy sal die skudding in elke dimensie van lewe voel wat na jou uitroep om die dinge van jou verlede en die wêreld te laat vaar om My owerheid binne te tree. Hierdie seisoen is noodsaaklik vir die voorbereiding van My bruid, want as jy nie nederig voor My bely nie sal jy in die duister bly en nie in staat wees om dit wat binne die deure is te ontvang nie. My mense, hoor My woorde, EK IS besig om My hand na jou uit te steek en te sê: 'Kom My orde binne, want My orde is soos die struktuur van 'n boom; as dit nie regop en ferm in vrugbare grond geplant is nie, kan dit nie vrugte dra nie. As jy nie My regte orde binnegaan nie, sal dit nie moontlik wees om die vrug te dra van My beloftes nie. EK het baie beloftes gegee, en daar is seëninge in plek vir diegene wat hul saak met my reggestel het, maar EK sê jou, as jy nie in My regte orde vertoef nie, sal jy nie deel hê aan die beloftes nie. As jou DNA nie in My regte orde is nie, mag jy depressie ervaar in plaas van vreugde, stabiliteit en tevredenheid. Jy mag gebreke hê in plaas van goeie gesondheid. Jy mag sukkel en faal in plaas van om te oorwin en in oorwinning te wandel. Jy mag dalk nooit in die volheid van My bestemming vir jou lewe wandel nie. Daarom sê EK vir jou, gaan die deur binne wat EK voor jou oopmaak en luister na My woorde.'

My mense moet hulle roepings binnegaan. Hierdie roepings is die planne wat in die rolle in die hemel opgeskryf is, sodat hulle volgens My bloudruk kan lewe. Daar is te veel van My mense in posisies en situasies waar EK hulle nie geplaas het, of voorberei het, vir hulle om voorspoedig te wees nie. Die vyand is daarop uit om My mense se bestemmings te steel deur die gate in die mure van julle siele te gebruik om sy vestings in plek te hou. Deur dit te doen, stel My mense nie hul sake met My reg nie en wandel hulle nie in die beloftes vir hulle nie. Wanneer jy My orde binnetree is dit soos om die deur van jou bestemming binne te gaan, want jy is dan in lyn om dit wat ek vir jou in plek het, te ontvang. Daar is kinders wat in die skole sit met eind-tyd roepings vir hul lewens. Daar is jongmense in universiteite met roepings

en planne vir My Koninkryk, maar mense handel nie binne My orde nie en dan is hulle nie in die regte posisie om dit te ontvang nie. Die vyand wil jou in 'n posisie sit waarin dit lyk of jy reg is vir jou toekoms, maar dit is minderwaardig teenoor My bestemming vir jou. Wie sal die wêreldse orde ontsnap en My orde binnekom? 'n Prys moet betaal word en jy sal 'n keuse moet maak om met My te wandel. Die tyd en die seisoen is krities, dit is tyd om My regte orde binne te gaan om jou vir die Beloofde Land voor te berei. EK IS besig om die deur vir My mense oop te maak sodat hulle kan binne gaan, maar wie nie gewillig is om binne te gaan nie, sal nie in die volheid van hul bestemmings kan wandel nie. Is jy besig met dit waarvoor EK jou bestem het? Of wandel jy op 'n wêreldse pad? Voortdurend in sirkels, maar jy kom nooit My volheid binne nie?"

'n Tyd gelede het Yeshua my boeke en rolle in die hemel gewys wat Sy bestemmingsplanne vir individue en nasies bevat. Hy het my gewys hoeveel van daardie boeke is nie verseël nie en gesê: "My bestemming vir jou, wat in die rolle van die hemel geskryf staan, is ook op jou geestelike DNA opgeteken en daar is 'n seël op jou bestemming geplaas, wanneer jou siel se DNA en jou geestelike DNA saamsmelt is dit die orde van EK IS. Die seël verseker die rypwording en vervulling van jou bestemming. 'n Seël word op jou bestemming geplaas volgens jou keuses. Wanneer jy gehoorsaam is, word My seël op jou bestemming geplaas en jy sal in jou roeping wandel. Maar die vyand het ook planne om My bestemming vir jou lewe te steel en wanneer jy nie in My regte orde is en jy verkeerde besluite maak, stel dit hom in staat om seëls op sy planne van moord, roof en verwoesting te sit. Hy gebruik ook die onbelyde, onoorgelewerde geheue van voorgeslagte in jou DNA om sy strukture en vestings in plek te hou deur die orde van Baäl, wat sy orde is om jou hekke aan te val en te verhoed dat jy binnekom."

Ek hoor Heilige Gees keer op keer sê ons moet 'n muur van beskerming om ons bestemmings bou, sodat die vyand nie openings vind om te steel, dood te maak en te verwoes nie.

GEBED

Abba Vader, ek kom voor U troon van genade deur die Bloed van U kosbare Seun. Ek eer en verheerlik U as my Hoë Priester en Koning. Ek verklaar dat U troon in regverdigheid en geregtigheid gevestig is.

Op hierdie dag wil ek My DNA en my bestemming voor U bring. Ek wil nederig voor U kom en bid dat U, U lig in my DNA sal skyn, want ek is bereid om te bely van dit wat in die duister skuil, en waarvan ek onbewus is. Ek plaas alle programmering vanuit die voorgeslagte; seëls en vloeke uit die saad van trots en die wonde van verwerping in U hand. Ek vra U om binne te gaan en verlossing en bevryding te bring. Ek vra dat U Heilige Gees dit sal transformeer met die seëning van U saad. Ek bid dat U my DNA sal was met die water van U Woord, U Gees en U Bloed. Ek bid vir U redding in my DNA deur die geheue van die voorgeslagte se sondes, ongeregtigheid en oortredings te verander na 'n getuienis en 'n lewende offer wat die geheue van U gehoorsaamheid, U liefde, U karakter en natuur dra. Ek bely dat slegs soos My natuur en karakter in lyn kom met U wil en U woord, ek in staat sal wees om werklik in die bestemming te wandel wat U vir my beplan het. Vorm my, verander my, herstel my, herbou gebroke mure en vul die gate diep binne my DNA. Skyn U lig en verwyder die sluier van trots, misleiding en ontkenning wat my blind hou vir U waarheid, want ek wil nie toelaat dat verborge sonde my siel beheer nie. Ek wil 'n vleklose bruid wees.

Ek verklaar dat U bestemming vir my lewe perfek, goed en begeerlik is. Ek hunker daarna om in die planne wat U vir my het, te wandel en ek vra U om die werk in my innerlike wese te kom doen wat my sal voorberei om in hierdie bestemming te wandel, want ek weet dit is nie altyd net 'n kwessie van tyd en afwagting nie. Dit is 'n saak van reiniging en heiligmaking; suiwer my dus met U vuur. Ek erken dat ek nie in staat sal wees om in my roeping te wandel as ek nie heel is nie, daarom nooi ek U om U vervulling binne my DNA te voltooi waar daar nog steeds gebrokenheid, trots, verwerping, pyn, rebellie, vloeke en dood vasgevang is as gevolg van onvervulde behoeftes, onafgehandelde sake en ongeneesde sere. Ek wil U orde binnetree en die deur binnegaan sodat ek in staat sal wees om in intimiteit en gehoorsaamheid met U te wandel asook in die bestemming en roeping wat U vir my lewe het.

Abba, ek vra U om my te help om in gehoorsaamheid te wandel, ook met die keuses aangaande my lewe en bestemming, dat dit in lyn sal wees met U perfekte wil en orde sodat ek nie myself besig sal hou met dinge wat U nie vir my bestem het nie. Met die gesag wat U my gegee het, bind ek die vyand wat probeer om my van my roeping af te lei; wat probeer om my doel te steel en pogings aanwend om my te weerhou

van U perfekte bestemming vir my lewe. Geen wapen van satan en sy agente teen my sal voorspoedig wees nie. Laat my bestemming tot vervulling kom en ek bind enige valse bestemming wat die vyand in my lewe wil bring. Ek bid teen enige besmetting en verontreiniging van my bestemming. Ek weier om enigsins buite hierdie bestemming te handel. Ek bestraf vrees,minderwaardigheid, waardeloosheid en trots wat die vyand dalk mag gebruik om my of uit my bestemming te hou óf om dit te verontreinig. Elke mag wat in stryd is met my bestemming – ek bind jou en ek verklaar jou magteloos! Laat elke wortel en elke plant in my lewe wat van die bose is verwyder word, sodat daar geen strukture van die bose meer is wat hom grondige reg gee om my bestemming aan te val nie. Ek weier om 'n lewe buite U plan te leef; ek weier om 'n lewe gelei deur my eie verstand, wil en emosies te leef. Ek weier om in beheer van my bestemming te wees. Ek bid dat U enige hindernisse sal voorkom en my die onderskeiding sal gee om te weet wat om te doen aangaande my daaglikse keuses wat 'n direkte invloed op my bestemming het – veral my woorde en gedagtes. Help my om in reinheid en regverdigheid voor U te wandel. Seën asseblief my DNA soos ek in belydenis voor U kom en seël my bestemming met die seël van U Gees, U Woord en U Bloed. Openbaar aan my die areas in my lewe waar ek die verkeerde keuses gemaak het wat U voornemens vir my lewe versteur sodat ek kan bely en van my bose weë kan wegdraai. Ek verklaar 'n muur van beskerming rondom my bestemming soos ek in gehoorsaamheid wandel en myself tot U orde oorgee sodat U Koninkryk kan kom en U wil op die aarde kan geskied, net soos in die hemel.

Amen.

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

DIE TUINHEK: 8 Maart 2014

'n Paar dae gelede het Yeshua my rondom 5 uur in die oggend wakker gemaak. Ek was wawyd wakker en my gees afwagtend aangaande wat Yeshua besig was om te doen. Ek het Heilige Gees hoor sê: 'Gaan uit na die tuin en kyk saam met My na die mooi sonopkoms'. Dit was nog donker buite, die lug was fris en alles was vol dou. Ek het kaalvoet oor die nat gras geloop en op die dek gaan sit wat oor die dam, met die pragtige berge in die agtergrond, uitkyk. Die son het van agter die wolke begin verskyn en dit was glansryk in prag! Soos ek daar op die dek gesit het, het Heilige Gees met my begin praat oor die verborge bediening van ons tuine van intimiteit met Hom.

'Net soos jy nou 'n nuwe dagbreek aanskou, is My mense besig om 'n nuwe dag binne te gaan. Kyk; wat sien jy met jou geestelike oë?' Ek het 'n goue hek, wat oop was en na 'n tuin gelei het, gesien. Ek het 'n lied vanuit die middel van die tuin gehoor. Ek het geweet dat dit Yeshua was en Hy het gesing: 'Tree in, tree in, tree in!' Ek het die tuin binne gehardloop, daar was baie bome, van hulle het nie bloeisels gehad of vrugte gedra nie. 'EK IS besig om in hierdie seisoen My mense deur My Gees terug te neem na die tuin van intimiteit met My, waar daar nie afstand tussen ons is nie, en julle in My orde en My teenwoordigheid wandel. Dit is die eind-tyd, Eksodus – julle sal na My tuin terugkeer. Elkeen van My kinders het 'n bestemming. Jy is gesalf, voorberei en toegerus deur My Gees om in jou bestemming te wandel, maar daar is net een manier waarop jy in jou bestemming kan wandel. Slegs deur in jou verborge bediening te belê is dit vir jou moontlik om in jou bestemming te wandel. Jou verborge bediening is 'n tuin, dit is die plek van intimiteit met My. EK het Adam en Eva in die tuin geplaas om met My te Shama...hulle was daar om die tuin te onderhou en om in daardie plek van My teenwoordigheid te bly, in gehoorsaamheid te wandel volgens alles wat EK beplan het en dus vrugbaar te wees. Dit was ten toon gestel deur die vrugbare tuin. Dit was die begin. My doelwit sal nooit van My weerhou kan word nie en dus soos die einde van dae nader kom, stuur EK IS Mense uit wat die salwing van Moses dra, maar hulle is eintlik 'n Josua Generasie, want hulle is diegene wat die salwing van besitters dra! Hulle is nie net woenstyn dwalers nie, hulle is nie net gelowiges nie, maar hulle besit die bestemming; hulle besit die beloofde land,

want hulle vertoef in die verborge bediening van die tuin. Hulle leef en wandel in My tuin, vanuit ‘n plek van smoorverliefde begeerte en intimiteit met My. Die sluier is besig om te lig en die mure is besig om afgebreek te word deur My genade. Selfs al hoor jy my woorde, wil EK jou nie buite vind nie, want die tuinhek is oop en EK IS roep jou na die verborge bediening. Net soos EK vir Sarah wakker gemaak het om fisies na die tuin te gaan, wil EK My geliefde mense geestelik wakker maak om My tuin binne te kom. Hoor My woorde, en dié wat My lied hoor sal by die tuinhek inkom en hulle sal My verbondsvolk genoem word nes Israel van Egipte verlos was en na die tuin teruggekeer het. Hulle het teruggekeer na ‘n verbondsverhouding met My. EK IS besig om ‘n tuin in die woestyn van hierdie wêreld te skep. Daardie tuin is die verbondsvolk, genoem My Bruid. Die end-tyd Josua Generasie sal luister en gehoorsaam en deur hulle sal alle dinge herstel word. Julle sal diepliggende restourasie sien onder die luisteraars! Julle sal diepliggende restourasie sien tussen diegene wat binnekom, omdat hulle by die hek inkom deur middel van belydenis. Hulle lê hulle sondige natuur neer en vervang die saad deur in My Gees, My Woord en My Bloed te vertoef. Hulle vertoef in EK IS en dus het hulle deel aan My natuur. My natuur is die boom van die lewe wat die vrugte van oorvloedige lewe en seëninge dra. EK sê jou weer, EK IS roep ‘n generasie wat gewillig is om ‘n tuin in die woestyn te wees.

Die verborge bediening is jou ware bestemming waar jy My Gees, My Woord en My Bloed toelaat om jou innerlike wese te transformeer sodat jy My met jou hele hart, jou hele siel, met al jou krag en met alles wat in jou is kan liefhê. Dit is veel dieper as ‘n belydenis, dit is dieper as ‘n geloof, dit is om in al My voorskrifte te wandel en te vertoef. Dit is die lewe van ‘n ware aanbidder, ‘n lewende offer, ‘n koninklike priesterskap, ‘n heilige nasie, My ware verbondsoorblyfsel – Israel. Soos die woorde van die seuns van Jakob: Julle is almal een Man se seuns. Net soos Josef en sy broers herenig was, so sal julle die restourasie in hierdie tyd sien, want EK IS die God van eenheid en nie skeiding nie. EK het die skeidingsmuur verwyder sodat almal kan binne kom. EK begeer dat al My kinders in My huis sal wandel, al die dae van hul lewens. Die droë bene moet bymekaarkom, so staan op en kom My tuin binne sodat julle ‘n generasie van besitters kan wees. EK begeer dat julle alles wat EK voorgeskryf en vasgestel het, sal besit.”

GEBED

YHVH, U is die God van Abraham, Isak en Jakob; groot is U naam oor die hele wêreld. Daar is geen een soos U nie. Ek seën U naam met alles waarvoor my siel uitroep en met alles in my, want ek kom nederig voor U troon van genade en sing: heilig, heilig, heilig is U, die Allerhoogste! Vader, ek vra dat U my gees wakker sal maak sodat ek deel van 'n geslag van U eiendom kan wees; 'n geslag wat U doelwit sal bereik. Ek wil in die verborge bediening vertoef; ek wil die tuin van intimiteit met U binnekom soos die Shulamitiese bruid. Vader, neem my asseblief tot dieper vlakke van intimiteit met U. Blaas oor my tuin sodat die speserye en geure mag uitvloei. Kom my tuin binne, My Geliefde en eet die vrugte. Kom U tuin binne en ruk uit en ontwortel alles wat nie vrug dra nie. Snoei my sodat ek 'n vrugbare tuin kan wees en my verborge bediening welvarend voor U sal wees. Mag die verborge bediening van my siel U behaag. Die verborge bediening van my gedagtes, begeertes, emosies, wil en alles wat in my is moet dag en nag 'n aangename geur voor U wees. Mag my siel in lyn wees met U Priesterskap en U Koninkryk sodat ek deel van die Josua Generasie mag wees vir almal om te sien, U is die groot EK IS. Heilige Gees, veroordeel my asseblief dat ek voor U in belydenis kan kom. Veroordeel my deur U bloed van alles wat 'n muur tussen ons gevorm het – godsdiens, kompromie, dubbelhartigheid, trots, vleeslikheid, wellustigheid, ontkenning, louwarmheid, vrees, intellek en redenering, verwyder dit in die kosbare Naam van Yeshua. Ek wil nie deur U tuinhek kom met my vleeslike, onoorgelewerde verstand nie, want ek weet dat ek nie intimiteit met my vleeslike verstand binne kan gaan nie. Ek kan slegs deur my gees wat smoorverlief op U is, en deur belydenis en aanbidding binnegaan. Ek wil U poorte singend binnegaan, want ek leef met die doel om U te aanbid. Yeshua, gee my asseblief 'n smoorverliefde hart wat bestaan met die doel om U vurig lief te hê; wat bestaan om al my liefde oor die Een uit te stort wat waardig is van alle liefde en aanbidding. Dit is my groot begeerte om alles te wees wat U bestem het en daarom nooi ek U om elke area van my lewe te kom oorneem. Neem my in besit want dan kan ek die natuur en erfenis wat myne in U is, besit, deur U saad. Ek sien dat die tuinhek wawyd oop is as gevolg van U Gees en as gevolg van U bloed. Ek wil my weg terugvind na die plek van wandeling met U. Ek

wil 'n tuin in die woestyn wees. Ek wil bloeisels dra in my intimiteit met U; ek wil die vrugte van gehoorsaamheid dra. Lei my na die tuinhek waar ek weer in U perfekte orde sal wandel, die orde van U natuur wat lewe en seëning bring en nie dood en straf nie. Ek weet dat U Koninkryk naby is en dat ek slegs hoef uit te strek. Ek strek uit, help my asseblief om my weg terug na die tuin te vind, selfs al sal dit beteken dat ek deur die woestyn moet gaan; selfs al beteken dit dat ek die vuur moet binnegaan om U aangesig te sien.
Amen

_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____

SLUIERS: 23 Maart 2014

Gedurende die afgelope paar dae het Yeshua met my gepraat oor die manier waarop ons na dinge kyk. Hy wil met ons deur die natuurlike dinge praat, maar ons moet ons geestelike oë oopmaak en ons verstand so instel om dieper as die natuurlike ryk te sien, sodat ons kan hoor wat Vader besig is om te sê. Kyk ons na dinge vanuit 'n vleeslike perspektief? Filter ons, ons perspektiewe deur die denkwyse en geloofsisteme gevorm deur die 'god' van hierdie wêreld of is ons verstand ingestel op die denke van YHVH?

My gedagtes dwaal gedurig na Abba Vader met die vraag: "Waarmee is U in hierdie seisoen besig? Wat is dit wat U in hierdie seisoen sê?" Ons hoef nie nie net tyd met Abba in die oggend of

die aand te spandeer nie, maar ons kan voordurend in dialoog met Hom verkeer aangaande die werking van Sy Gees, om Sy hart in alles te soek. Wanneer ons, ons gedagtes op hoër dinge rig, sal Vader met ons deur die natuurlike dinge praat sodat Sy Koninkryk na die aarde sal kom. Van wat ek sover tydens hierdie reis geleer het is dat een van die belangrikste beginsels aangaande 'n hoër lewe leef, en die deelname aan Yeshua se goddelike natuur, in ons gedagtes lê. Ons gedagtes kan maklik 'n lawaaierige stad word waar die vyand vestings van dubbelhartigheid, ydelheid, selfgesentreerdheid, ens bou. Ons moet hierdie vestings afbreek, want dit is soos 'n sluier in ons siele wat inbreuk maak op sensitiwiteit vir die Heilige Gees.

Iets wat vandag grootliks in die liggaam van Messias kortkom is dié sensitiwiteit en dit is as gevolg van al die sluiers in ons siele, soos trots, wat ons gees bind. Dit is soos was in die ore en skubbe rondom ons. Ons moet op 'n plek van geestelike sensitiwiteit kom deur daagliks te luister en te gehoorsaam. Ons kan nie in 'n posisie wees waar ons slegs na mense draai om vir ons dinge oor Vader te vertel nie. Daar is 'n plek daarvoor, maar as ons nie self sensitief vir die Heilige Gees se raad en leiding is nie, mag ons mislei word, want baie roep 'Here, Here'. Die vraag is wat sê die Gees van die Allerhoogste God vir jou en vir my, en is ons in staat om dit waar te neem? Baie vra my: 'Sarah, hoe kan ek hierdie intieme verhouding met Yeshua hê?' Deursoek jou siel en kyk na wat in die binneste van jou siel aan die gang is; wie besit die troon van jou siel? Is daar steeds onvergifnis vasgevang agter die sluiers van woede, bitterheid en verwyt? Skuil kompromie agter sluiers van trots? Skuil godsdiens agter die sluiers van kennis in jou lewe? Die Gees is besig om ons hoër te roep na Sy Priesterskap, na 'n plek waar ons aan Hom, soos Dawid verklaar: 'Deursoek asseblief my hart.' Intimiteit, nabyheid, 'n vriendskap met Koningskap, kameraadskap met die Gees en 'n plek van smoorverliefde begeerte vir ons Bruidegom berus in daardie plek waar jy jou siel deursoek, en Heilige Gees toe laat om al die sluiers wat ons in werking van die sondige natuur hou, te skeur; om Hom toe te laat om op die trone van ons siele te heers en te regeer, om oor elke aspek van ons lewens die gesag te hê. Ons is nie veronderstel om in die vlees te wandel nie, dus is ons ook nie veronderstel om in die vlees oorlog te voer nie. Die vestings van

die vyand moet gebreek, verpletter, stukkend geslaan, geruïneer en verwoes word sodat ons ‘n heilige volk, ‘n koninklike priesterskap, ‘n lewende offer, ‘n geslag wat alles besit wat Yeshua beplan, kan wees, want Hy besit elke aspek van ons lewens.

Wanneer ek rondkyk sien ek dat ons op ‘n slagveld is en dat die vyand alles doen om te wen. Wat doen ons, aangesien ons veronderstel is om vegtende bruide te wees? Is ons tevrede in ‘n gemaksone? Is ons tevrede in godsdiens of luister ons vir strategie vanuit die Gees en die Woord sodat mure afgebreek kan word? YHVH is besig om die Josua’s te roep – die besitters. Ons kan nie in ‘n gemaksone bly terwyl Hy ons roep om reuse te takel en rondom mure te marsjeer, wat eintlik die vyand se vestings is nie. Hy sal die mure laat val en Hy sal aan ons die land gee soos Hy belowe het – om deelnemers van Sy goddelike natuur te wees. Maar ons sal moet luister en gehoorsaam.

Verlede week terwyl was ons per motor op pad was het ek voor my in ‘n ander voertuig ‘n persoon gesien wat met ‘n kombers oor sy gesig gesit het. Ek kon nie ophou om na die persoon te kyk nie en het gewonder hoekom hy sy gesig met die kombers bedek hou. Heilige Gees het met my daaroor begin praat.

‘Net soos hierdie mens onder die kombers sit, onbewus van wat rondom hom aangaan omdat hy nie kan sien nie en beperk is deur die versperring wat soos ‘n sluier oor hom is, so skuil My mense ook agter sluiers. Wanneer jy gesluierd is kan jy nie sien nie. Verskillende sluiers binne die siele van My mense weerhou hulle daarvan om die volheid wat EK vir elkeen bestem het, in besit te neem. Die sluiers is soos mure waaroor EK wil hê jy moet kom. In My word elke sluier geskeur en elke muur afgebreek, maar dit is nodig vir jou om in My Priesterskap te vertoef, sodat die oorwinning joune kan wees. Die sluiers kom in verskillende vorms. Die sluiers kan wees godsdiens, trots, misleiding, ‘n tekort aan kennis, wettisisme, selfgesentreerdheid, …’ Terwyl Heilige Gees gepraat het, het ek terug gedink aan ‘n paar dae tevore, toe ek in ‘n winkelsentrum rondgeloop het. Dit was neerdrukkend op my gees om te sien wat in die geestelike ryk in die winkelsentrum aan die gang was. Ek wou net so gou moontlik alles afhandel en daar wegkom. Wellustigheid het van die mure gedrup en ek het aanhoudend in die gees gehoor:

Ydelheid, ydelheid, ydelheid, ydelheid. Baie van die mense se oë was swart en daar was geen lig in hulle nie. Hulle het soos zombies gelyk – wandelende dooies. Ander se gesigte was gesluierd deur die ydelheid soos hulle na die wêreld se watergat gaan in 'n poging om iets te 'voel', om die vlees te probeer voed, om net vir 'n rukkie tevrede te wees. Bowenal kon ek die GROOT behoefte aan LIEFDE sien! Waar daar geen liefde is nie, neem trots oor en ons leef in 'n wêreld wat met trots en ydelheid gevul is as gevolg van 'n tekort aan liefde. Dit is nodig dat ons Yeshua na die wêreld neem en hulle die liefde wys wat Hy vir ons almal het, sodat alle kettings gebreek kan word. Ek onthou dat ek daardie aand gedroom het hoe ek in die winkelsentrum loop en hoe ek voel dat Heilige Gees by my is. 'n Onbekende vrou het spontaan na my aangestap gekom en vir my gevra: "Op wie is jy verlief, want ek kan sien dat jy gelukkig is; Jy moet sekerlik verlief wees... Wie is hy?", het sy my gevra. Ek was verbaas dat sy dit kon opmerk. Toe het ek vir haar gesê: "Sy naam is YHVH en jy kan ook gelukkig wees, jy kan ook verlief wees." Toe ek wakker word het Yeshua voortgegaan om met my te praat.

"Die sluier word deur LIEFDE gelig. Wanneer jy in My liefde bly deur My te gehoorsaam, het jy my lief met jou hele hart, siel, verstand en krag en daardie liefde verwek jaloesie, want liefde is jaloers. My liefde is jaloers op jou en daardie jaloesie is soos 'n vuur wat jou brand sodat EK die plek van eerste liefde in jou lewe kan inneem. Jou jaloesie vir My word eintlik tentoongestel deur die manier waarop jy My hart soek; My voorneme najaag, My aangesig soek, en 'n plek binnegaan waar jy met My worstel en My nie laat gaan todat EK jou seën nie. Hierdie liefdesverhouding beteken nie net dat ons op mekaar jaloers is nie, maar wanneer jy waarlik in die verhouding wandel wat EK beplan het, verwek dit ook jaloesie in ander wat nie het wat jy het nie, slegs dán word die sluier gelig. Dié wat gesluierd is kan My nie sien nie, hulle ken My nie, maar hulle kan jou sien. Maak jy hulle jaloers of oorweldig jou kennis en geestelikheid hulle tot die punt waar jou teenwoordigheid veroordelend is vir hulle? Niemand sal gered word deur die aanwesigheid van veroordeling nie. Almal sal gered word deur die teenwoordigheid van liefde, want liefde omvou alles en breek elke juk af. Dit verdryf elke demoon en genees elke siekte. Liefde is die krag van EK IS. Daarom sê EK jou,

My volk is gesluierd met verskillende sluiers. Diegene wat My nie ken, van My getuig of in My glo nie, kan deur ongeloof gesluierd wees. Maar dié wat in 'n verhouding met My is en wel My hart soek kan ook gesluierd wees. Jy kan gesluier word deur kennis en dit is 'n veroordelende gesig vir die wat nie My hart ken nie. Hulle het nodig om ongesluierde gesigte te sien wat 'n vreugdevolle gelaat het; hulle het nodig om die liefde in jou te sien sodat dit jaloesie in hulle kan verwek . Dit is wat EK van jou vra; Kyk in die spieël van My Woord en laat My Gees en My Woord toe om jou die verskillende sluiers van die sondige natuur te wys en jou daaroor te onderrig. 'n Probleem tussen My kinders is die feit dat hulle nie in staat is om die sluiers te erken nie, nie in staat is om dit te herken en dit te sien nie, as gevolg van 'n gebrek aan onderskeiding en geestelike sensitiwiteit. Julle is in 'n tyd waar die sluier gelig word en baie dinge wat vir 'n lang tyd verborge was geopenbaar sal word. Baie sal wakker word en EK IS sien, want dit is oestyd."

Ek herinner my hoe ons die vorige oggend deur Elgin Vallei gery het. Ek het na aanbiddings- musiek geluister en by die venster uit gestaar. Dit was vroeg in die oggend, die son het net begin opkom en al die blare van die bome het in die oggendson geblink, Daar was werkers in die vrugteboorde besig om te oes. Al die bome was vol appels en opgewonde het ek weer die Gees hoor sê: 'Staan op, want dit is oestyd; die oes is groot, maar die werkers is min. Die sluier moet gelig word.' Ons het verder oor Sir Lowry's pas gery. Toe ek oor Kaapstad uitkyk, het dit mistig gelyk in die gees en in die natuur. Daar was 'n 'wolk' wat oor die hele area gehang het. Net hier en daar kon ek in die gees Yeshua se Koninkryk deur die wolke sien. Daar was baie engele aan die ander kant van die wolk. 'Weer bevestig EK IS My Woord aan jou. Hierdie wolk wat jy in die natuurlike sien is die sluier wat in die geestelike keer dat My Koninkryk op aarde gevestig word. Gaan uit en blaas die trompet sodat die sluier gelig kan word.' Terwyl Yeshua dit gesê het was daar 'n paar engele met goue trompette. Die een engel het aan my 'n goue trompet gegee, soos Yeshua hom beveel het om te doen. Ons het in die gees die trompet geblaas. Dit was amper asof 'n kragtige wind deur die trompet vrygelaat was en die wolk weggeblaas het. Dit was asemrowend om dit ook in die natuur te sien, want reg in

die middel van die wolke het dit oor die Somerset Wes / Helderberg area oopgegaan en sonstrale het deurgeskyn. ‘EK sal My kerk bou deur My Bloed, deur My Gees en deur My Woord en die hel se poorte sal nie teen dit seëvier nie.’

DIE BLOEDMANE: 1 April 2014

“Hardloop met die boodskap. Die mense moet hóór sodat oë kan oopgaan en die oplig van die sluiers kan voortgaan. Die gees is swaar en baie dinge is aan die verskuif, soos julle ‘n nuwe seisoen in die tekens van die tye binnegaan. EK IS besig om seine op elke moontlike manier uit te stuur sodat My volk wakker kan word. Die komende bloedmane is ‘n besliste teken aan julle oor die tye waarin julle is.” Terwyl Yeshua gepraat het, het ek ‘n visioen gehad van ‘n baie ou boek wat oopgemaak word. In die boek was daar baie tekens opgeteken. Die boek het ook die verklarings van Daniël se drome en profesieë in gehad, asook die van Openbaring. Daar was kodes in rooi op die bladsye geskryf. Terwyl ek daarna gekyk het, het sommige daarvan duidelik geword, tog was dit in ‘n ander taal wat soos Hebreeus gelyk het. Soos die letters transformeer het na letters wat ek kon verstaan, het ek gesien dat dit aantekeninge was aangaande die komende bloedmane. Binne die letters het ek ‘n

deur sien oopswaai en Yeshua se gesig het weggedraai. Ek sien toe hoe ‘n baie groot engel ‘n goue trompet blaas. Hy het ‘n boekrol, met ‘n profesie daarop geskryf, in sy hand gehad. Ek het dié woorde gehoor: ‘Die tyd van die heidene is aan die verbygaan en ons Hoë Priester is besig om Sy gesig na die Hebreeuse mense te draai.’ Daar was duisternis en daarín het ek ‘n bloedrooi maan gesien. Terwyl ek na die bloedmaan gekyk het, het ek ‘n ‘troon’ in die gees gesien. Die pous het op die troon gesit, maar sy gesig was soos ‘n demoon s’n en vanuit sy mond het godslastering gekom. Hy het ook ‘n tipe van ‘n septer met ‘n beker daarop gehad en die beker was met bloed gevul. Ek kon die gesig van die hoer-gees daarin sien. Die pous het iets in sy hand gehad wat hy geswaai het. Daar was ‘n verwaandheid in hom en hy was gemerk. Hy het ‘n tipe kroon op sy kop gehad en daaronder was daar ‘n merk op sy voorkop. Terwyl ek daarna gekyk het, het Yeshua met my begin praat: ‘Onthou jy daardie oggend toe ek jou wakker gemaak het en jou die pous se gesig gewys het? Onthou jy dat ek jou vertel het dat die Katolieke Kerk die vyand se alternatief vir My Priesterskap is? EK wys jou dit nou, want dit het betrekking op die bloedmane. Die stand van die maan bepaal wanneer julle My feeste hou. EK het die maan in die hemel geplaas vir tye, seisoene en tekens. Die bloedmane is ‘n seker teken en waarskuwing. My kerk wat geroep is om My bruid te wees, het mislei en vermeng geword met die alternatief tot My Priesterskap. Die bloedmane is ‘n waarskuwing vir julle om na julle Messias se Shabbat terug te keer, want dit is nie net ‘n beginsel nie, maar dit is ‘n verbond met My volk. Shabbat is deel van My Priesterskap en net wanneer jy waarlik in My Priesterskap bly, is jy werklik in ‘n verbond met My – die verbond wat EK deur My eie bloed met jou gesluit het. Die bloedmane is ‘n teken dat die tyd nou aangebreek het waar dit nodig is om na My ware verbond terug te keer, want kyk, julle is by die deur van groot oordeel. As jy nie in lyn met My Priesterskap kom nie, is jy nie beseël nie, en is jy nie gedoop met die volheid van My Sewe Geeste, wat My bruid vir ‘n oorlog en vir ‘n huweliksfees voorberei nie. Die huweliksfees is die vervulling van die tyd van My Priesterskap; diegene wat nie deur belydenis ware priesters geword het nie, sal nie as My ware bruid die fees kan bywoon nie. My waarskuwings gaan uit, EK IS besig om die tekens in die hemel te vertoon. Kyk na die siklusse van die aarde en jy sal sien

dat die Leeu van Juda aan die brul is, want EK IS kom om te heers en te regeer. Elke troon waarop EK nie sit nie, sal EK omgooi. Hoor My woorde: EK IS besig om My kinders huistoe te roep, EK roep die ware Hebreeuse mense – dié wat oorbeweeg het, om dit wat EK beplan het, in besit te neem. EK IS besig om My ware verbondsvolk huistoe te roep, om na My antieke weë terug te keer en tot hul eerste liefde gerestoureer te word. EK IS besig om die ware kerk te roep, die kerk wat EKSELF bou en die poorte van die hel sal nie daarteen seëvier nie.

Luister aandagtig na wat EK sê; Paasfees, die fees van die vervulling van My Priesterskap is op hande. Dit is die begin van die lang verwagte Eksodus, en weereens kom My mense voor daardie deur. Sal jy My bloed aanwend en na die Beloofde Land terugkeer, of sal jy gesluierd bly? Dit is die tyd van die eind-tyd, Eksodus, dit is die tyd vir My Priesterskap om in My tabernakel herstel te word. Sal jy luister en gehoorsaam wees? Sal jy in die fees vertoef, nie omdat dit wet is nie, maar omdat dit deel van die beginsels van My Priesterskap is? My verbondsvolk is besig om geskei te word van die mengsel van die alternatiewe priesterskap, om na My ware weg terug te keer. Die alternatiewe priesterskap het probeer om My mense te mislei en hulle daarvan te weerhou om in die ware dae en feeste van My Priesterskap te vertoef; die ware doping van My Priesterskap en het probeer om die beginsel van belydenis en die aanwending van My bloed te vernietig en dus roep EK jou om na My ware weg terug te keer. Die alternatiewe priesterskap sal aanhou om hoër te styg todat EK die seëls sal oopmaak en alles gevestig sal word.

Mense maak gereed, julle moet op ‘n plek kom waar julle weet hoe My Priesterskap in My verbond werk. Julle moet die verskil verstaan tussen liefde, genade en wet, godsdiens en wetsgebondenheid, want My mense oortree die bepalings van die liefdeswet. Keer terug na My Priesterskap sodat jy nie bedrieg en mislei sal wees nie. Baie sal die Woord sonder die Gees lees en sal op ‘n dwaalweg gaan. In My verbond het jy die wetsvoorskrifte en die Gees nodig, want dit bring intimiteit en eenheid. Sonder die wetsvoorskrifte en die Gees sal jy gesluierd bly.

Laar die wat ore het hoor wat EK IS sê; dit is tyd vir Israel om herstel te word. Dit is tyd vir Josef en sy broers om as die seuns van Israel (Jakob) herstel te word, want julle is almal een Man se seuns.

Joël 2: 30-31,

EK sal tekens gee, in die hemel en op die aarde; bloed en vuur en rookwolke. Die son sal donker word, die maan bloedrooi voor die groot en vreeslike dag van die Here kom.

Handelinge 2:20,

Die son sal pikdonker word en die maan bloedrooi, voor die groot en glorieryke, dag van die Here kom.

_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____

'N TYD VAN RESTOURASIE: 19 Mei 2014

Ek het in my kamer onder my gebedstjalie gesit en na die lied, 'I want to build You a garden', geluister terwyl ek op Yeshua gewag het. My gees het saam gesing – I want to build You a garden in a dry desert land... (*Ek wil vir U 'n tuin bou, in 'n droë woestynland)*

I want to build You a garden in a dry desert land..

Hierdie was 'n opwindende en besige seisoen nadat 'n besoek aan Israel om meer van Sy tuin in die woestyn te kon sien en meer te kon leer 'n werklikheid geword het ..Wat 'n eer! Dankie Abba vir U seëning, guns, voorsiening, beskerming en wysheid! Ons was skaars 'n paar dae terug en in Kaapstad waar ons 'n vergadering bygewoon het op Saterdagaand. Die volgende oggend het ons gehoor dat my ouma in die hospitaal opgeneem was nadat sy vermoedelik 'n hartaanval gehad het. Die eerste ding wat ek gedoen het toe ons hiervan gehoor het, was om Abba te prys; ek het net spontaan begin sing en lof en dank betoon, ek het soveel vrede gehad in die wete dat dit wel sou wees met haar. Ek bedank Abba vir haar lewe en dat dit weer goed en wel is met haar en dat sy weer haar ou grappige self is. Dankie dat ons in die midde van 'n lewenskrisis net kan stil wees en weet U is

God. In ‘n woestyn kan ons vir U ‘n tuin bou deur U te aanbid. Ons kan net U rus binnegaan en op U vertrou, kies om verheug te wees en U te bedank, want U is die Rots van die Tye.

Terwyl ek stil geword het, het daar baie dinge deur my gedagtes gegaan. Herinneringe, dinge om te doen, te onthou, dinge oor die vorige seisoen wat nog in my gees neerslag moes vind en ‘n tydjie daar moet sluimer sodat dit op my hart gegraveer kan word. Al hierdie dinge was aan die gebeur terwyl ek nog steeds gesing het ‘I want to build You a garden in a dry desert land...’ Te midde van al my gedagtes het ek die stem van Yeshua gehoor wat soos ‘n swaard deur my siel reg tot binne my gees gesny het. Dit was so duidelik soos die klank van ‘n trompet wat in die teenwoordigheid van stilte geblaas het. Ek het in afwagting op Hom gewag, wetend dat Messias gereed was om Sy woorde bekend te maak. Wetend dat Hy nie altyd in woorde praat nie - so wanneer jy die eer het om Sy stem te hoor, behoort jy te luister en jou oor te spits. Praat Messias, U dienskneg luister... “Julle is in ‘n tyd van restourasie, julle is in ‘n tyd van genesing, julle is in ‘n tyd waar dié wat in My vertoef die dubbelle porsies seën vir gehoorsaamheid ontvang. Moenie vrees nie, My kinders, moenie vrees nie. Moenie dat vrees, twyfel en angstigheid in julle harte posvat as julle in omstandighede verkeer wat jou buite jou gemaksone laat nie. Hierdie is ‘n tyd waar EK My mense uit hul gemaksones roep na ‘n hoër roeping genaamd gehoorsaamheid. EK IS nie besig om net ‘n enkele paar te roep nie, EK IS nie besig om slegs indiwidue te roep nie, maar EK IS roep ‘n geslag mense om hul gemaksones agter te laat, om sterk en dapper te wees; nie bang is om die wêreldse sisteme te verlaat nie. Baie dinge word van die een geslag na die volgende oorgedra en dit ontwikkel en is aktief. My mense het leefstyle ontwikkel wat met baie afleidings gevul is, en hou hulle aktief besig met die werk van hul eie hande , hulle eie vaardighede, hul eie idees, hul eie werke. Baie sien nie dat die vyand dié wat by die sisteem aanpas, gebruik om die anti-chris koninkryk te bou, soos dit geprofeteer was nie. In hierdie tyd roep EK IS My mense om na My antieke weë terug te keer, sodat My koninkryk op die aarde herstel kan word. Daarom roep EK IS My mense uit ‘n gemaksone van wêreldse leefwyse. Jy besef dit is ‘n gemaksone wanneer jy die pad van geloof begin stap, want jy word uitgedaag om jou eie aktiwiteite neer te lê, jou eie idees, jou leefstyl, jou planne en

alles; sodat jy in My beeld herstel kan word. Sodat jy herstel kan word tot waar jy met My wandel soos in die tuin.

Die mens het nie geleef volgens sy eie arbeid, sy eie vermoë nie, maar intimiteit met My was die middelpunt van die mens se leefstyl. Vanuit die plek van intimiteit met My vloei wysheid, kreatiwiteit, seën, voorsiening, lewe, liefde, nederigheid... alles wat jy nodig het om voorspoedig te wees en in My oorvloedige lewe te wandel. Mense probeer oorvloedige lewe in die verkeerde vorm te verkry deur arbeid en prestasie en daarom is baie deur wêreldse gebondenheid vasgevang. Die oorsprong daarvan lê diep binne die DNA van mense en EK IS roep die laaste Eva om op te staan uit arbeid en prestasie; uit die gemaksone van wat goed, aanvaarbaar en perfek is volgens wêreldse standaarde en volgens My paaie van ouds te wandel, omdat jy 'n belydende hart het, sodat EK jou kan restoureer – die laaste Eva in My tuin. Die eerste Adam het geval, die laaste Adam het voltooi. Die eerste Eva het nie geluister en gehoorsaam nie, My laaste Eva sal 'n einde maak aan lewe vol trots as gevolg van die slang se saad. Die laaste Eva sal na My tuin terugkeer en herstel word, want haar laaste Adam het die deur oopgemaak vir haar om weer te shama as gevolg van die bloed van die offerande. Die laaste Eva sal nie luister na en meedoen aan waarmee die slang haar wil mislei nie, maar sy sal na die orde van YHVH terugkeer en onderworpe wees aan die laaste Adam deur te luister na die God van Abraham, Isak en Jakob en in gehoorsaamheid doen soos Hy beveel. Die beginsels en instruksies van die God van Abraham, Isak en Jakob sal die laaste geslag terugbring na die tuin van wandeling met My, as gevolg van My Priesterskap, as gevolg van My bloed, as gevolg van My Woord, as gevolg van My Gees. Die laaste Eva word die bruid van haar Hebreeuse Messias genoem; Sy naam is YHVH, Hy is die Koning. EK staan met 'n trompet in My hand en EK IS besig om die laaste Eva terug na die tuin te roep; terug na die tuin, terug na die tuin! Verlaat jou gemaksone, laat vaar jou eie vermoë, laat staan die leefstyl van Sodom en Gomora, verlaat die weë van Babilon en laat staan jou baäls. Keer terug na jou Eerste Liefde en pas jou leefstyl aan by die Eerste Liefde leefstyl, waar jy na My woord luister en My instruksies gehoorsaam. My bruid bou deur haar gehoorsaamheid 'n ark, soos Noag; die naam van die ark is restourasie. Wie sal binnegaan? Die laaste Eva sal binnegaan...

Onthou die belofte, onthou aan wie dit gegee was. EK het my belofte aan Abraham gegee – die man wat gewillig was om sy eie land te verlaat, wat gewillig was om die afgode van sy vaderhuis agter te laat om na 'n land te gaan wat EK vir hom sou wys. EK het belowe dat al die nasies deur sy saad geseën sal word, as gevolg van sy geloof en gehoorsaamheid. Abraham het sy gemaksone verlaat so EK wys jou dat dit nodig is as jy in My beloftes wil wandel, want My beloftes is soos saad – voorwaardes moet nagekom word om dit te laat floreer. EK het Sara Abraham se vrou gemaak, omdat sy aan die belofte geboorte moes gee. Tog het sy gelag vir die belofte, want sy het daarna gekyk uit die perspektief van haar EIE vaardigheid en vermoë en besef dat sy nie in staat is om geboorte aan die belofte te gee nie, daarom het sy 'n kompromie aangegaan. Presies dieselfde ding is aan die gebeur onder My mense, hulle gaan kompromië aan, want hulle leef vanuit 'n plek van menslike aktiwiteit wat prestasie vereis. Al wat EK van Sara gevra het, was geloof. Dit was die voorwaarde vir die saad van belofte om in haar bevrug te word. EK wil nie hê dat jy die leefstyl van Hagar of Ismael moet leef nie, want dit is die resultaat van 'n kompromie – tot 'n sekere mate is dit die woord sonder die Gees.

Daar het 'n tyd in Sara se lewe gekom waar sy onderskeid getref het, en herken het dat die perfekte belofte uit geloof en gehoorsaamheid (Isak) vloei. Daarteenoor is vlees en kompromie wat uit vrees en produktiwiteit vloei. Daarom het sy na Abraham gegaan en vir hom gesê dat dit nodig was dat Hagar en Ismael hulle moes verlaat, anders sou die erfenis van die belofte – die oes van die saad gesteel word. Toe dit gebeur, het Sara die deur van restourasie binnegekom en sy het dit aan die draer van die belofte (Abraham) onderwerp. Abraham het dit voor My gebring en EK het vir hom gesê om na Sara te luister en te maak soos sy sê. EK het vir hom gesê om te Shama. EK wil hê dat My mense hierdie beginsel en instruksies van luister sal aanneem en My volkome sal gehoorsaam, want dit is hoe skeiding tussen Ismael en Isak plaasgevind het. Dit is hoe jy in staat sal wees om die belofte en erfenis wat EK vir jou in plek het, te ontvang. Dit is hoe jy in staat sal wees om na die tuin terug te keer. Sara was die een deur wie die erfenis wat EK aan Abraham belowe het, voortgebring kon word omdat sy gesê het dat Ismael moes gaan. Jy moet dieselfde doen, jy moet sê, 'ek gaan 'n einde aan kompromië maak, ek gaan

‘n einde bring aan prestasie en produktiwiteit wat vloei vanuit my eie vaardighede en die trots van my eie werke – fisies en geestelik. Ek gaan my Eerste Liefde Shama sodat ek herstel kan word en in die volheid kan wandel van wat Hy vir my in plek het – deur te luister en te gehoorsaam.’ Dit is die belangrikste beginsel, want toe Eva geluister en gehoorsaam het (die slang), het alles verander en het die straf oor die skepping gekom, maar wanneer EK met Sara in haar hart gepraat het en sy aan dit onderwerp het, het Abraham geluister en gehoorsaam en kon die beloofde seun die erfenis ontvang. Isak was ‘n tipe van die Messias wat sou kom om vir jou vervulling te bring sodat wanneer jy luister en gehoorsaam is, jy ook in My herstel kan word. Die laaste Eva is besig om as My bruid voorberei te word deur die beginsel van luister en gehoorsaam wees, soos sy haar weg terugvind na die tuin van vrugbaarheid, wat vloei vanuit intimiteit met My, en nie uit die produktiwiteit van wat JY doen nie, maar eerder die genade van wat EK gedoen het. Sy maak haar weg deur die woestyn waar sy gesuiwer, geheilig en skoon gewas word in die water van My Woord, omdat sy haar bekeer en die bloed van die Lam aanwend. Die bruid word in die wildernis voorberei. In die wildernis waar sy op die hoofweg van heiligheid wandel, op paaie van regverdigheid, want sy het My meer as enige iets anders lief. Die hart van die belangrikste gebod is om My lief te hê, maar die manier om dit uit te leef is om te luister en gehoorsaam te wees.

WARE AANBIDDERS: 26 Junie 2014

Ek het in my kamer sit en bid en gewag om in Abba se teenwoordigheid te verkeer, Ek wou nie weggaan nie, ek wou net in Sy teenwoordigheid bly sodat Hy my met Sy liefde en krag kon vul, want my gees was dors vir meer van Hom. Ek was voordurend bewus daarvan dat ek gedink het "nog net 'n bietjie langer, nog net 'n bietjie langer."

Hierdie is die woorde wat vanuit my gees gevloei het... Ek wou dit oor en oor en oor sing...

EK WIL U HÊ

Wanneer ek myself hier vind
Op my knieë
Agter toe deure

My hart is dorstig
My siel verlang
Ek honger vir dit wat ek nie besit nie
Wat U alleen kan gee

Ek het U omhelsing nodig
Ek het U nodig
Ek het U nodig
U weet hoe nodig ek U het
Maar selfs meer as dit
WIL EK U HÊ

Wanneer ek myself hier bevind
Heeltemal alleen
Agter die sluiers van my siel

Ek wonder hoe ek tot hier gekom het
Toe ek so intiem gevoel het
Toe ek so naby gevoel het
Hoekom voel ek nou so ver?

Ek het U nodig
Ek het U nodig
Ek het U nodig
Maar selfs meer as dit
WIL EK U HÊ

Ek sal U agtervolg
Ek sal al my geheime afgode neerlê
Ek sal U soek
Todat ek niks oorhet nie
Slegs vir U

Ek het U nodig
Ek het U nodig
Ek het U nodig

Ek vind U
Soos my hart ontwaak om meer van U te weet
Soos die sluiers geskeur word wat my weggehou het
Soos my siel verneder word
Vind ek U meer

EK WIL U HÊ
EK WIL U HÊ
EK WIL MEER VAN U HÊ!

Wat wil U sê, my Koning? Wat is op U hart, want dis asof ek myself nie sover kon kry om op te staan nie en asof ek nie kon beweeg nie, wat het U op die hart?

Hy het geantwoord: "Hier is wat EK wil sê en dít is wat EK wil wys..."

Hy het my 'n slagveld gewys. Daar was baie mense wat opleiding en voorbereiding ontvang het vir oorlog. Daar was rye en rye mense wat regop gestaan het. Hulle het wit klere aan gehad, en almal het swaarde gehad. Die mense was met lig gevul en hulle was vrolik. Ek het in my hart gewonder wie hulle is, maar voordat ek nog die gedagte kon deurdink, het Sy antwoord gekom. "Hulle is die ware oorwinnaars wie se hande vir oorlog en wie se vingers vir geveg opgelei is, want hulle is die ware aanbidders. Hulle is diegene wat die aanslae van die bose weerstaan en wandel in die oorwinning van wat EK IS."Ek het gesien dat daar olie van hulle swaarde gedrup het. "Dit is die salwing van die ware aanbidders. Jy kan slegs op die slagveld staan en in My oorwinning wandel as jy 'n ware aanbidder is." Toe Yeshua dit gesê het is ek in die gees na 'n ander plek weggeneem. Ek het daar gestaan met sewe engele rondom my. Elkeen van hulle was in wit geklee en hulle het goue swaarde gehad. Hulle het nie met my gepraat nie, maar

almal van hulle het gesing en ek het ook gesing... Ek het dieselfde lied gesing wat ek net tevore neergeskryf het, naamlik 'Ek wil U hê'. Terwyl ons gesing het was daar 'n muur rondom ons gebou, dit was amper soos 'n fort. Ek was opgelig en het gestaan in -wat gelyk het soos- 'n wagtoring. Die engele was binne die mure geplaas asof hulle deel daarvan geword het . Terwyl ek in die wagtoring gestaan het, het ek opgelet dat ek 'n wit en rooi vlag in my hand het. Vyande het nader gekom, hulle het bose oë gehad. Op dieselfde plek as wat ek was, was daar ook 'n paar mense op hierdie wagtorings geplaas. Ek het herhaaldelik die Leeu van Juda se brul gehoor en binne-in die gebrul kon ek Hom hoor sê: "Nou laat die ware aanbidders sing, sing, sing!". Die vyand het vinnig naderbeweeg, dit was asof die weermag van mense wat in wit geklee was, saam as een begin sing het. Reg voor ons was daar altare op hoë plekke. Op die altare was daar saad en vrugte. Die saad was gekodeer met sonde en allerhande afskuwelike dinge was daarop geskryf. Die vrugte was swart en baie giftig. Die vyand het nader gestorm soos wilde honde om die saad en die vrugte te versamel, want dit was hulle kos. Ek het Yeshua weer hoor praat. Hy het gesê: "Hierdie altare met die offers van saad en vrugte daarop is die geheime afgode van My mense wie se sielsdimensies nie getransformeer en in lyn met My orde is nie. EK wil jou leer oor wat dit beteken om 'n ware aanbidder te wees...

EK het alles geskape met die doel om My te aanbid... Die hele mensdom, elke skepsel, elke engel, elke voël, plant, saad, boom en elke lewende ding in elke dimensie. Laat EK jou wys hoe aanbidding in die gees lyk..." Ek het 'n ander baie groot altaar gesien, daar was speserye en wierook, olie, blomme en sulke dinge op die altaar en daar was vuur op die altaar, maar die blomme en alles anders het in hul oorspronklike pragtige vorm gebly. Dit was ongelooflik mooi binne die vuur. Vanuit die vuur het ek musiek gehoor. Ek het baie mense se stemme gehoor, hulle was besig om te sing. Dit was nie die toon van die stem of oor hoe mooi die persoon gesing het nie, maar eerder wat in die hart agter die stem was, want dit was al wat in die gees gehoor kon word en dit was al wat rein was om op die altaar geplaas te word. "Hierdie altaar is 'n beeld van wat aanbidding is. Aanbidding is nie 'n lied of 'n stem nie, aanbidding is nie 'n verskeidenheid van harmonieuse instrumente saamgespan om 'n pragtige klank voort te

bring nie; aanbidding is nie 'n groep mense saam in een plek besig om die woorde op die skerm teen die muur te sing nie. Aanbidding is 'n altaar. Ware aanbidding in gees en in waarheid is die enigste aanvaarbare offergawe op hierdie heilige altaar. GEEN demoon, vorstedom, agent van die koninkryk van duisternis of gasheer van boosheid is in staat om hierdie tipe aanbidding te weerstaan nie. Allermins die teenwoordigheid van die geur van hierdie ware aanbidding. Hulle vlug voor die aangesig daarvan, hulle vrees dit, hulle hardloop weg daarvan. Die wapen van aanbidding is 'n kragtige wapen, dit is die weg van oorlogvoering. Kyk na julle altare. Laat EK jou wys wat EK sien."

Toe sien ek nog 'n ander altaar, maar daar was nie vuur daarop nie. Daar was net verskillende beelde van verskillende afgode op dié altare. Hierdie afgode was verborge in die verskillende areas van die mense se lewens. Daar was geld, pornografie, kredietkaarte, klere, mense, papiere wat soos kwalifikasies gelyk het, alle soorte sportstoerusting, grimmering, aardse besittings, motors, huise en baie, baie ander dinge op die altaar. Ek het verskillende dinge op die altaar gesien, selfs kerke, Christelike boeke, dvd's ens. "In julle lewens is daar baie dinge wat op die altare van die hoë plekke geoffer word, in plaas van ware aanbidding op die altaar van heiligheid, want My mense kyk anders na dinge as wat EK doen. Daarom as dít wat op jou altaar is nie rein is, en in lyn met My orde is nie, is dit afgodery. Verskillende dinge wat vir jou belangrik is, is nie vir My belangrik nie. Kyk na jou altaar, bring jy offergawes op hoë plekke, of bring jy ware aanbidding na My altaar wat op heilige grond is? Julle kyk na baie dinge, maar EK kyk na die hart en as jou hart nie in lyn met My Priesterskap is nie, is die klank wat jy maak nie ware aanbidding nie, maar die klank van afgodery. Afgodery is teenstrydig met ware aanbidding. Deur ware aanbidding kom jy te staan teen al die altare van die koninkryk van duisternis, maar deur afgodery verkry die vyand reg tot die bou van altare in jou lewe waarop EK nie verhoog word nie. EK roep jou na 'n dieper plek van aanbidding, EK IS roep jou om die leefstyl van 'n ware aanbidder uit te leef. Wanneer jy My aanbid bou jy 'n muur van beskerming rondom jouself, maar as jy in afgodery verval, bou jy 'n altaar vir die koninkryk van die duisternis. EK wil My weermag van ware aanbidders oprig sodat die altare waarop afskuwelike offergawes

aanbid word, tot ‘n val gebring kan word. EK wil julle siele en julle leefstyle reinig en heilig maak sodat julle ware aanbidders kan wees. Ek wil julle suiwer en julle die verborge, geheime afgode in julle lewens wys, want dit is die natuur van die mens om homself te verhef in plaas van om gering, ootmoedig, nederig en onderworpe te wees. EK wil hê dat jy deur jou aanbidding My hartsnare sal speel, maar jy kan nie ‘n ware aanbidder wees as jou leefstyl nie ingestel is om die klank van heiligheid te maak nie. Jou afgode staan My nie aan nie. Die boosheid in die lug word daardeur aangetrek om te kom feesvier op dit wat jy offer. EK wil hê jy moet vir My ‘n feesmaal voorberei. Dit moet ‘n fees van ware aanbidding wees wat uit ‘n suiwer hart kom. Aanbidding is soos olie waarmee jy My hart salf. Ek smag na ware aanbidders. EK is besig om ware aanbidders voor te berei deur diegene wat My soek; deur diegene wat My hul Eerste Liefde noem. EK soek nie jou ‘perfektheid’ wat jy probeer bereik deur geestelike prestasie nie. EK verlang ware gebrokenheid, want slegs deur gebrokenheid kan die klank uitkom. Ware aanbidding is opgesluit in die harte van die nederiges en die gebrokenes, slegs die woestyn kan ware aanbidding voortbring. Die fees van Egipte se vele minnaars (afgode) sal jou in afgodery laat verval, maar as jy My toelaat om jou na die wildernis uit te lok, sal jy weer vir My begin sing; jy sal vir My sing met ‘n Eerste Liefdeslied, want jy het My bo alle ander minnaars lief... Dit is ware aanbidding! Lê jou afgode neer, draai na jou Eerste liefde en staar na My met enkelvoudige visie, want dit is hoe jy oorwin en dit is hoe jy in staat sal wees om in elke stryd in oorwinning te wandel, deur die leefstyl van ‘n ware aanbidder.”

_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____

VANUIT DIE BLADSYE VAN HOOGLIED: 19 Julie 2014

Dit was ‘n besige tyd, soos gewoonlik vol afleidings, wat my wil weglei vanuit die skuiling en skadu van Yeshua se vlerk. Ek het op die mat in my kamer gesit en my Bybel oopgemaak. Ek het vir Yeshua gevra om met my te praat dat ek Sy hart kan leer ken. Toe ek afkyk het ek opgemerk dat ek by Hooglied oopgemaak het. Ek het net begin lees waar ek oopgemaak het...

Nadat ek gelees het, het ek in stilte oordink wat ek gelees het... Ek het ‘n wind in die gees hoor blaas, soos ‘n ligte bries. Dit was die asem van Yeshua wat ‘n boodskap gedra het. “Sê vir my geliefde bruid om na haar tuin om te sien sodat My bruid soos die Shulamite sal wees.” Toe ek Yeshua dit hoor sê, het ek myself in die woestyn sien loop. Dit was asof ek binne die bries gewandel het, asof die wind my gedra het na waar ek moes gaan. Daar was papiere op die grond en Hy het my beveel om dit op te tel. Ek het geloop en geloop en al die papiere opgetel. Ek het besef dat daar olie van die papiere gedrup het. Dit het die soetste geur gehad. Ek het die Gees hoor sê: “Die olie is die salwing van die bladsye van Hooglied.” Toe het ek myself voor ‘n groot rots bevind; dit het amper soos hoë mure gelyk. Dit het donker geword en ek het gaan sit en begin om die briewe te lees.

Daar was ‘n pilaar van vuur bo my. Terwyl ek gelees het, het ek agtergekom dat dit Hooglied van Salomo was, maar in ‘n mate was dit anders, want die briewe was van Yeshua aan Sy bruid. Ek kon basies Yeshua se asem binne die bladsye voel. Hy het verskillende gedeeltes van die briewe afgeblaas en die woorde het in die lug saamgekom en dit het ‘n lied gevorm. Ek kon musiek daaruit hoor kom. Die lied het toe ‘n beeld gevorm. Ek het ‘n beeld van Yeshua op ‘n perd gesien. Hy het ‘n rooi mantel aangehad wat gelyk het asof dit met bloed deurweek was. Sy leër was by hom en hulle het swaarde gehad. Die Ark van die Verbond was by Hom, maar dit het amper soos ‘n bed gelyk, of ‘n baie groot sitplek. Dit was amper asof dit ‘n optog was wat vorentoe beweeg het. Ek het steeds by die rotsmure gesit. In my hand was daar ‘n baie groot trompet. Daar was sewe dinge op die trompet geskryf. Die 7 verskillende dinge was in die verskillende kleure van die reënboog geskryf. Toe het ek Yeshua hoor sê: “Hierdie muur waarby jy jouself bevind is die godsdiens van baie geslagte; Dit

is die gebrek aan verbond wat My mense buitekant die muur hou, wat die sluier van die natuur en die DNA van die onoorgelewerde en geruïneerde siel is…. Blaas die trompet, dogter van Sion en sien My verlossing soos 'n rivier ontspring." Ek het die trompet geneem en op hierdie stadium was dit oortrek met die papiere wat ek opgetel het. Die trompet was in die papiere toegedraai en ek het dit 7 keer geblaas. Die woorde van die bladsye het deur die trompet gegaan en teen die muur te staan gekom soos 'n weermag wat aanval. Binne die woorde het ek mense hoor sing, hulle het aanbid en soos 'n hammer wat teen die muur geslaan het, het dit in 'n miljoen stukkies verbrokkel. Dit het verbrokkel asof dit broos was. Al wat ek voor my kon sien was 'n baie groot dubbeldeur, as gevolg van die muur wat heeltemal afgebreek was. Daar was bloed op die deure en ek het Yeshua hoor sê: "Kom binne." Dit was weer dag en ek het die trompet geneem en deur die deure gehardloop, maar dit was nie net ek nie, daar was duisende mense wat soos skape deur die hekke beweeg het. Ons het onsself binne 'n pragtige, en vrugbare tuin bevind. Dit was welig en het floreer. Ek het in die tuin rondgeloop, dit was asof ek na iets gesoek het. Skielik het ek besef dat ek na Yeshua gesoek het. Ek het by 'n plek in die tuin gekom, waar ek twee bome voor my gesien het. Aan die voorkant van die twee bome het ek weereens die Ark van die Verbond gesien. Yeshua het in die middel daarvan gestaan. Sy teenwoordigheid was soos vloedwaters wat my omring het, ek kon nie staan nie, dit het my meegesleur. Ek het met my gesig op die grond geval en Hom aanbid... Waardig, waardig, waardig... Heilig, heilig, heilig is U, Koning van Israel. Binne Sy lig het ek onmiddelik bewus geword van donker kolle op die wit rok wat ek aangehad het. Ek het bely en dit was asof Hy my met Sy rooi mantel bedek het. "Kom nader", het Hy gesê, "Kom nader met jou belydende hart en jou aanbidding." Hy het my by die hand geneem. Dit was asof Hy my uit die toestand waarin ek was, getrek het. Dit is moeilik om te beskryf, dit het soos dood gevoel – dit was swaar. Hy het my uitgetrek en toe het ek myself met Hom hand aan hand sien stap en my wit rok was weer wit. Hy het met my begin praat...

"Julle siele is geruïneer; EK wil My mense verlos van die dood in hulle DNA. In elke deel van jou siel waar My bloed nie toegepas is nie, waar jy nog nie My asem wat verander, vernuwe, herstel en

lewe bring ontvang het nie, probeer die dood om jou geestelike lewe te versmoor. In die proses verminder jou geestelikheid en neem die leefstyl van ‘n hoer, wat afgode bou en vir jouself leef deur dubbelhartig te wees, toe..

EK wil hê My mense moet na die altare wat hulle op die hoê plekke gebou het gaan, sodat dit omgegooi kan word en die houvas wat dit op jou het, gebreek kan word. Dit hou jou in gebondenheid en dit weerhou jou van oorwinning en deurbraak. Godsdiens hou ook jou gees dood, want daar is geen geestelike lewe in godsdiens nie. Godsdiens suig jou geestelike lewe droog en jy is nie in staat om intimiteit met My te hê nie. Deur die visioen wat EK jou gegee het sê EK dat om in die volle roeping wat EK vir jou het en in die beloftes van My planne vir jou te wandel, moet jy in opstand kom teen die mure van godsdiens wat jou aan die buitekant hou. Jy moet verlos word van die godsdienstige manier van aanbidding, want EK wil jou in ware aanbidding lei. Ware aanbidding het ‘n sleutel. Die sleutel en die salwing van ware aanbidders was aan die Leviete gegee. Die sleutel lê in die tabernakel, want dit was die Leviete se plig om na die tabernakel om te sien. Die tabernakel is die weg en die voorbeeld van aanbidding. Dit het te doen daarmee om die Heilige van Heiliges te betree, en om deur die sluier (voorhangsel) te beweeg.

Die Hooglied is die vervulling van die pos van die Leviete, want die Hooglied handel oor VERBOND, dit handel oor intimiteit. EK wil hê julle moet ‘n Koninklike Priesterskap wees wat in gees en waarheid die tabernakel van verbondsliefde betree. Ken jy die lied van die Bruidegom? Weet jy wat EK besig is om oor jou te sing sodat jy hier kan vertoef? EK sing kom nader, kom naby; EK sê maak gereed vir oorlog; EK sê trek jou Swaard en maak jouself heilig. EK sê maak gereed vir ‘n oorlog en ‘n bruilofsfees, want jy is in die tyd van oorlog en as jy nie die geveg in die gees veg nie, sal die geveg oorloop tot in die natuurlike en jy sal jouself ongewapen en onvoorbereid vind, want jy is geroep tot ‘n Eerste Liefde-verhouding. Jy is geroep om EERSTE My Koninkryk te soek. Jy is geroep om van binne na buite te leef, so kom binne waar jy in lyn, in VERBOND is, sodat jy ‘n toegemaakte tuin kan wees, ‘n verseëlde fontein, ‘n tuin met aangename vrugte. Jy moet in die gees wandel en in die gees oorlog voer, want indien jy dit nie doen nie, is jy nie in lyn met My Priesterskap nie.

Word Wakker, noordewind, kom, suidewind! Waai deur my tuin en versprei sy geur! Laat My Geliefde na Sy tuin kom en die aangename vrugte daarvan eet. ~ Hooglied 4:16

_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____

DIE TABERNAKEL VAN VERBONDSLIEFDE: 8 Augustus 2014

Dit was Sabbatoggend en ek het in ‘n klein bootjie gesit, op ‘n dam in die Elgin Vallei waar ons die voorreg gehad het om die naweek te spandeer. Ek was omring deur prag sover ek kon sien. Ek het teruggelê met my kop op die kant van die boot en my voete oor die ander kant. Ek het opgekyk en twee arende gesien, baie hoog, besig om in sirkels te sweef. Hulle het nader en nader gekom en vir ‘n ruk lank reg bo my gesweef. Dit was net ek en Yeshua hier en ek was oorweldig deur hierdie feit – WAT ‘N EER om ons Skepper ‘Abba’ te kan noem! Ek het net in die boot gelê en praat met Geliefde Yeshua, maar dit het gevoel asof daar in die gees ‘n sluier was waardeur ek moes beweeg. Toe het ek in die gees ‘n visioen gehad van ‘n deur. Ek het Heilige Gees hoor sê dat Hy besig was om my voor te berei om by ‘n nuwe deur in te gaan, ‘n nuwe seisoen en met elke nuwe seisoen is daar ‘n sluier/voorhangsel wat geskeur moet word. Meeste van die tyd is die sluier onsself en word dit geskeur deur die neerlê en afsterwing van ‘self’. Minder van my en meer van Hom in ons todat daar niks oorbly

behalwe Hy nie. Wanneer bereik ons dit? Wel, ek dink die antwoord is: nie binnekort nie.

"EK sal jou vir 'n tydjie binne die vuur hou, wees vreedsaam." Toe het ek in die gees myself by 'n tafel sien sit, met 'n boekrol in my hande. Dit het 'n lang lys van name van die Leviete oor die geslagte heen bevat. Ek het die name gelees en later bewus geword van 'n bloudruk op die boekrol. Dit was die bloudruk van die tabernakel. 'n Engel het in die kamer verskyn en het 'n tak met amandel bloeisels aan, in sy hand gehad. Die engel was gestuur om my te roep. Die volgende oomblik was ek agter die engel in 'n vrugteboord; daar was soveel bome met baie vrugte aan. Ek het steeds die boekrol in my hande gehad. Daar was 'n baie groot boom in sig en die engel het gesê dat Yeshua hom gestuur het om vir my te sê dat ek onder die boom moet gaan wag. Ek het na die groot boom begin stap, daar was 'n klein goue bruggie waaroor ek moes gaan om tot by die boom te kom. Ek het by die stam van die boom gesit. Toe het ek besef dat die boom op 'n heuwel was, want ek het oor die mooiste vallei uitgekyk. Daar was wingerde en allerhande soorte vrugtebome. Ek het opgekyk in die boom en gesien dat die blare baie groot was en dat dit het soos goue papiere gelyk het. Daar was granate en vye tussen die papiere. Daar het olie uit die vrugte gedrup en dit het 'n stroom rondom die boom gevorm. Een van die 'blare' was eintlik 'n goue papier wat van die boom afgeval het. 'n Ligte bries het dit tot binne my hand gewaai. Heilige Gees het gesê dat ek die papier met die olie moes deurweek anders sou ek nie in staat wees om die openbaring te ontvang wat op die papier was nie. Wanneer ek na die papier gekyk het, kon ek net goud sien. Ek kon nie enige iets op die papier geskryf sien nie. Ek het binne die rivier gestaan en besef dat dit baie, baie diep was. Terwyl ek die papier in die olie geweek het, was daar 'n sif in my hande – die soort wat mens gebruik om diamante in die sand te vind. Toe ek die papier uitlig, was daar kosbare stene binne in die sif. Ek kon slegs 3 kosbare stene sien.

Die een steen het 'n trompet binne in gehad, die tweede 'n menorah en die derde een het 'n musieknoot in gehad wat soos 'n Hebreeuse woord gelyk het. Ek het besef dat alles wat met die olie in kontak gekom het, met bloeisels bedek was. Heilige Gees het gesê dat die olie 'bloeiend' genoem word. Terwyl ek uit die rivier gestap

het, het ek ‘n pragtige rok aangehad wat oordek was met amandel bloeisels. Ek het Yeshua duidelik hoor sê dat ek die juwele moet plant. Skielik het ek gesien dat daar langs die boom ‘n stuk grond was, wat reeds voorberei was vir die saad. Ek het na die middel van die stuk grond geloop en die juwele in die grond geplant. ‘n Sterk wind het opgekom, dit was asof daar lewe binne die wind was. Die wind het lewe voortgebring terwyl dit gewaai het en ek het die stuk land voor my in ‘n tuin sien verander. Presies waar ek die juwele geplant het was daar nou ‘n groot, welige en pragtige boom. Ek het gewonder watse boom dit was en onmiddelik het ek Yeshua hoor antwoord: “Die juwele is die woorde van wysheid en openbaring wat ek aan jou gee om in die grond van die nasies te plant. Die boom verteenwoordig wat dit voortbring – die leefstyl van mense wat na ‘n verbondsverhouding met My terugkeer. Dit is diegene wat in ‘n verbond met My wandel, wie se lewens ‘n tabernakel van wandeling met My in verbondsliefde word.” Ek het weer die Levitiese Priesterskap boekrol in my hand gehad. Yeshua het voorgegaan om te praat: “Die tuin waarin jy is, is die tuin van Hooglied. Hierdie tuin is die vervulling van My begeerte in die begin, om ‘n volk te hê wat met My wandel. Hierdie tuin is die tuin van intimiteit met My waar jy tot jou Eerste Liefde herstel is en verby die sluier beweeg het as gevolg van My Bloed wat die deur van My Priesterskap vir julle geopen het om in te kom, sodat julle ‘n koninklike priesterskap kan word, ‘n heilige nasie, ‘n geheiligde volk.”

Ek het weer onder die boom gesit en wag... Ek het weer die Levitiese Priesterskap boekrol in my hand gehad, sowel as die goue papier wat van die boom afgekom het. Ek het Yeshua se arms rondom my gevoel. Hy het die boekrol en die papier uit my hande geneem en dit bo-oor mekaar geplaas. ‘n Duidelike prent het begin vorm, ek het Hom hoor sê: “Levitiese Priesterskap.” Ek het die planne en die bloudruk om die tabernakel te bou, gesien en Yeshua het gesê dat die openbaring van Sy tabernakel en Sy Priesterskap die sleutel was tot restourasie van die tuin en die sleutel is om verby die sluier te beweeg tot binne die Heilige van Heiliges. Yeshua het saggies in my oor gefluister: “Ek wil hê dat jy my mense leer oor die dieper betekenis van My tabernakel sodat hulle in ‘n verbondsleefstyl kan leef. Hierdie tabernakel is nie ‘n tent nie, maar dit is ‘n volk wat die

bloeiende olie besit – hulle Lied van Salomo-tuine is vol bloeisels. My kinders, die Hooglied (Lied van Salomo) is die vervulling van My begeerte van die tuin in die begin, want in Hooglied is die Shulamite bruid en die Skaapwagter verloof en hulle woon/tabernakel in die tuin van verbondsliefde waar die granaat bome vol bloeisels is en die tuin met aangename vrugte en geure gevul is, wat die karakter en die wese van die bruid is wat deur haar eie gehoorsaamheid verander word soos die Bruidegom aan haar die begeertes van Sy hart bekendmaak. Gaan na My kinders, EK sal jou met die klank van 'n trompet stuur om die boodskap te gaan lewer en om vir My 'n bruilofstabernakel te bou. Die tyd is naby, My kinders! Kyk na die tekens van die tye en julle sal sien dat julle Bruidegom besig is om dit wat geskud kan word, te skud. EK IS aan die klop aan die deure van My mense se harte, met die begeerte dat hulle vir My sal oopmaak en My sal toelaat om hulle van die binnekant af te verander. Laat My toe om jou leefstyl te verander na een wat met die Bruidegom, wat jou Messias is, wandel. Kom nader en berei voor; ontvang die bloeiende olie, want dit sal jou voorbereid en ryp maak vir die bruilofsoes. Heilig en reinig jouself, want sien, julle Bruidegom kom skielik en onthou...jou gesag strek slegs sover as jou getrouheid om My stem te gehoorsaam."

UIT IN DIE OPE: 19 September 2014

Nadat ons heeldag in die atteljee besig was met die opneem van 'SHAMA – The Lifestyle of a True Worshipper' het opgekrul onder 'n kombers gesit met 'n koppie tee in die hand. Buite was dit koud en nat. Ek het gedink aan wat Abba besig was om te doen in hierdie seisoen. Nie net in my lewe nie maar ook in die lewens van Sy kinders.

"Daar is 'n verskuiwing in die gees. Kan jy dit voel? Jy is in tye waar verborge dinge ge-openbaar word. Dit wat bedek was is nou uit in die ope. Daar is dinge wat openbaar word en daar is dinge wat onthul word. Uiteindelik word dinge openbaar op 'n manier wat mense kan hoor en sien. EK IS onthul diep waarhede aan hulle wat luister. My bruid is besig om dieper te gaan omdat sy haar kop op My hart sit en aandagtig na My luister. My bruid is besig om opgelei te word in die verbond van wandel en luister en gehoorsaam. In die kerk is EK IS besig om die louwarm en godsdienstiges te roer om te ontwaak en weg te kom! As jy na die nasies kyk sien jy vervolging, haat, rebellie en oproer net soos Ek gesê het dit sal op groot skaal voorkom in die eindtye. Broers sal teen mekaar draai en nasie teen nasie. Valse vrede sal ontstaan, maar dit wat vals is hou nie, omdat valsheid misleidend is. EK IS sê ONTWAAK, ONTWAAK! Wat die vyand mee besig was om teen My kinders te beraam is nie meer bedek nie. Dit is uit in die ope. Haat groei tussen die nasies soos 'n boom en die vrugte is verwoesting. Daardie boom van haat groei weens 'n gebrek aan verbonds lewe."

Daar was 'n geraas rondom my en dit het my aandag sodanig afgelei dat ek nie kon hoor wat Heilige Gees sê nie. Ek het my vingers in my ore gedruk sodat ek weer my aandag kon terugkry. Toe het ek Heilige Gees hoor sê: "Die vyand sal probeer om My kinders se aandag af te lei, net soos jy nou net afgelei geraak het. Die afleiding sal in die formaat van valsheid kom, selfs in die aangesig van godsdiens. Die oomblik wanneer jy na valsheid luister, kruip misleiding in en jy is nie meer in staat om die waarheid te onderskei nie, omdat jy verlei is en gemengde saad begin groei in jou. EK wil hê My kinders moet fokus en hulle self geestelik dissiplineer sodat hulle sensitief kan raak vir My stem. Julle verkeer in 'n tyd van misleiding en derhalwe moet julle baie tyd

aan My voete spandeer, sodat julle My hart kan ken. Stel jou oë op outomatiese fokus op My gerig en beskerm jou teen misleidende geluide, My kinders, julle is in 'n tyd van voorbereiding en derhalwe moet My mense getrou bly aan My. Bly wakker, waak en bid, hou julle klere suiwer."

NUWE BOEKROLLE: 12 October 2014

Dit was die eerste dag van die huttefees(Feast of Tabernacles) . Ek het heeldag met 'n verlange in my hart rondgeloop en was honger en dors vir die fees van Sy teenwoordigheid. Ek het begeer om te sit en luister na Sy fluistering van wysheid , wat soeter is as heuning is. Ek het 'n bruidstent in my kamer opgerig waarin ek by Abba kon bly gedurende die huttefees. Met groot verwagting het ek vir my Koning gesing: U is my tempel, U is my tabernakel, U is my woonplek, U is my woning en ek wil al die dae van my lewe met U tabernakel.

Ek het in my 'tabernakel ' sit en wag… Dit het gevoel asof ek daar vir 'n week gewag het. Terwyl ek wag het Abba my oë geopen. Ek het in 'n plek ingestap wat soos 'n paleis gelyk het. Alles was van goud en edelgesteentes gemaak. Terwyl ek in stap het ek 'n stem in 'n sagte fluistering gehoor wat my roep. Ek het langs my gekyk en gesien dat daar 'n opening was wat lei na 'n binnehof. Ek het ingegaan in die binnehof en 'n baie groot arend voor my gesien. Die arend was geheel en al van goud en olie het daarvan afgedrup. Die arend het sy vlerke uitgesprei en ek het Heilige Gees hoor sê dat ek onder sy vlerke moes wag want Hy wil my daar leer. Terwyl ek daar wag het ek verborge geheimenisse gesien wat onder die arend se vlerke geskryf was. Skielik het ek hitte oor my oë gevoel, dit was asof brandende hande my oë bedek. Vir 'n tyd kon ek nie my oë oopmaak nie en het net daar gesit en wag. Na 'n kort rukkie het ek geweet dat Messias daar by my was, al kon ek Hom nie sien nie. HY het baie duidelik in my regter oor gefluister. "EK IS salf jou oë met vuur en EK IS salf jou stembande met vuur, jy sal vir 'n rukkie rus. EK IS berei jou voor om diep openbarings te ontvang.. Vertrou MY, want EK IS is besig om in jou te werk. Daar is 'n seisoen skuif en 'n skuif in fokus. Hier is jou goue pen Sarah, EK het dit vir jou gehou. Dit is tyd om weer te skryf. EK sal jou baie dieper inneem. EK sal jou strek. EK wil jou leer van MY verborge geheimenisse sodat jy My mense die wysheid van die eeue kan leer."

12 Oktober 2014

Abba het my in die vroëe oggend ure wakker gemaak. Die afgelope week was 'n oorgangs tydperk en ek moes baie tyd in stilte aan SY voete spandeer om alles wat in hierdie seisoen gebeur het geestelik te verwerk.Later gedurende die oggend terwyl ek besig was in die kombuis het ek my oorfone aangesit en begin om die Shama liedere te luister. My gees was vol verwagting. Ek het by 'Pasga die drumpel' begin luister, en het net begin huil terwyl ek in die kombuis gestaan, en Heilige Gees my oorspoel het. Ek het reg deur tot by 'Bly wakker' gehuil en toe die basuin in die lied geblaas word, het ek gehoor: "Nou," Daar was 'n dringendheid in Messias se stem. Ek het na my kamer gehardloop en met my joernaal gewag, gereed om te skryf.

Drie engele het voor my verskyn. Hulle het verskillende dinge in hul

hande gehad. Hulle het ook ‘n dringendheid openbaar en my gevra om aan te hou luister na Messias se stem want hulle het opdrag gekry om oor my te waak gedurende die tyd omdat dit ‘n tyd van geestelike aanval was en ek onder Abba se vlerk moes vertoef.

Toe het ek myself op my knieë in ‘n wagtende posisie gesien. Ek was besig om gestroop te raak van baie dinge waarmee HY met my gedeel het in die afgelope seisoen, wetende dat Hy gereed was om my na ‘n baie dieper vlak te neem. Na ‘n rukkie het nog ‘n baie groot engel voor my gestaan en my geroep om te kom, want ek moes na ‘n ander plek gaan, omdat die afgelope seisoen verby was. Terwyl ons geloop het kon ek nie sien waarheen ons gaan nie en Heilige Gees het met my gepraat: “Dit sal ‘n seisoen van geloof wees waardeur EK jou sal neem. EK sal jou geloof toets, want die seisoen wat jy binnegaan is onbekend. EK sal jou druk om dinge te doen sonder dat jy duidelik hoor wat dit is wat jy moet doen, sodat EK jou gehoorsaamheid kan toets. Wees stil en weet dat EK IS. Beweeg saam met die vloei van My Gees en jy sal wandel in die roeping. EK het ‘n boodskap vir jou om nou af te lewer. Jy gaan in ‘n seisoen van die wagter waarskuwings in. EK gaan aan jou waarskuwings gee van komende oordeel, want My aangesig is vuur en dit is gerig in die rigting van die aarde. ‘n Tyd van groot moeilikheid kom en niks is soos dit nie.”

Ek het ‘n visioen gesien van ‘n vrou wat sit asof sy nuus lees. Dit het gelyk asof ek besig was om die nuus te kyk. Daar was boekrolle voor haar. Aan haar regterkant was daar iets soos ‘n skerm wat beelde vertoon vir diegene wat kyk. Sy het uit die boekrolle gelees en waarskuwings gegee aangaande dinge op die natuurlike en geestelike vlak, soos dit op die skerm vertoon is. Sy moes mense bewus maak aangaande gebeure wat plaasvind buite hulle sig, want die mense was blind. Die vrou het harder en harder begin praat en mense het opgedaag om te luister. Ek het rampe sien gebeur, dit was donker. Ek het vvv’s (vreemde vlieënde voorwerpe) en korrupsie van vlees gesien. Ek het die maan gesien wat soos ‘n geestelike satteliet gelyk het en ‘n baie harde geraas gemaak het. Dit was die geluid van ‘n trompet wat ‘n boodskap gee. Mense was in die moeilikheid, want hulle het gekyk, maar nie gesien nie, hulle het geluister, maar nie gehoor nie. Ek het gesien hoe die boekrolle vir die eerste maal geopen is, boekrolle wat gehou is vir ‘n tyd soos

hierdie. Ek het ‘n leërmag van mense gesien met swaarde en hulle het marsjeer en aanbid. Die leërmag het groter geword en meer mense het aangesluit. Toe het ek ‘n arend gesien wat boodskappe by haar aflewer. Sy het die briewe oop gemaak en die boodskappe oor die nuus aangekondig. Die boekrol wat sy oopgemaak het, het gehandel oor martelare. Toe het ek ‘n baie GROOT groep mense gesien wat wit klere aangehad het. Hulle was martelare, baie van hulle was onthoof. Ek het ‘n tikkende geluid soos ‘n horlosie gehoor. Alles was veronderstel om ge-sinchroniseer te wees met die klop, maar niks was in lyn daarmee nie. Alles was deurmekaar en daar was gemengde geluide. Ek het selfs gesien dat die aarde nie meer draai volgens die geluid nie en dinge het begin om ontwrig te raak.

“ Dit is tyd vir die boekrolle om geopen te word. EK IS waarsku My mense om te luister. EK IS stuur My boodskappers uit om julle ore voor te berei vir die geluid, want Ek sal My geheimenise onthul en EK sal julle My wonderwerke wys, EK sal oordeel en die mense sal bevrees wees, omdat die aangesig van EK IS op die aarde gerig is. EK sê vir julle indien julle nie die geluid ken nie sal My oordeel julle tref. Julle betree ‘n tyd waar kompromie onaanvaarbaar is. Louwarmheid is ‘n vloek van dood en oordeel en julle sal nie ontsnap, indien julle nie ag slaan op MY waarskuwings nie. My mense, maak oop julle oë en kyk, open julle ore en luister.”

Drie maal het ek gehoor-“Jubilee, Jubilee, Jubilee.” Ek het ‘n visioen gesien van mense wat teen ‘n intense spoed deur die woestyn beweeg. Aan die begin het hulle stadig geloop, maar nader aan die einde was dit ‘n magtige leërskare wat na die groot stad, die Nuwe Jerusalem gehardloop het. Hulle was vurig en geweldadig vir die Koning. Hulle het almal wit klere aangehad en hulle het ‘n naam in goud gedruk op hulle voorkoppe gehad. Ek het ‘n magtige, magtige geluid gehoor! Dit was ‘n mengsel van die gebrul van die Leeu van Judah en die geluid van die trompet. Vuur het uit Sy mond gekom en binne in daardie vuur was ‘n boekrol. Die boekrol was in my hand, maar ek was nie toegelaat om dit te open nie, omdat ek getoets was. Ek kon nie die boekrol open nie, slegs Messias kon dit open, omdat daar ‘n seël met ‘n kode daarop was en dit was in SY taal. Ek het na die boekrol gekyk en my oë het begin brand met vuur terwyl my oë besny word om in staat te wees om te sien wat in die

boekrol staan. Ek het twee woorde gehoor: "Die geheimenisse van EK IS sal openbaar word, die orde van MY Bloed sal bekend gemaak word aan die mens en almal sal sien wie EK IS! Baie sal hoor maar nie almal sal verstaan nie. EK sal die boekrol open en EK sal MY eindtyd geheimenisse openbaar aan diegene wat EK gekies het as waardige profete. Intense vervolging gaan kom, berei julleself voor want julle sal gehaat word om My Naam ontwil. Hierdie boekrol bevat die sleutel tot die onthulling van My ware verbond mense. Hierdie boekrol bevat die sleutel tot herlewing en eenheid. Dit is 'n groot geheimenis. EK sê julle moet julself voorberei deur te luister. Die tyd sal aanbreek, 'n tyd van verstaan en dit sal tot gevolg hê dat My mense tot die land wat EK beloof het herstel sal word. 'n Tyd van vervulling van wat EK gesê het. 'n Tyd van geopende oë, dit kom, dit kom. Moenie dat EK jou aan die slaap en sluimerend vind nie. 'n Tyd kom dat EK die lippe van My mense met MY Gees en MY Woord sal aanraak en hulle sal My uit een mond in gees en waarheid aanbid. Shema Yisrael, Adonai eloheinu, Adonai echad. EK IS EEN. Die mense sal sien dat EK EEN IS. Luister vir die Arend se roep omdat EK MY boodskappers voor My sal uitstuur om die weg vir die Messias voor te berei, want EK IS kom. Julle sal die arend se roep hoor wat sê dat EK kom. Dit sê : bely, bely. Die arend se roep sal jou leer aangaande die toepassing van MY Bloed. EK sê vir julle, julle weet nie wat in MY Bloed is nie, julle verstaan nie wat in julle DNA gebeur wanneer julle MY Bloed toepas op die manier wat EK vir julle bestem het nie. Julle sal die geluid van die trompet hoor deur die mond van My profete en julle sal hulle hoor sê dat EK IS kom. Hulle sal julle waarsku, julle leer sodat julle self kan hoor. EK IS rig 'n nuwe geslag op. EK IS doen 'n nuwe ding wat julle nog nie voorheen gesien het nie. Kyk, in die laaste dae sal EK MY Gees uitstort op alle vlees en julle seuns en dogters sal profeteer, die bejaarde mense sal drome droom en die jong mense sal visioene sien. Luister, Luister, Luister! Sê vir MY mense wat jy sien…"

Ek het die heilige stad, Jerusalem gesien. Daar was mense op die mure met trompette in hulle hande. Hulle het arend visie gehad en kon baie ver sien. Hulle kon sien wat kom en hulle kon hoor wat die Bruidegom sê, want hulle was gesalf vir 'n tyd soos hierdie. Ek sien dat hulle hul aandag spits, asof hulle iets hoor wat onbekend is. "EK sal die boekrol vir hulle lees en hulle sal My mense leer. Dit sal lei

tot die gedaanteverwisseling van die een nuwe mens. EK IS toets My mense, sal hulle luister of sal hulle sê – vals, vals in die aangesig van die nuwe ding wat EK IS besig is om te doen? Ken julle Die Ware Woord wat EK IS? EK sal nuwe boekrolle open, EK IS waarsku julle om julle self voor te berei om dit te hoor. Dit sal lei na die bruilofsmaal van die Lam weens die vervulling van MY Bloed in julle DNA. Die tyd van vervulling sal aanbreek by die bruilofsmaal en die tyd van luister sal verby wees. Luister nou!"

Ek het Messias in 'n kleed wat deurdrenk was met bloed gesien, HY het 'n nuwe naam wat ek nie ken nie. Terwyl ek Hom verheerlik gesien het, het ek Hom ook gesien as 'n Lam wat bloei vir SY mense. Vir elke stam, tong, mens en nasie. Binne in SY Bloed was daar 'n geheimenis. Dit is die geheimenis van EK IS. Dit is die geheimenis van SY ORDE, die orde van EK IS. Dit is die geheimenis van die SKEPPER. Die geheimenis is SY DNA, dit is SY natuur. Binne SY Bloed het ek twee 'stokke' gesien, maar die twee stokke was soos twee stringe wat inmekaar verstrengel is.. Binne die twee stokke was daar 'n inskrywing. Dit was prentjies en woorde. Dit is amper soos 'n tydlyn. Ek sien twee woorde. Dit lyk soos Hebreus, maar ek kan dit nie verstaan nie. Die twee woorde is aan mekaar verbind en is eintlik een word. Die woord is die openbaring, die woord is wat in die boekrol geskryf is. Dit is die geheimenis van die 'eenheid' van YHVH.! "Die geheimenis sal die gesigte onthul, die geheimenis breek die godsdiens, die geheimenis open die oë. Dit is EK IS, die Rots van Eeue. Die EEN! Deur die geheimenis sal die een nuwe mens My aanbid met een tong, want hulle sal sien wie EK IS. EK stel jou vry, hardloop met die boodskap."

_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____

ONWRIKBAAR: 30 Desember 2014

Ek het op Abba sit en wag toe ek skielik hitte op my ore voel. My ore het gebrand asof warm kole daaraan raak. Binne in my ore het dit gevoel asof die hitte van die vuur regdeur tot in my brein gaan, toe het my oë ook begin brand. Terwyl my oë die hitte ervaar was dit asof my sig baie verhelder en wat ek voor my gesien het was ‘n leërmag van trompet-blasers. Die leërmag mense het almal ramshorings in hulle hande gehad en hulle het saam vergader as voorbereiding. Daar was ‘n verwagting. Elkeen het ‘n goue seël op gehad. Die mense was amper verstrooid en daar was geen orde tussen hulle nie. Elkeen het rond gestaan en in sy eie rigting gekyk.

Die volgende oomblik het ek die Leeu en die Lam gesien. Die Leeu van Judah het met soveel gesag gestaan dat mense Hom gevrees het. Die Lam het tussen die Leeu se voete gelê en die bloed van die Lam het ‘n mantel van rooi bloed rondom die Leeu geskep. Toe het die Leeu gebrul en die trompette het geblaas. Al die mense het in Sy rigting gedraai omdat hulle Hom gevrees het. Sekere mense is uitgekies uit die groep mense.Hulle was baie spesifieke mense genaamd die Dawids. Hulle het binne hul identiteite nog ‘n ander merk ook op hulle gehad. Hulle moes hulle gewilligheid toon toe hulle gekies is, maar die meerderheid van hulle kon nie verstaan waarom hulle gekies was nie, omdat hulle as onbelangrik, klein en selfs ongeletterd ge-ag was. Die Leeu het Sy seël van gesag op hulle geplaas toe Hy hulle deur die woestyn geneem het en toe het Hy hulle gekroon om konings te wees. Hy het vir die priesters priesterlike klere aangetrek en aan die profete is ramshorings gegee. Aan hierdie mense is ‘n mandaat gegee om orde te skep in die leërmag, waar hulle voorberei word vir ‘n oorlog en ‘n bruilofsmaal. Die hele tyd terwyl ek die visioen gesien het was die mense besig om voor te berei. Ek het weer bewus geword van die intense vuur en dit was regtig ongemaklik. Ek het begin uitroep na Abba in die vuur, maar Hy het my uit die vuur in ‘n sagte, liefdevolle dog ferm stem geantwoord: ”My dogter die nasies verkeer in ‘n tyd van groot vuur. Dit is MY vuur, EK brand wat kan brand sodat dit suiwer goud kan word en dit wat nie MY natuur is nie kan wegbrand deur die vuur van MY heiligheid. MY huweliks leër laat MY vuur toe, dit is

ongemaklik en stropend, maar dit is wat julle voorberei. EK sal die gewilliges dieper in die vuuroond in neem, sodat MY mense wat In MY naam geroep is in belyning kan kom met MY orde. Julle is in 'n groot oorgangs tydperk waar die hoer die bruid kan word, die swak leërmag wat die reuse verslaan....

Dit is 'n kwessie van tyd soos julle nader en nader beweeg na die einde van tyd. Hierdie oorgang sal tye voortbring soos nooit tevore nie. EK wil hê MY vuur moet julle ore wakker maak om te hoor, om jou verstand te verander, van voldoen aan die dinge van die wereld, na waar julle oë met onderskeiding kyk, sodat julle nie vir die slang se misleiding val nie. In hierdie jaar sal daar 'n geveg wees teen die gesalfdes, teen die bruid. Die vyand probeer om diegene wat lou warm en op die rand van passiwiteit staan, wat voorbereiding blokkeer, om te gooi. Wees baie versigtig MY mense om nie vermeng te raak met dinge van hierdie wêreld nie. Selfs nou, terwyl MY oë oor die aarde beweeg, sien EK boosheid, wetteloosheid en dronkenskap, omdat mense uit die beker van die wêreld drink en besope is van vleeslikheid en wêreldgesindheid. In hierdie tyd word MY mense opgeroep om MY te soek soos nooit tevore nie. EK sê vir julle dit, baie dink mense skree wolf, wolf. Baie glo nie omdat dit alles al voorheen gesê is, maar EK sê vir julle dit: Julle sal nie in staat wees om te sê dat julle nie gewaarsku is nie omdat die uur kom en wanner dit aanbreek sal dit vir baie onverwags wees. EK wil My bruid nader aan MY trek deur haar wandel van luister en gehoorsaam.

In hierdie seisoen roep EK IS MY bruid in 'n dieper intimiteit met MY, dieper vlakke van gehoorsaamheid. EK IS roep julle om julle lewens en die weë van die wêreld af te lê en in 'n dieper wyse onwrikbaar te wees. Sal julle MY vra om aan julle te openbaar waar kompromie in julle lewe werksaam is. Kompromie kom van die verlammende vrees van 'n gebroke identiteit. Dit sal julle daarvan weerhou om te luister en te gehoorsaam, indien julle dit toelaat. Weet julle wie julle is? Weet julle dat julle koninklik is? Hoekom dan wandel julle asof julle 'n niemand is ? Waarom orden julle julle lewens volgens Babilon en die luste van die vlees weens 'n vrees-gedrewe sisteem, as julle geroep is om te lewe as konings en priesters volgens 'n Koninklike orde van seën en lewe? EK sê vir julle,

julle sal uitgedaag word, want selfs soos mense wakker word, is daar ook mense wat verder en verder wegdryf en hulle sal nie julle radikale gehoorsaamheid verstaan nie. Dit sal selfs ‘n toets vir julle wees. Waarsku die mense om hulle eie olie te koop. Julle kan nie iemand anders se olie kry nie, julle het julle eie olie nodig. Onthou hierdie boodskappe is genade, in My genade waarsku EK IS julle, in MY genade leer EK IS julle om voor te berei, maar die waarskuwings sal nie onbepaald voortgaan nie. ‘n Tyd sal aanbreek dat julle sal sien wat gesê is en MY oordeel sal oor die aarde kom soos ‘n vloed, omdat EK julle gewaarsku het. Moenie mislei word deur dit wat julle nie sien nie, maar gee ag op MY waarskuwings sodat julle kan luister en gehoorsaam. EK wil hê dat julle onversetlik sal wees en nie kompromië aangaan, omdat julle denke geweef is deur wêreldse patrone nie. EK wil hê dat julle moet wandel in geloof deur luister en gehoorsaam, omdat my opdragte in julle denke is en die patrone van Wie EK IS en wat EK sê die opdrag van julle innerlike wese is, en derhalwe vrees julle MY, en Vrees vir MY laat die kompromië vlug. EK roep onwrikbare mense wat soos Gideon se leër is -vreesloos. MY kinders, julle kan nie bekostig om rond te loop sonder visie nie, omdat julle afgelei en verwar sal word en julle sal die verkeerde rigting inslaan. Julle het visie nodig aangaande dit waarin EK IS julle inlei sodat julle in radikale gehoorsaamheid kan wandel as gevolg van onwrikbare geloof. Julle moet julle gesag handhaaf want as jy die vyand slegs ‘n klein gaping gee sal hy probeer om jou te ontspoor omdat die slang desperaat is. Vertrou julle MY? Vertrou julle dat EK sal doen wat EK gesê het EK sal doen? Vertrou julle MY volkome en heelhartig dat EK My beloftes sal vervul, want as julle MY nie vertrou nie, sal julle gehoorsaamheid gebroke wees. Julle mag baie gevegs letsels van die vorige seisoene hê. Julle mag teleurstellings en herrineringe in julle rond dra wat ontmoediging voortbring. Miskien voel julle diep binne julself hopeloos omdat julle nie weet wat MY beloftes vir julle is nie, of julle sukkel om MY stem te hoor, of julle wandel steeds nie in die belofte nie.

EK sê vir julle My kinders dat julle in die tyd van voltooiing is. Voltooiing moet kom omdat voltooiing voor vervulling kom en voor voltooiing kom rus en voor rus kom geloof en voor geloof kom hoop en voor hoop kom vertroue en voor vertroue kom liefde en voor

liefde kom luister en gehoorsaam. EK wil voltooiing bring as julle saam met MY reis

want EK sal nie terugkeer wanneer voltooiing van voorbereiding nog nie vervul is nie. EK wil in julle voltooi wat EK begin het, maar EK het julle samewerking nodig. EK wil bou, en die doel van MY tabernakel binne julle voltooi, sodat julle in MY kan woon en derhalwe woon EK in julle.

Bly in MY, want sonder MY is julle niks. Laat MY vuur, laat MY oortuiging, laat MY toe om julle te oordeel in ‘n tyd van genade, sodat julle bely en herstel kan wees. Die Johannes die Dopers staan op met ‘n oproep van die Bruidegom wat SY mense roep tot belydenis, omdat belydenis ‘n DNA ding is en dit derhalwe is wat die bruid sal voorberei vir haar Almagtige Messias. EK IS bring voorbereiding vir die sluier om in ‘n baie dieper dimensie gelig te word. EK IS verwyder lae van valsheid en misleiding deur die waarheid te openbaar aan die bruid wat luister en gehoorsaam. MY bruid is ‘n lig vir die ongelowiges, die wetteloses en die godsdienstiges. Trek jou wapenrusting aan want daar is ‘n verskuiwing in tyd, staan op vir die geveg dat jou denke verander kan word deur suiwer patrone. Oordink My Woord, My waarheid dag en nag dat julle nie daarvan sal afwyk nie, maar sal handel volgens al My opdragte. Wag op My sodat EK aan julle visie kan gee, nie slegs oor wat kom nie, of omtrent die bestemde beloofde land waarheen EK julle geroep het, maar EK wil julle visie gee van wat EK sien aangaande wat aangaan in julle harte, die dieptes van wat verborge is in die putte van julle siele.

EK IS die Leeu en die Lam. MY mense is gered deur die bloed van die Lam omdat EK IS genade is, maar baie mense ken nie die gesig van die Leeu nie, hulle ken nie die Regter nie en derhalwe is hulle louwarm, want sonder My vuur sal julle nie My aangesig sien nie. EK wil hê dat julle in die oë van die Leeu moet kyk, sien die vuur in My oë, hoor die waarheid van EK IS brul, sodat julle na My kan kyk, sodat julle My kan ken en derhalwe soos EK kan word. EK IS soek skape wat My stem ken en My nederig en gehoorsaam volg. MY hart verlang na leeus wat hulle gesag vreesloos opneem om my bestemming na te jaag en daarna te streef. Leeus wat sterk en moedig is. Vertoon julle die gelykenis van My beeld? Is julle deel

van die stam van die Leeu van Judah, is julle skape van die Goeie Herder wat EK IS? Kan julle in my genade brul? Verslind in liefde? Kan julle verbygaan in onderwerping? In gesag staan in nederigheid? Kan julle My gehoorsaam omdat julle My liefhet en nie omdat my opdragte 'n wet is nie? Kan julle na My hart soek, selfs al voel julle nie daarna om dit te doen nie, wanneer daar niks is wat julle nodig het nie? Sal julle My steeds vertrou selfs al verstaan julle nie? Sal julle stil wees en weet wanneer die storm woed en julle nie die pad huistoe ken nie? Sal julle die gevegslinie opstel en julle vyande met onbeskaamde vasberadenheid aandurf wanneer wat julle in die gesig staar groter lyk as wat julle is? Sal julle My begeer bo enigiets anders? Sal julle steeds streef na intimiteit met My,selfs as julle geseënd is, of waneer julle julself in die woestyn bevind? Sal julle gehoorsaam wees wanneer ander kyk, omdat julle verantwoordbaar is, of is my onsigbare Gees julle verantwoordbaarheid en die plek waar niemand julle platform van gehoorsaamheid dophou nie? Sal julle deurdruk en vorentoe beur na die merk, die eindstreep van die wedloop van geloof, selfs wanneer mense aan beide kante van julle sê dat julle dit nou te ver neem, dat julle mislei is, mislei en té geestelik? Sal julle fokus op gehoorsaamheid instede van die belofte? Sal julle My liefhê bo die geskenk? Sal julle aan My terug gee wat Ek eerstens vir julle gegee het? Sal julle jul vals identiteit neerlê om te wandel in julle roeping? Sal wat Ek sê vir julle belangriker wees as ander mense se opinies? Sal My Gees, die verstandhouding, openbaring en vertolking van My lewende Woord wees, of sal godsdienstige denke, ingesteldheid defineer van wie EK IS? Sal julle buite die grense gaan, van die rand van vrees afspring die onbekende in deur geloof in My alleen? Sal julle met My sterf sodat julle kan wandel in die krag van My opstanding? Sal julle besef dat julle oorwinning rus op die fondamente van gehoorsaamheid en julle gesag op die beproefde vrugte van intimiteit met My, om te bly? Sal julle ophou om afgode van mense te maak en slegs op My fokus? Sal julle na My streef instede van 'n gevoel, sensasie, visioen, woord, belofte? Sal julle soos Abraham wees wat alles gelos het om te doen wat EK gevra het? Sal julle ophou om julle te vergelyk met ander, omdat julle bevrees is om die merk te mis? Sal julle ophou om julle te meet aan standaarde wat EK nie daar gestel het nie?

Hoor My woorde, EK kan julle openbaring gee van komende gebeurtenisse, EK kan julle beloftes gee van voorspoed en soet woorde van genade. EK kan julle inlig en bemoedig maar dit sal julle nie verander nie. Ek begeer verandering in julle harte en leefstyle. EK IS vra julle of julle ingaan in ‘n seisoen van gewilligheid om te verander, of gaan julle op die oewer bly staan? Verandering sal restorasie voortbring omdat dit voortspruit uit die vrugte van belydenis wat julle sal transformeer na die begeerte van My hart. Daar is baie dinge wat gaan kom, baie beloftes wat EK gee, baie dinge wat EK wil doen, daar is waarskuwings,oordele maar die ding is dat indien julle nie saam met julle Bruidegom reis nie, julle al daardie dinge hoor en selfs dit glo, maar steeds nie ‘n wyse maagd met ekstra olie in julle lamp sal wees nie. EK wil julle bring by die plek waar julle in ‘n hartstogtelike verhouding met My, julle Messias, julle Bruidegom is, want dit is uit daardie plek dat julle waarlik My kinders is. Sonder om My te ken as julle Bruidegom is julle slegs ‘n vriend, ‘n vriend van die Bruidegom, alles weens ‘n gebrek aan verandering, kompromie en passiwiteit van die godsdienstige ingesteldheid. EK het baie vriende wat in My glo, maar daar is nie baie wat ek bruid noem nie, omdat daar nie baie is wat die Leeu en die Lam ken nie. My bruid ken My oordeel want sy is lief vir My geregtigheid en omhels dit. MY vriende ken my nie intiem nie en derhalwe sien hulle oordeel as ‘n vloek, iets in teenstelling met ‘n God van liefde. Hulle dink Ek sal nie, hulle dink ‘n God van liefde sal nie... EK sê vir julle, EK sal, EK kan, want EK IS! EK IS nie om bespot te word nie, EK IS onderskei nie tussen persone nie, EK IS Heilig en EK IS geregtig en EK IS onwrikbaar. EK sal nie kompromië aangaan oor Wie EK IS en wat EK gesê het, selfs al dink baie dat genade die prentjie verander het. Geen van My woorde het weggeval nie, omdat EK IS die Woord is. EK IS wat EK sê omdat My Woord gekodeer en gevul is met die patroon van My Gees. Julle kan nie My Woord van My skei en julle kan nie in enige opsig My opdragte verwerp nie, want wanneer julle My reg en geregtigheid aantas met valsheid julle woede in My hart sal ontketen, omdat julle sê dat EK IS nie Wie EK IS nie. EK IS ‘n vuur en EK sal brand want EK IS liefde. Onthou julle verbond Maker, moenie van My afvallig raak nie, moenie ver van My af lewe nie. Bly in My, nader tot My en soek My meer. EK IS

meer belangrik as enigiets in julle lewens en julle lewens moet ‘n getuienis daarvan wees anders hoe sal die ongelowiges erken dat EK IS? Onthou julle is die lig van die wereld. Hoe verteenwoordig julle My in die nasies? Glo die atteiste nie, omdat wat hulle sien ‘n skeinheilige kerk is? Glo die Hebreuse mense nie dat EK IS die Messias is nie, omdat Christene My geklee het in Katolieke klere? Sien hulle nie omdat julle heidense feeste hou en nie My feeste en My opdragte nie? Indien julle diegene is wat veronderstel is om in waarheid te wandel waarom is julle diegene wat veroorsaak dat daar sluiers oor mense se oë is wat hulle verhinder om My te sien vir wie EK IS? Daar is baie Christene wat nie EK IS gehoorsaam nie, Hulle gehoorsaam tradisie en derhalwe is hulle mislei. Moenie dink dat Ek nie Christenskap sal oordeel vir die feit dat dit vermeng is nie. Moenie dink dat al die gelowige heidene van die komende oordeel gevrywaar is nie, want dit is deur My bruid dat Ek die sluier sal lig omdat sy gesuiwer is van die slang natuur en sy wandel volgens My verbonds patroon. EK sal My bruid beskerm in die Ark, maar hulle wat vermeng is met die slang se vals saad, wat voldoen aan vriendskap instede van verhouding as ‘n suiwer bruid, sal My oordeel moet verduur sodat hulle gered kan word.

VALSE INTIMITEIT: 25 Maart 2015

Dit was vir my ‘n siels ondersoekende seisoen. Reeds vir ‘n tyd al kon ek ervaar dat Abba my toets en in stilte na my kyk om te sien watter vrugte uitkom sodat die takke sonder vrugte identifiseer en gesnoei kan word. Dit is nie altyd die maklikste seisoen nie, omdat stryd en seëninge merkbaar is, en jy in beide getoets word. Neem jy jou gesag op in die geveg? Soek jy steeds Abba se aangesig in die seëninge of soek jy slegs Sy hand? Daar is niks meer vernederend as om met die toestand van jou hart gekonfronteer te word nie. Die vlees wil dit vir jou eie oë wegsteek, omdat dit hoogmoed is wat blind is. Die ware feit van die saak is: Dit is een van die siel se lae wat onvervulde behoeftes, onopgeloste kwessies en ongeneesde seerkry versluier. Prys YHVH vir die storms wat vullis na die oppervlak bring. Prys Hom vir die woestyn wat al die valse gerus stellings, hanteringsvaardigheid, trots en kompromie onthul. Jy het nou, nadat jy jou eie smette erken het ‘n keuse. Sal jy voortgaan om dit weg te steek of gaan jy die presiese kwessie blootstel in die lig van Abba se teenwoordigheied en deursigtig daaromtrent wees tussen diegene naaste aan jou. Ons bid Abba wys my. Brand my met U vuur. Neem die trots uit my. Die vraag is, wat doen ons wanneer hy dit openbaar? Dit is die mees belangrike ding. Dikwels stel ons uit, is ons passief of net bloot besig en dan word daar nie met hart kwessies, bloedlyn kwessies, gebroke identiteit, leuens en misleiding gedeel nie. Is dit omdat dit soos ‘n berg voor ons lyk? Is ons bang om daarheen te gaan? Gebruik ons verskonings soos “Ek hoor nie Abba se stem so duidelik soos die of daardie persoon nie, dus weet ek nie wat in my verborge is nie?” Of miskien is hierdie verskoning meer bekend “ dit is al reeds aan die kruis vir my gedoen, dus hoef ek nie te deel met enige bloedlyn kwessies nie.” Ons het so gemaklik geraak met valsheid dat dit ons gees verlam het; dit het ons geestelik passief gemaak. Ons gees is so swak aangaande die dinge van YHVH se Koninkryk omdat ons nie in die gees saai nie. Die valsheid is alles deel van die vyand se taktiek om ons weg te hou van die beginsel van luister en gehoorsaam.

My standpunt is dit.... Ons moet uit ‘n gemaksone van, tweede-handse kennis wat ons by mekaar maak kom, instede van om in die binnekamer in te gaan saam met Abba en Hom toe te laat om ons

te stroop van dit wat ons weghou uit die Allerheiligste van intimiteit met Hom. Ja, een van daardie sluiers kan kennis omtrent Hom wees. Sy hart is intimiteit met Hom, nabyheid met Sy Gees. Ons kan nie wandel in Sy doelplan as ons nie gewillig is om die siel lae af te breek, die Jericho mure wat ons buite hou nie. Is jy in staat om die verdedigings meganismes in jou lewe te identifiseer? Is jy in staat om hart kwessies te identifiseer? Is jy in staat om trots en vrees wat in jou lewe werksaam is te identifiseer want, glo my, dit skuil êrens in jou. Ons moet begin sien. Ons moet begin om die toestand van ons hart te identifiseer en te erken, sodat ons deur oortuiging van die Heilige Gees by die plek van ware belydenis kan kom.

Daar is 'n skrif in Spreuke 29 wat handel oor die feit dat mense vergaan sonder visie, sonder openbaring, maar gelukkig is hy wat die opdragte van YHVH soek (my parafrasering). Dit spreek regtig tot my gees omdat ek glo dat dit die toetand van die ligaam vandag is. Ons sien nie, ons het nie visie en derhalwe geen ware openbaring nie. Dit is omdat ons, by wyse van spreke, nie in staat is om die slang in die tuin te identifiseer nie, dat ons nie die valsheid wat tussen ons werksaam is sien nie. Ons is geroep om die laaste Eva te wees. Ons is geroep om herstel te word, terug na die hart van Abba, waar ons die slang wat in ons DNA werksaam is identifiseer, op siels vlak, emosies, finansies, familie lewe en natuurlik in die kerk. Hierdie areas van ons lewens word sy speelveld indien ons nie die slang identifiseer nie. Ons sal van die verkeerde boom eet en derhalwe die verkeerde vrugte voortbring voordat ons dit besef, omdat ons deur die gemengde saad wat godsdiens bring mislei geraak het. Soos ek altyd sê, die lokval van die vyand is om ons 'geestelik' te maak terwyl ons in werklikheid godsdienstig is. Ek sien te veel mense wat oor al die kennis beskik, maar hulle pas dit nie toe nie en so proe hulle nie die vrugte van intimiteit met Abba nie. Party sê hulle weet nie prakties hoe nie, maar ek sê dit is as gevolg van gemengde saad wat die vyand gebruik en probeer om jou te verwar tussen genade en opdragte. Jy het die Gees van EK IS in jou, die Gees van lewe, Hy Self sal jou leer indien jy kies om te deel met wat hy openbaar. Moenie sê jy weet nie hoe om met bloedlyn kwessies te deel nie, of jy weet nie hoe om op te tree in die hofsaal nie....dit gaan nie daaroor om al die beginsels korrek te kry nie. Abba stel nie belang in 'n kind wat perfek bid en al hierdie

geestelike beginsels net reg doen nie. HY begeer ‘n volwasse bruid, nie volmaakte kinders nie. Volwassenheid is nie volmaaktheid nie. Dit is die gebrokenheid binne jou, uitgeruil vir die karakter van Messias. Die koste van daardie uitruil is om te sterf aan self. Glo my, Ek kyk na my eie lewe en ek is so verneder deur wat uit my kom in die vuur, maar ek verbly my (uiteindelik) want ek sien die vrugte van volwassenheid is besig om te vorm. Ons het volwasse oë nodig wat sien wat YHVH sien. Ons moet ‘n volwasse karakter hê om te deel met wat HY openbaar wanneer Hy ons by die plek van oortuiging bring. NIE veroordeling!!

Vanoggend het ek in die bank in ‘n ry sit en wag. Dikwels hoor jy mense kla wanneer hulle in ‘n ry moet sit of wanneer hulle vasgevang is in die verkeer. Hoekom is ons altyd haastig? Ons moet tevrede wees om te wag! Ons moet volwasse genoeg wees om dit as ‘n geleentheid te sien vir ‘n gesprek met Yeshua. Terwyl ek wag het ek begin om met Hom te praat. Ek was besig om my gedagtes agtermekaar te kry oor wat Abba openbaar het omtrent die siels dimensie. Terwyl ek daar sit het Heilige Gees’n paar dinge in my gees laat val. Ek het Yeshua hoor sê: “ Vals intimiteit.”

Hy het begin praat oor hoe ”vals intimiteit” werksaam is in die mense se siele. Terwyl ek so daar sit het ek ‘n droom onthou wat ek daardie oggend gehad het. Ek het gedroom dat ek saam met ‘n man in ‘n vertrek was. Hy het na my gekyk en gesê dat ek moet let op wat hy besig was om te doen. Toe ek kyk waarmee hy besig was het ek gesien dat hy besig was om ‘n vrou te skep. Hy het sekere grondstof gebruik en dit in ‘n vorm gegiet om die vrou se liggaam te modeleer. Hy het baie aandag aan haar gesig geskenk en Hy het aan my verduidelik dat hierdie vrou ‘n baie spesifieke gesig moet hê. Hy het haar oë met sy hande gevorm en gepraat oor die bene rondom die oë wat in ‘n spesifieke manier moet wees. Deur die hele droom het hy haar gevorm. Daarna het hy na my gekyk en hierdie woorde gesê wat vir my vreemd voorgekom het omdat ek dit nie aanvanklik verstaan het nie. Hy het gesê: “Intimiteit... mense het nou nie meer nodig om pen en papier te gebruik nie. Die vrou sal lewend wees” Later in die droom het die vrou lewend geword. Sy was pragtig, geklee in wit, sy het gepraat en sy was heeltemaal normaal.

Aanvanklik het ek gedink dit was ‘n vreemde droom, maar toe het Heilige Gees begin om die verborge betekenis te openbaar. Die man in

die droom was ‘n tipe van Yeshua en die vrou wat Hy besig was om te vorm was Sy bruid. Hy is besig om sy bruid te skep en te vorm volgens die begeerte van Sy hart. Hy is besig om op haar oë te fokus. Hy wil hê dat Sy bruid moet sien wat Hy sien, lyk soos Hy lyk. Oë gaan oor fokus. Die bruid is of wêreldgesind en selfbewus of bewus van Yeshua. Die fokus van die bruid sal bepaal of sy met Hom sal wandel of nie, want as sy wêreldgesind is sal haar lewenswandel getuig waarop sy fokus. Sy sal derhalwe “gevorm “ word in die “gietvorm” van die wêreld. Abba het spesifieke begeertes met betrekking tot ‘n bruid vir Sy enige gebore Seun. Hy begeer ‘n verbonds mense, ‘n Koninklike Priesterskap, ‘n heilige nasie, mense wat vrug dra volgens sy Beeld. Dus is die bruid nie sommer enige iemand nie, dit is diegene wat hul leefstyle aanpas by die opdragte en dus ook die begeertes van die Skepper. Die gedeelte in die droom oor intimiteit, die pen en die vrou wat lewendig is verskaf die openbaring omtrent vals intimiteit...

Ek het my foon geneem en in die Engelse woordeboek die woord ‘use, pen’, en ‘alive’ nageslaan, omdat hierdie die woorde in die droom is wat die dieper verborge betekenis sal openbaar

Use

Een betekenis van die woord ‘use’ is: “’n Outomatiese pattroon van gedrag in reaksie tot ‘n spesifieke situasie; mag geërf wees of deur gereelde herhaling.”

Pen

‘n ‘Pen’ kan of ‘n kamp, heining, muur, tronk, gevangenisstraf wees of dit kan ‘n instrument wees wat gebruik word om iets te dokumenteer m.a.w. ‘n voorwerp om mee te skryf..

Woman Soos ek gesê het, die vrou is die bruid omdat ‘n vrou ‘n tipe van vrugbaarheid is.

Alive

Die word ‘alive’ beteken “om lewe te besit”, ook oplettend, vatbaar en waaksaam. Dit is interessant dat die woorde oordeelkundig, skerp, deurdringendheid en deurboor ook vermeld word in die tesourus van die woord ‘alive’

Goed, nou het ek die verskillende legkaart dele van die droom gehad, maar nou moes dit bymekaar gebring word in die regte prentjie om

begrip en openbaring te gee. Ek gaan dit deurgee soos Heilige Gees dit aan my openbaar het...

"Hierdie droom gaan oor wat EK IS besig om in my bruid te doen. Ek het jou geroep om aandag te gee sodat jy kan weet waarmee EK IS besig is en dus roep ek ook My kinders om aandag te gee. Die vrou is My bruid en die verskillende simbole in die droom openbaar aan jou wat Ek wil doen. Ek wil My bruid na die plekke neem waar sy wakker en dus waaksaam is. My bruid kan slegs lewe besit as sy wakker is. Hierdie lewe is lewe in die Beloofde Land. Ek wil hê My bruid moet 'n besitter en nie 'n woestyn wandelaar wees nie. My mense besit nie die Beloofde Land nie omdat hulle nie wakker is nie, maar sluimerend weens vals intimiteit. Indien jy die betekenis van die woorde "no more use for pen" verstaan sal jy verstaan wat vals intimiteit in plek hou, wat soos 'n ander sluier is wat My mense uit die plek van oorvloedige lewe in die Beloofde Land en die Allerheiligste hou. Die probleem lê binne die siele van My mense wat outomaties reageer weens 'n patroon in die DNA wat moontlik geërf of oorgedra is deur gereëlde herhaling.Hierdie verkeerde patrone is geskryf (die betekenis van die pen simbool) in die DNA en dit vorm 'n muur, 'n heining, rondom My Beloofde Land vir My bruid wat jóu uithou en die werke van die bose inhou. Wanneer My bruid wakker is en die verkeerde patrone herken, instede daarvan om soos die eerste Eva te wees wat nie die slang se vals intimiteit herken het nie en gebreek sal word deur die woorde van My pen, wat 'n skerp tweesnydende swaard is wat sal deurboor en My opdragte graveer op die bladsye van jou hart en DNA en veroorsaak dat 'n heining van beskerming rondom jou sal wees.

Die deurdringende Woord van lewe sal soos saad wees wat in die grond van jou siel gesaai word en 'n tuin sal skep wat ingeslote sal wees soos die tuin in Hooglied wat ingeslote was en die vyand sal geen manier hê om jou uit te hou nie. Verstaan dit, vals intimiteit dring jou sielsvlak binne, daar waar die verkeerde patrone van die vyand nog nie gebreek is nie. Dit sal veroorsaak dat jy reageer op sondige prikkels en dit sal jou geestelik aan die slaap hou. Jy sal oplettend op en vatbaar vir die verkeerde stemme in jou bloed wees. Dit wat jou roep om te sondig. Indien die verkeerde patrone nie mee gedeel word nie , sal jy daarop reageer. Ek wil hê dat jy

oplettend en vatbaar sal wees vir My stem sodat jou reaksie op My Woord, My Gees en dus My stem 'n luisterende oor en gehoorsame reaksie kan wees. Suiwer en heilige intimiteit met My is waarvoor jy geskape is. Intimiteit is waar die saad wat gesaai is ontkiem en groei tot vrugte van eenheid met My, waar jy een word met My. Intimiteit is die plek van openbaring waar liefde ontmoet en derhalwe is dit verbond genoem. As jy smag na intimiteit, net soos jy geskape is, maar jy deel nie met verkeerde patrone in jou DNA wat in jou lewe manifesteer nie, word intimiteit vals omdat jy intimiteit in plekke vind wat nie My oë is nie. Waar vind jy jou intimiteit, jou troos, jou tevredenheid? Is dit in My of is dit in mense, in werke, in 'n beeld, in gesag? Elke persoon soek troos, sekuriteit, rus vir hulle siele, wat verskillende saad is wat vrugte van intimiteit voortbring, omdat dit die beginsel van intimiteit is " om lewend te word" Wat is lewend in jou lewe wat vals intimiteit met die wereld hou of met jouself in plek hou? Indien die verkeerde saad lewend is sal jou gees sluimerend, aan die slaap, selfs dood wees en jy sal nie intimiteit met My ken nie. Indien jy egter sterf aan die vals dinge waarop jou vlees en siel reageer in 'n poging om om iets te voel, om lewend te VOEL, om gelukkig te Voel, om vreedsaam te Voel, om tevrede te Voel, sal jy in staat wees om ware lewe te besit, maar indien jou reaksie en dus jou keuses in die lewe is om te skik vir vals intimiteit, vir tydelike bevrediging sal jy dood wees vir die ware lewe waarvoor julle geroep is om besitters te wees . Wat kies jy? Vals intimiteit of ware intimiteit?"

Ek wil hierdie brief eindig deur die wyse woorde van 'n man wat sy insig vandag met my gedeel het , wat slegs bevestiging is van die woord hierbo, met julle te deel. " intimiteit verskaf deursigtigheid sonder vrees vir oordeel" Ware intimiteit met Abba sal ons deursigtig maak en die vrug van volwassenheid sal opmerklik wees. Vals intimiteit is nie deursigtig nie; dit is versluierde sonde wat nie die gesig van die suiwer bruid vertoon nie, maar die dubbelhartige prentjie van 'n louwarm Christen wie Yeshua op sy lippe het, maar verborge sonde in sy DNA. Ek weet hierdie is harde woorde, maar dit is die growwe werklikheid. Ons moet wakker word! Ons moet Abba se aangesig soek vir 'n openbaring omtrent vals intimiteit wat werksaam is in ons lewens.

DIE SKADUWEE: 20 April 2015

“Wanneer Ek jou deur die vuur neem, ‘n donker nag van die siel, word jy getoets. Jou siel is ondersoek en jou vrugte ondersoek. So ‘n seisoen het die geneigdheid om jou te laat voel asof jy in die duisternis is. Daardie plek van ‘duisternis’ is dieselfde plek as die woestyn, beide bring die vuur van die onbekende voort. Wanneer jy in ‘n donker plek is kan jy nie die weg uit sien nie. EK neem jou in daardie plek in sodat jou oë kan normaliser, sodat jy kan besef dat ek aan jou sig gegee het , selfs in die nag. Wanneer jy in die woestyn is weet jy nie watter pad na die belofte lei nie. Jy word ge-konfronteer met verskillende keuses. Sal die eie-poging weg my daarheen lei?Sal die weg van goeie werke my daarheen lei? Sal offergawes my daarheen lei? Sal gebed en vas my daarheen lei? Sal my geestelike leier my daarheen lei? Jy vra vrae in daardie donker plek omdat jy in die plek van besluit is. Jy moet besluit watter pad jy gaan neem... Die pad is nie net weg nie, dit is ‘n patroon, ‘n bloudruk van óf My DNA, My Weg óf dit is ‘n patroon van godsdiens wat jou na die belofte lei maar jou weerhou daarvan om daarin te gaan.

EK IS stil in jou siels nag. Nee, EK slaap nie, maar Ek ondersoek jou hart, omdat Ek kyk na wat jy kies wanneer jy nie My teenwoordigheid aanvoel nie, wanneer jy nie My stem hoor nie en

die duisternis in jou opstyg soos die getye. Wat kies jy dan? Na wie toe draai jy ? Wat doen jy?

Weet jy dat jy My reinigende vuur kan verwerp? EK sê altyd vir jou om dit toe te laat, maar baie dink dat hulle nie 'n keuse het oor die vuur wanneer hulle omstandighede in die gesig staar wat hulle in die hitte in neem. So baie kies om daarvan te ontsnap. Jy kies om van die vuur wat reinheid en heiligheid voortbring te ontsnap waanneer jy die gemaklike weg kies, omdat jou siel dink dat dit die deur uit die duisternis, die pad uit die woestyn is. Dit is nie! Om die weg van gemak te neem bring louwarmheid voort, omdat dit jou siel oorstroom met water voordat wat veronderstel was om in die vuur gegooi te word, die regte vorm aangeneem het. Daar is sekere hart kwessies wat die woestyn uit jou uitbring wat in jou siel opstyg. My mense, julle voel die vuur maar dan draai julle na gemak, omdat julle bang is vir julle eie gebrokenheid. Julle dek dit met vleeslike gemak, selfs deur vals genade, want dit is ook 'n vorm van vals genade, en dan groei die vrugte nie tot volwassenheid nie. EK sê dit vir julle... In die tuin van Getsemane was EK in 'n donker nag. Daar was slegs een weg wat na vervulling, van My Abba se wil gelei het. Daardie weg was die Via Dolorosa, die weg van die dood weens gehoorsaamheid. EK het vlees geword, EK was mens op dieselfe wyse soos julle is. EK kon gemak gekies het maar instede daarvan het EK die Wil van Abba gekies en dus die weg wat lei na vervulling. MY vrugte van gehoorsaamheid was gepars omdat EK moes kies. Die vervulling het nie sondermeer plaasgevind omdat ek aan die kruis gehang het nie, omdat EK nie die enigste een was wat gekruisig is nie. Die vervulling het nie plaasgevind weens My dood nie omdat EK GEKIES het om te sterf. MY dood en opstanding was 'n skaduwee van My keuse.

Die duisternis wat jou siel ervaar in die skroeiende woestyn seisoen is nie 'n bose duisternis nie, maar dit is die skaduwee van jou keuses. Wanneer jy gehoorsaamheid verkies bo 'n offer sal jy jouself in die duisternis van My skaduwee bevind, die skaduwee van wat EK gekies het, omdat jy die skaduwee sal word. Hierdie skaduwee is die geheime plek waar jy verborge is omdat jy in die vuur deursigtig geword het. Jy mag na die uiterlike omstandighede kyk en geen lig sien nie, en derhalwe geen visie en begrip oor wat die seisoen inhou hê nie, maar wat EK van jou vra is om stil te wees en te weet. Die

onbekende is ‘n plek waar ek die denke en die wil reinig omdat wat jy wel weet en wat jy verstaan en wat jy het van jou gestroop word, sodat jy MY kan KEN! Wat weet jy? Wat is meer belangrik vir jou... Om jou toekoms te weet, om te weet waar die finansies vandaan gaan kom, om die rekeninge te betaal, om te weet in watter kerk jy moet aanbid, om te weet wanneer die wegraping gaan plaasvind, om te weet wat dit is waarvoor jy geskape is, om te weet waar jy veronderstel is om geplaas te wees om jou roeping te vervul? Of om MY te ken? Wanneer EK jou in die onbekende in neem word jy gestroop van wat jy weet, soms sal dit selfs vir jou voel asof jy nie weet hoe om in My teenwoordigheid te bly nie. Jy weet nie hoe om My stem te hoor nie, maar dit is waar jy sal kom om MY te Ken en die res sal volg. Jy sien, EK wil orde in julle lewens skep. MY begeerte is dat julle My in gees sal ken en nie net bloot in kennis nie, want as ‘n wandel met My bloot kennis is, beteken dit dat die orde van wat jy WEET verkeerd is. Indien jy My eerstens, diepgrondig, intiem ken dan sal Ek My Koninkryk bou op daardie fondament en jy sal wandel in die openbaring en lewe in die geheime skaduwee plek van wie EK IS.

Moenie wegkruip vir My skaduwee nie, Moenie wegvlug van My skaduwee, omdat dit donker mag lyk nie, want dit bring orde en jy begin om My te ken as die lig omdat jy die plek van My orde ontdek dat My skaduwee eintlik die lig in die bose duisternis is. MY kinders, EK het julle lief. EK IS lok julle na die plek van bruids voorbereiding, omdat dit die begeerte van My hart is. Onthou dat die ingang van MY Woord lig verskaf, laat dus My Woord toe om jou siel binne te dring en die onbekende woestyn te verander in ‘n tuin van kennis van jou Geliefde Bruidegom.

Rus in My, My kinders en wees nie bevrees nie want EK IS die groot EK IS en EK IS in beheer van elke besonderheid van julle lewens. Onderwerp julle aan My wil en dans met My in die vuur, want julle is in ‘n tyd waar EK die hitte van vuur sewevoudig sal verhoog.

Onthou dat daar maar min was wat in die vuur ingegaan het. Dit was diegene wie nie voor ander gode gebuig het nie, maar getrou aan My verbond gebly het. Wanneer jy ‘n verbond leefstyl van luister en gehoorsaam kies, bokant die leefstyl van ‘n hoer, sal jy in

die vuur gaan, maar wat sal jy weet in die vuur? Jy sal die hitte van die fisiese vlam, die natuurlike omstandighede ken omdat jou hart nie verbrand sal word nie. EK sal jou in die vuur omring sodat jy jou jouself binne die muur van My beskerming bevind, omdat jy orde gekies het, en om in gehoorsaamheid te lewe. EK sê vir julle, julle sal nie verteer word nie, maar julle sal julle Getroue Woestyn Vader leer ken in die onverterende en derhalwe onbekende vlamme"

Psalm 17: 8

Bewaar my soos 'n oogappel en verberg my in die skaduwee van U vleuels.

Psalm 36:8

Hoe kosbaar is U goedentierenheid, o God! Daarom skuil die mensekinders onder die skaduwee van U vleuels.

Psalm 57:2

Wees my genadig, o God, wees my genadig, want by U het my siel geskuil, en in die skaduwee van U vleuels sal ek skuil tot die onheil verby gegaan het.

Psalm 91:1

Hy wat in die skuilplek van die Allerhoogste sit, sal vernag in die skaduwee van die Almagtige..

DIE NUWE HEKKE: 9 Junie 2015

"Kind LUISTER… EK roep jou gees op aandag sodat jy jou ore kan neig om die woorde van die Koning te aanskou. Kyk, wat sien jy?"

Ek het 'n rukkie gewag terwyl ek my Bybel opgetel het. Ek het dit in my hand gehou en patrone gesien soos DNA stringe wat rondom die Woord was, en daaruit gevloei het. Daar was 'n baie helder lig rondom die Woord. Toe het ek die Gees hoor sê: Jy hou lewe in jou hande. Sien jy dat My Woord lig is en oral waar My Woord ingaan is daar lig? Sien jy dat My Woord die saad van die lewe dra en oral waar daardie saad wortel skiet, lewe in oorvloed groei? EK IS die Lewende Woord, Is jy 'n spieëlbeeld van die lewende Woord?" Weer het ek af gekyk na die Woord in my hande en in die gees het ek gesien dat die patrone wat soos DNA stringe lyk en wat uit die Woord gevloei het die atmosfeer gereinig het. Ek het baie verskillende hekke met verskillende name in die gees gesien. Elke hek het anders gelyk. Daar was 'n ander geur by elke hek ,'n ander vrug, 'n ander klank, en selfs 'n ander kleur. Die kleur verteenwoordig die mantel (bedekking) wat op jou kom wanneer jy die hekke binnegaan om dit in besit te neem. Die Woord het voortgegaan om met my te praat… Sarah Rebekah Esther, Ek wil jou leer aangaande besitname van die hekke, omdat dit vir jou belangrik is om dit te begryp, indien jy die Beloofde Land jou permanente woning wil noem.

"Hoor My waarheid. Om 'n lewe in die Beloofde Land , die land van bestemming te leef, vereis 'n groot geestelike kapasiteit. Jy sal vermoeid raak en jy sal jou identiteit, jou einddoel en jou visie verloor, indien jou kapasiteit dieselfde bly. EK moet plek in My kinders se gees inruim om 'n kapasiteit te hê om in die Beloofde Land te leef en dit huis te noem. Dit is 'n verskillende storie om in die Beloofde Land te woon, as om daarin en weer daaruit te beweeg. Indien jy in en uit beweeg beteken dit dat daar steeds te veel van jóu is, wat nie gewillig is om volledig aan self te sterf nie. As die Beloofde Land egter 'n permanente woning word, beteken dit dat jy op 'n reis na volwassenheid is. Jy weet My kind, baie van My geliefde kinders is op 'n reis van redding, maar weet jy hoe min van My mense op 'n reis na volwassenheid is, wat daaroor gaan om My te ken? Dit is slegs My afgesonderde bruid, want, wanneer jy tot die besef kom dat hierdie reis 'n duur prys kos en dit gehoorsaamheid van jou vereis.

Dit is nie moeilik om in en uit te beweeg nie, want dit beteken dat jou weë in ooreenstemming is met wat vir jou gerieflik is. Wanneer jy My teenwoordigheid begeer gaan jy met vrymoedigheid in, omdat Ek jou toegang verleen het deur die bloed van My Seun. Permanente verblyf in die Beloofde Land gaan egter nie oor wat jý begeer nie, dit gaan nie oor 'n gevoel nie, dit gaan nie daaroor om gelukkig te wees nie. Dit gaan daaroor om My in die vuur te ken, want dit is die enigste ding wat ware volwassenheid voortbring. Lewe in die Beloofde Land is vir die kinders wat volwassenheid bo enigiets anders kies. Die vrugte van volwassenheid kom uit die vuur van suiwering en verandering en daarom is dit die mees soliede fondament waarop jy jouself kan bevind. Die feit is dat as jy na jou siel kyk wanneer jy volwassenheid beoordeel sal jy nie altyd 'n gelukkige siel vind nie, jou siel sal nie 'n vals gelukkigheid wys wat op die dinge van die wêreld gebou is nie. Jy sal 'n siel vind wat nie tevrede gestel word deur die dinge van die wêreld nie. Jy sal 'n siel vind wat geleer het om opsy te staan sodat My Gees kan leef en beweeg en Sy weg baan in jou gees wese. Jou gees sal rustig word met die luste van die vlees, jou siel sal nie verlang waarna dit altyd gesoek het nie. Jou begeertes sal anders wees. Het jy geweet dat verandering 'n vuur is? Verandering is wat plaasvind wanneer iets 'n heel ander manier vind en begin om anders te wees, anders te lyk. Hoe kan daar ooit verandering wees as dit nie soos vuur alles brand wat verander moet word nie? Verandering is wat nodig is indien jy die Beloofde Land wil besit. Verandering is wat plaasvind wanneer jy deur die hekke gaan. Hierdie hekke wat EK IS jou wys is ingange, 'n deurgang na iets. Vir elkeen van My beloftes, bestemmings en weë is daar 'n hek. Hierdie hekke is die onderskeiding tussen die buitekant en binnekant. Maar wat is een van die geestelike beginsels agter die hekke? Dit is verandering, omdat die hek die plek is wat die woning bepaal. Die hekke is verbind met die stede. Dit wil sê as jy by die hek ingaan beteken dit dat jy in die stad woon. Indien jy die hek van heiligheid besit beteken dit dat jy in heiligheid woon. My mense woon nie in My volkome doelplan nie, omdat hulle nie weet hoe om die hekke te besit nie. Leer My kinders!

Ek wil vandag met jou praat oor verandering, want dit is noodsaaklik as jy deur die hekke wil gaan. Indien jy My hekke wil besit sal daar altyd iets in jou lewe wees wat verander moet word. Die hekke van

die gees en die hekke van die siel is in gelid met mekaar, dus, as daar oop hekke in jou siel is, is daar toe hekke in jou gees. In hierdie reis van, om met My te woon, moet jy begrip verkry oor hoe hierdie hekke werk, sodat jy in vryheid kan wandel, want as daar versperrings in die hekke is sal dit jou weerhou van wat ek beplan. Verandering en belydenis loop hand aan hand, jy kan nooit die een van die ander skei nie. Verskillende seisoene is een van die dinge wat verandering in jou lewe bring. Soos Ek jou deur die verskillende seisoene neem sal die verandering van seisoen vir jou 'n ander uitsig op jou siel gee, sodat daar belydenis kan wees, want daar kan geen volwassenheid wees sonder belydenis nie. Laat My Gees toe om jou deur My tye en seisoene te neem, sodat jy kan begin om jouself te ken vanuit die perspektief van My lig en waarheid. Onthou dat waarheid 'n werklikheid is, dit is 'n leuen wat die lig van waarheid verdonker. Leuens sal jou hekke blokkeer, maar die toelating van My Woord sal lig bring en derhalwe sal daardie waarheid jou vry maak. Jy sal nie net daartoe kom om die ware toestand van dinge te ken deur My oë, My waarheidliewende perspektief nie, maar jy sal daartoe kom om My te ken in gees en in waarheid sodat jy My in gees en in waarheid kan aanbid. Die hekke in jou lewe moet ondersoek word omdat daar blokasies is wat jou buite My wil en My weë hou."

Soos ek na die woorde van Wysheid geluister het, het ek in die gees 'n spesifieke hek gesien en die woorde gehoor: "Nuwe hek." Abba het voortgegaan om te praat… "Ek kan slegs 'n nuwe hek in jou lewe open indien jy My gehoorsaam in die vuur van verandering. Hierdie nuwe hek is vol belofte, jy sal nie altyd weet wat binne die nuwe hek is nie, omdat Ek dit somtyds van jou weerhou om te toets waarom jy by hierdie hek wil ingaan. Want as dit vir die belofte is sou Ek eerder wou hê dat jy nie die volheid daarvan sien nie, sodat dit oor My bly! EK IS jaloers op jou.Daar is niks nuuts vir My nie, maar jy is in 'n dimensie waar jy ver daarvan is om alles te weet, daarom is nuut 'n deel van jou daaglikse lewe. Jy ondervind daagliks nuwe dinge soos jy volwassenheid bereik. In die gees is hierdie beginsel dieselfde, Ek wil jou na nuwe geestelike dimensies van om My te ken neem, maar dit kan net gebeur as jy die vuur van verandering toelaat sodat jy volwasse kan raak om in reinheid en in My orde die 'nuwe' te besit. Nuwe dinge dwing jou dikwels van koers af en het tot gevolg dat jy

fokus en jou eerste liefde visie verloor omdat jou siel hekke blokkeer is en derhalwe verbrand jou vrugte van volwassenheid in die vuur instede daarvan dat dit vrugte voortbring. Indien daar 'n gebrek aan orde is sal die goeie ook uitbrand in die vuur van verandering en die vuur sal die dinge in jou siel en lewe wat buite orde is ook verhit.

Hoe lyk die nuwe hek? Weet jy dat daar 'n konstante vloei van nuwe dinge is wat ek in jou lewe wil bring, want Ek wil jou seën? Die vraag is, is jy in staat om die vuur wat dit vooruitgaan te hanteer? My kinders, julle vertrou My vir baie dinge, maar Ek kan dit nie vervul as die vuur van verandering nie vrugte van volwassenheid in jou lewe voortbring nie, maar instede daarvan dit uitbrand. Hoe kan die vuur van verandering vrugte van volwassenheid uitbrand? Dit My kinders, vind plaas wanneer daar 'n gebrek aan gehoorsaamheid in jou lewe is. Die gebrek aan gehoorsaamheid kom van geblokkeerde hekke wat veronderstel is om oop te wees. Dit keer die vloei van lewe, maar jou siel sal bietjie vir bietjie sterf. Die uitwerking is dieselfde as wat in die tuin gebeur het. Daar is 'n ander beginsel wat hande vat met verandering eerder as belydenis en dit is 'n keuse. Jou keuse sal verandering bring wat sal veroorsaak dat My hekke van seën sal oopgaan in jou lewe, wat beteken dat jy in My bestemming woon of jou keuses sal die geestelike hekke sluit en jou herskik tot 'n staat van geestelike slaapsug en dood. Wat kies jy? Watter vrug bring die verandering van seisoen voort in jou lewe? Ek wil die nuwe hek in jou lewe open en dit beteken dat Ek jou dieper in jou wandel met My wil in neem, maar Ek moet jou toets. Ek moet sien hoe groot jou kapasiteit is om die nuwe te hanteer en Ek moet sien wat jy binne in die vuur doen. Daarom sal jy sien dat My bruid in hierdie seisoen in die vuur is, omdat daar veranderings in die seisoen is. Die veranderings word groter en meer intensief, dus as jy nie toetsing in die vuur toelaat sodat Ek jou hart kan ken nie, sal jy nie in staat wees om die nuwe te hanteer nie, omdat dinge sal verander en as jou kapasiteit beperk bly sal jy nie weet hoe om in die stad te woon nie, want jy ken My nie in daarin nie. Julle is almal op 'n reis om My dieper en dieper en meer innig te leer ken. Onthou dat Ek jou deur verskillende seisoene neem sodat jy kan kyk en van verskillende hoeke kan sien, om begrip en wysheid te bekom. Jy kan nooit na My Koninkryk kyk van een kant alleen nie, want EK IS 'n God van

baie lae. Indien dit nie so was nie, sou Ek nie in staat wees om jou daar waar jy is, te ontmoet nie. Julle is almal op verskillende lae, maar as julle in die regte verhouding met My Gees is sal daar altyd harmonie en ooreenkoms wees, want, alhoewel daar verskillende lae is, is elke laag 'n laag van waarheid dit is slegs 'n dieper dimensie daarvan. Mense wat op verskillende lae is verskil omdat hulle van verskillende perspektiewe kyk weens die gebroke siel. Jou siel mag verskillende perspektiewe hê, maar geestesoë was geskape om van My waarheidliewende perspektief alleen te kyk en derhalwe as daar nie geestelike harmonie is nie beteken dit dat jy nie deur die geestes oog kyk nie. Jy kan slegs na dinge vanuit My perspektief kyk en sien wat Ek sien in verskillende situasies as jy tyd met My deurbring en My opsoek aangaande spesifieke sake sodat jy My kan ken! Daar is baie geheimenisse wat Ek sal openbaar aan diegene wat My soek. EK IS vra julle dit My kinders, moenie ophou om My te soek nie, maak nie saak of julle nie verstaan en julleself in duisternis bevind nie. Maak nie saak of julle alleen voel in julle geveg nie, maak nie saak of julle nie die pad uit ken nie, want Ek ken dit. Plaas net jou hand in Myne en wandel met My, Ek sal jou altyd help. As jy nie weet nie, vra dan vir My, want Ek sal jou altyd antwoord, maar nie altyd op die wyse wat jy verwag nie, maar dit is vir jou beswil, omdat EK IS jou oplei om te hoor en te luister sodat jy by die plek van gehoorsaamheid kan kom. EK HET JULLE LIEF My liewe kinders. Hou vas en hardloop die wedren van geloof tot die einde, want EK IS kom! Moenie mismoedig raak en moenie ontsteld wees nie, want EK IS met jou en Ek gaan voor jou uit om 'n plek vir jou voor te berei. Hou aan wandel met My. Hou aan om na My te luister, omdat EK IS My weermag van aanbidders wat My Naam ken voorberei."

NOTA DEUR DIE SKRYWER

Jy word aangemoedig om afskrifte van hierdie dokument op enige wyse te versprei, hetsy elektronies of in gedrukte vorm.
Hierdie joernaal is nie gedruk om versprei te word vir finansiële gewin nie maar uitsluitlik met die doel om meer mense te bereik deur hierdie spesifieke medium en verseker nie om fondse in te samel deur die gebruik van hierdie profetiese woorde van YHVH nie. Die prys van hierdie joernaal is vasgestel om slegs die drukkoste te dek en die tantieme wat die skrywer toeval is bykans zero.(Daar mag 'n paar sent per joernaal surplus wees weens wisselende drukkoste en dit sal aangewend word om joernale aan te koop vir gratis verspreiding.) Hierdie boodskappe is so belangrik en dringend ons wil verseker nie dat die prys van die joernaal 'n struikelblok sal wees vir mense om hierdie boodskappe te ontvang nie.

www.jubileeawakeningblast.com

BOEKE BESKIKBAAR:



Jubilee

– sounding of the awakening blast of the horn: 'n Boodskap uit die hart van die Bruidegom om Sy Bruid te ontwaak en voor te berei vir Sy terugkeer.
Ook beskikbaar in Engels.



Shama -- 'n Daaglikse wandel van luister en gehoorsaamheid:

'n Daaglikse wandel van luister en gehoorsaamheid: 'n daaglikse oordenking wat boodskappe vanaf die hart van die Bruidegom bevat oor hoe ons moet voorberei as die Messias se bruid deur met Hom te wandel. Dit bevat praktiese stappe wat ons kan volg in ons daaglikse lewe om voor te berei nadat ons die geluid van die ontwakings - blaas van die ramshoring gehoor het. Beskikbaar in Engels en Afrikaans

Priesterlike Bruid

Hierdie boek gaan oor die reis om 'n Priesterlike bruid te word en dit dien as'n praktiese handleiding om jou te help om te wandel in die priesterskap van ons Messias. Hy is ons Bruidegom en daarom is die begeerte van Sy hart 'n priesterlike bruid.
Beskikbaar in Engels en Afrikaans.